Meidenaaier, 19. Presumed Innocent, B3


# Vrye Weekblad

19 Oktober 1990
Prys: R1,50 (R1,33 + 17c AVB)


## BALLINGSKAP: die einde in sig?

### Die skok van 'n vreemde SA




### Chris Hani praat

### Die PAC oor grond

### Pieter-Dirk pak nou swart leiers

# Sanksies kan nou waai

DIE pad na ware grondwetlike onderhandelings lê nou heeltemal oop en die regering voldoen ook nou feitlik aan al die voorwaardes wat nodig is vir die opheffing van internasionale sanksies. Dit is die betekenis van die aankondiging gister deur die Staatspresident, FW de Klerk gister dat die noodtoestand wat op 8 Junie vanjaar in Natal ingestel is, onmiddellik opgehef word.

Met dié besluit is die laaste oorblyfsels van die landwye noodtoestand, wat in verskeie vorme sedert Junie 1985 geheers het, nou iets van die verlede. Die regering voldoen dus nou aan al die formele voorwaardes vir grondwetlike onderhandelings wat deur die ANC neergelê is.

De Klerk het gesê dat daar na wye raadpleging met veiligheidsraadgewers van die regering en dr Mangosuthu Buthulezi, hoofminister van KwaZulu, breë konsensus bestaan dat die omstandighede in Natal sodanig gestabiliseer is en dat vrede met die gewone landswette gehandhaaf kan word.

Oor die implikasies van die stap sê hy: "Ek dink die meeste van die struikelblokke tot onderhandelinge is nou verwyder en daar is geen ernstige struikelblokke meer in die pad nie."

De Klerk sê dat die gesamentlike ANC-regering-werksgroep besig is om klein haakplekke wat die afgelope tyd opgeduik het oor die kwessie van die vrylating van politieke gevangenes en die terugkeer van uitgewekenes uit te stryk.

Hy het ook aangekondig dat die SAKP-leier, Mac Maharaj, en ANC-lede wat in terme van artikel 29 van die veiligheidswetgewing aangehou word, binnekort in 'n ope hof aangekla sal word. Daarmee word nog 'n twispunt tussen die regering en ANC uit die weg geruim.

Dat die regering egter geen onnodige kanse met die veiligheidsituasie wil waag nie, blyk uit die verklaring van Adriaan Vlok, die minister van Wet en Orde, dat die veiligheidsmagte beslis nie verminder sal word nie.

Die De Klerk-aankondiging sal sy reeds hoë, bykans onaantasbare internasionale aansien, nog verder versterk op die vooraand van sy besoek aan Nederland volgende week. Nederland is die voorste land in die internasionale sankie-veldtog.

Die oorblywende vereistes vir die opheffing van sanksies is die opheffing van apartheid, maar daar is slegs twee belangrike wette oor - die groepsgebiede- en rasseklassifikasiewette.

Die regering het egter reeds beloof dat wetgewing om eersgenoemde af te skaf vroeg aanstaande jaar by die parlement ingedien sal word. Daar word ook verwag dat De Klerk voor of aan die begin van die sitting sy voorneme sal aankondig om die rasseklassifikasiewette so spoedig moontlik in af te skaf.

Die jongste De Klerk-inisiatief sal verdere druk plaas op die ANC om iets daadwerkliks te doen om sy beeld van 'n verstarde party wat nie bybly by die skuiwe van die regering, te verander.

Daar is 'n groeiende persepsie, internasionaal veral, dat die ANC onnodig onbuigsaam is, sy voete sleep, die vredesproses vertraag en sake vir De Klerk met die regses bemoeilik.

- HENNIE SERFONTEIN

# Sinistere magte broei weer

LEDE van die Menseregte-kommissie is die afgelope week weer deur "sinistere magte" lastig geval toe daar 'n sluipmoordaanval op twee ampsdraers van die organisasie gemaak is.

Volgens die Menseregte-kommissie het Job Sithole, 'n kommissaris van Alexandra, verlede Vrydag 'n noue ontkoming gehad toe daar op hom geskiet is. Mense in die township sê mense het oor sy bewegings uitgevra. Hulle wou onder meer weet waar sy bed in sy slaapkamer staan.

Sithole is in 1987 ingevolge die noodtoestand aangehou en in Maart 1989 vrygelaat. Hy het aan die eetstaking van 1989, wat daartoe gelei het dat honderde aangehoudenes vrygelaat is, deelgeneem. Hy is ook een van die vier aangehoudenes wat uit die tronk ontsnap het en in die Duitse ambassade gaan skuil het. Hy is aktief in studente- en jeugorganisasies.

Joyce Mabudafhasi, 'n aktivis van Noord-Transvaal, sê dat mense op 9 Oktober oor haar bewegings rondgevra het. Op 11 Oktober is voetspore buite haar slaapkamer gevind, en op 13 Oktober het onbekende mans weer na haar gesoek. Dit het haar ontstel, want drie jaar gelede het sy naelskraap aan die dood ontkom toe daar 'n petrolbomaanval op haar huis was. Sy is vanaf Oktober 1986 tot Januarie 1989 en weer vanaf Augustus tot September 1989 aangehou. In beide gevalle is sy met haar vrylating ingeperk.

Volgens die Mensergte-komissie is sy 'n teiken omdat sy menseregte-skendings in die platteland moni-tor. - Sapa

# Groot herstel van bande met Nederland kom gou

DIE verwagte grootskaalse herstel van kulturele bande met Nederland sal verreikende gevolge vir die posisie van Afrikaans hê, sê Pik Botha, minister van Buitelandse Sake. Dit sal onder meer 'n belangrike bydrae lewer tot die verstewiging van die posisie van Afrikaans.

Botha het aan die vooraand van pres FW de Klerk se besoek aan Nederland met geesdrif gesê: "Met die afskaffing van apartheid en die skepping van 'n nuwe Suid-Afrika, word nie alleen die Afrikaner nie, maar ook die Afrikaanse taal bevry en sy toekoms verseker.

En hy het erken: "Tot nou toe is daar baie swartmense en Kleurlinge wat weier om Afrikaans te praat, al praat hulle die taal goed of is dit hulle huistaal. Hulle wou nie die taal van die onderdrukker, soos hulle dit stel, praat nie.

"Noudat apartheid wegval, kan hulle sonder enige probleme vryelik Afrikaans praat. Daarom kan ons tereg sê dat die Afrikaanse taal ook bevry word."

Botha benadruk dat met die oopgaan van internasionale grense, die Afrikaanse taal weer deel kan word van 'n groter gemeenskap van Dietse tale. "In Suid-Afrika is daar minstens 6 tot 7 miljoen mense van alle rassegroepe wat Afrikaans vlot praat.

"Maar voeg dan by ons verbintenis met ons stamtaal Nederlands. In Nederland is daar 13 miljoen en in België nog 'n 6 miljoen Vlaminge.

"Met die nuwe deure wat nou vir Suid-Afrika oopgaan, beteken dit dat ons nou weer deel kan vorm van 'n wyere taalverband van ten minste 25 miljoen mense. Dit is 'n baie belangrike faset van die nuwe groeiende internasionale aanvaarding van Suid-Afrika."

Botha verduidelik dat "daar deur die bevryding van die Afrikaanse taal, juis ook groter sekerheid oor sy toekoms gekom het."

Hy wys daarop dat met 'n benadering soos dié van 'n Andries Treurnicht en die regses, die Afrikaanse taal in die verlede in 'n afsonderlike blanke kompartement afgesonder is. "Ons is daardeur geestelik verarm en al hoe minder mense wou daarmee iets te doen hê.

"Dit moes al moeiliker geword het vir baie van ons digters soos Breytenbach en andere om te skryf in 'n taal wat deur ander Suid-Afrikaners as die taal van die onderdrukker gesien is.

"Maar deur die huidige veranderingsproses is Afrikaans bevry deurdat hy vanuit die beperkte blanke apartheidskompartement kon wegkom.

"Die nuwe komende kontak met ons taalgenote in Nederland en België maak 'n proses van oor en weer kulturele kruisbestuiwing moontlik. Die nuwe oopgaan van kulturele deure gee ons digters en kunstenaars dus 'n wonderlike geleentheid om hulle en ons taal daardeur te verryk."

- HENNIE SERFONTEIN

# Mej Ouderling

'n DEBAT wat reeds twintig jaar in algemene sinodes van die NGK gevoer word, is gister beëindig toe besluit is dat vroue voortaan tot die ampte van predikant toegelaat kan word. Vrouens kan die afgelope agt jaar reeds as diakens dien.

Omgeag verskeie argumente teen die toelating van vrouens wat 'n draai gaan gooi het by Eva wat in die sondeval verantwoordelik was vir die val van die man, tot die man se gesagposisie wat in die kerk aangetas sal word, het 242 mans teen 137 besluit dat vanjaar se algemene sinode die laaste eksklusiewe manlike sinode sal wees.

Dr Jannie "backward masking" Malan het gewaarsku teen feminisme wat deel is van die Nuwe Era-beweging.

- INA VAN DER LINDE

# Dis vir liberales, sê Beyers oor sy rewolwer

ERNSTIGE kommer bestaan oor die veiligheid van kabinetsministers wat funksies in buitelandse ambassades bywoon waarheen ver-regse ook uitgenooi is - noudat dit blyk dat nóg die polisie, nóg die ambassade hul veiligheid kan waarborg.

Die kommer het ontstaan nadat 'n prominente in ver-regse kring en gewese burgemeester van Boksburg, Beyers de Klerk, na bewering sy rewolwer uitgehaal en onlangs op 'n joernalis by 'n funksie van die Taiwanese ambassade gerig het.

De Klerk het glo, volgens minstens drie getuies, sy rewolwer op die politieke redakteur van die Financial Mail, Eddie Botha, gerig en 'n ander vrou met geweld gedreig. Hy het gesê die rewolwer is vir "liberales" bedoel.

Die minister van Staatkundige Ontwikkeling, dr Gerrit Viljoen, die minister vir Administrasie en Privatisering, dr Wim de Villiers, en sowat 40 hooggeplaasde polisie- en weermagoffisiere het die funksie in Pretoria bygewoon toe die beweerde voorval plaasgevind het.

Nog 'n prominente ver-regse en onder-burgemeester van Boksburg, TJ Ferreira, wat vroeër vanjaar deur die polisie aangehou is weens 'n beweerde komplot om "linkses" te vermoor, was ook onder die gaste. Die voorval is aan hom gerapporteer.

Die polisie het vandeesweek gesê dat hy geen kennis dra van die voorval nie, dat dit nie aan die polisie gerapporteer is nie en dat die keuse van optrede by die betrokke ambassadeur berus omdat die voorval in sy ambassade plaasgevind het.

Ambassades beskik oor diplomatieke immuniteit en volgens die internasionale reg het die owerhede van die gasheerland geen beheer of gesag oor die ambassade-gebied nie.

Die direkteur van openbare betrekkinge van die polisie, genl-maj Herman Stadler, sê geen verklarings word uitgereik oor die wyse of stappe wat geneem word om die veiligheid van hooggeplaastes te verseker nie.

De Klerk het vandeesweek in 'n onderhoud met Radio 702 ontken dat hy sy pistool op Botha gerig het, maar bevestig dat hy wel sy rewolwer by hom gehad het. Hy het laat blyk dat hy 'n ou vriend van die Taiwanese is. Die Taiwanese ambassade het reeds vir Botha om verskoning gevra vir die voorval.

De Klerk het gesê dat hy al baie kere in sy private hoedanigheid na die Taiwanese ambassade uitgenooi is en homself nog altyd gedra het. Hy sê hy het nooit sy rewolwer uitgetrek nie, maar dat hy wel altyd een by hom dra.

Hy het gesê dat hy en die Joodse man wat hy na bewering beledig het, kort na die voorval 'n heildronk saam met die Taiwanese ambassadeur gedrink het. Hy sê die vooval was net "goedkoop publisiteit".

"Ek en die Chinese mense kom 'n lang pad saam. Hulle waardeer my omdat ek hulle waardeer. Ek waardeer hulle kultuur, hulle waardeer my kultuur. Ek eer hulle en hulle eer my," het De Klerk gesê.

De Klerk het gesê hoewel die regses soms "stoute seuns" is, word hulle onnodiglik geviktimiseer. "Ons is mense met veggees. Ons is die afstammelinge van die Boerevolk, wat nie opgeskeep gesit het met die nonsens in die Kaap nie.


"Natuurlik het ek nie 'n rewolwer uitgepluk nie. Dink jy ek is mal? Ek dra wel altyd een. Wat wel gebeur het, is dat goed rondgewaai is, my baadjie het oopgewaai en hulle het gevra: en wat is daai? Ek het gesê dit is vir liberales."

Botha sê daar is benewens homself, twee ander mense wat die voorval gesien en daaroor kan getuig. Hy het nie die voorval by die polisie gerapporteer nie omdat hy nie in 'n insident betrokke wil raak nie.

- JACQUES PAUW

# 'Ons soek 'n weermag wat die demokrasie beskerm'

**Umkhonto We Sizwe Hoof van Staf, Chris Hani, is een van die mees omstrede figure in die ontvouende proses van verandering in Suid-Afrika. In 'n eksklusiewe onderhoud dié week met DAVID GREYBE van Sapa, het Hani openlik gepraat oor verskeie sake rakende die proses van verandering in Suid-Afrika**



Chris Hani (Cedric Nunn - Afrapix)

**WAT dink jy moet die toekomstige rol van Umkhonto We Sizwe (MK) en die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) wees?**
My siening, en dit van die ANC, is dat 'n demokratiese Suid-Afrikaanse regering verkies deur ons mense 'n nuwe weermag moet vorm. Die weermag kan sekerlik nie die SAW wees nie. Die kommandante van die SAW, insluitende die minister van Verdediging, Magnus Malan, druk vir 'n situasie waarin die nuwe regering die SAW net soos dit is as die land se nuwe weermag aanvaar.

Dit is natuurlik onmoontlik. Die SAW is in die geskiedenis gebruik om apartheid in stand te hou. Ons het 'n weermag nodig wat demokratiese norme in die land sal verdedig.

Ja, MK is 'n weermag van die ANC en is dus op 'n manier ook partydig op dieselfde manier as die SAW. Ons aanvaar die posisie dat die nuwe weermag die beste van MK en die SAW moet bevat. Ons skryf nie die SAW of enige ander weermagte wat reeds hier is, af nie.

Maar dit moet duidelik gestel word dat die nuwe weermag nie deur enige politieke groep gebruik moet word om 'n politieke party se mag in te grawe nie. Die weermag moet onpartydig en onpolities wees, want wanneer ons sê dat ons in 'n veelparty-regering glo, beteken dit dat die weermag nie 'n probleem moet hê om enige party wat verkies word, te dien nie. MK het 'n belangrike rol gespeel in die vryheidstryd. Dit het demokrasie en nie-rassigheid onderhou, en ten spyte daarvan dat dit deur Malan afgekraak word, glo ons dit moet deel wees van die vormingsproses van 'n nuwe weermag.

**In watter stadium, en hoe voorsien jy die vorming van die nuwe weermag?**
Wel, ek sien dat MK en die SAW 'n nuwe weermag vorm nadat 'n nuwe regering verkies is. Ek sou egter graag 'n situasie tans wou hê waar ons in MK en die SAW reeds begin het om die sake te bespreek, veral nou dat die ANC die gewapende stryd opgehef het.

Ons moet sit en die parameters van die proses beplan, want ons glo dat ons net voordeel daaruit kan trek deur met mekaar te praat, selfs in dié stadium.

Dit help nie vir mense soos Malan om 'n Chinese muur te bou om die proses van dialoog te verhoed nie. Ons is hier, albei van ons, die SAW en MK, en ons moet regtig met mekaar praat.

**Hoe sien jy die proses van formasie van 'n nuwe weermag?**
Ek glo dat wanneer 'n nuwe regering verkies is, 'n parlementêre kommissie onmiddellik aangestel moet word om riglyne vir 'n nuwe weermag te bespreek. Deskundiges van al die weermagte van Suid-Afrika, insluitende die bantustans, moet daaraan deelneem.

**Wie gaan in beheer wees van verdediging en sekuriteit gedurende die proses - voor ons eintlik die stadium bereik waar daar 'n nuwe regering is.**
Ek dink dit sal afhang van die grondwetgewende proses gedurende die tydperk van oorgang. As daar byvoorbeeld 'n tussentydse regering is, dan moet dit verdediging en sekuriteit oorneem.

En as dit besluit om die SAW gedurende die proses die weermag te maak, dan sou die SAW daarvan wegbeweeg om onder die beheer van die huidige regering te wees en aan die tussentydse regering verantwoordelik wees.

Die tussentydse regering kon ook sê dat MK-lede na die land kan terugkeer en die wat ondergronds is, kan maar uitkom. Beide die SAW en MK sal dan tot hulle basisse beperk wees, want ons sou 'n situasie bereik het waar ons vir 'n grondwetgewende vergadering voorberei.

Gedurende dié tydperk sou albei weermagte aanhou met hulle eie prosesse van opleiding en administrasie. Daar sou geen behoefte aan 'n weermag wees nie want wet en orde sal deur die polisie gehandhaaf word.

**Frederik Van Zyl Slabbert, uitvoerende direkteur van Idasa, het voorgestel dat 'n Suid-Afrikaanse ekwivalent van Untag gestig moet word. So 'n onpartydige veiligheidsmag sou elemente van al die weermagte en polisiemagte in Suid-Afrika insluit, asook die tuislande, om 'n gladde oorgang tot 'n grondwet te verseker. Wat dink jy van dié voorstel?**
Ek dink nie die idee moet sommer van die hand gewys word nie. Dit is nuwe en vars denke in die huidige situasie. Die idee is nog nie voor die ANC-leierskap geplaas nie, maar wanneer dit gebeur, dink ek daar moet indringend daarna gekyk word. Ek dink die idee moet ook voor die NP-regering geplaas word want mense begin nou die hele probleem van die oorgangsproses duideliker sien en township-inwoners is duidelik ongelukkig met die gedrag van die huidige veiligheidsmagte.

**Jy het onlangs groot media-aandag geniet, baie daarvan negatief. Wat dink jy van die toestand van die media in Suid-Afrika?**
Ek weet nie hoeveel name ek al genoem is nie. Die meeste van die aanvalle was simpel en beledigend. Tog meen ek ons moet nie op 'n emosionele manier reageer nie.

Ons word egter nie 'n ordentlike kans gegun om op aanvalle te reageer nie, en het nie 'n eie dagkoerant nie. Ek glo die ANC moet 'n strategie uitwerk sodat ons stemme gehoor kan word, maar ek weet nie hoe nie.

In die toekoms het ons 'n pers nodig wat simpatiek is teenoor die sosiale onderdrukking en leiding van mense. Die pers skryf nie oor die toestande waarin ons mense lewe nie, maar staan bladsye af aan eiendom en besighede. Partykeer vra ek myself af hoeveel van die redakteurs was al ooit in 'n gewone modderhut gewees, of in 'n krot in Thokoza.

Ek dink in der waarheid dat die pers 'n kultuur van valsheid en misleiding geskep het, en die misdade van die apartheid-stelsel toegesmeer maak het. En die misdade is eintlik die misdade van kapitalisme. Ons argumenteer nie dat rykdom nie gegenereer moet word nie, maar rykdom vir wie?

**Wat dink jy van sensuur?**
Ek is daarteen. Ek wil die reg van die media om krities teenoor die ANC en 'n tokeomstige regering te wees verdedig. Selfs om krities oor my te wees. Maar baie min koerante het al die ordentlikheid gehad om hulle inligting by my te kom bevestig voordat hulle dit publiseer.

Ons moet 'n gebalanseerde benadering teenoor die pers hê in 'n toekomstige Suid-Afrika - ons moet 'n pers hê wat ook die regte sal verdedig van dié sonder geld en hulpbronne, werkers in fabrieke, mense in die platteland, studente en alle ander klasse van oor die hele sosiale spektrum heen.

Ek wil nie 'n situasie hê waar dié wat die rykdom van die land beheer, die monopolie daarop moet hê om hulle idees van sosiale verandering in ons kele af te druk nie. Ons moet ander perspektiewe hê, en dit behoort nie af te hang van wie die miljoene besit nie - wie kan investeer en koerante koop en publiseer.

Ek dink 'n demokratiese regering moet tussen beide tree om seker te maak dat ons 'n demokratiese pers het, want die huidige pers bevorder nie die saak van demokrasie nie, dit betaal net lippediens aan demokrasie - die demokrasie van die wat baie geld het.

**Op watter praktiese manier dink jy kan die media gedemokratiseer word?**
'n Toekomstige Suid-Afrikaanse regering moet wetgewing instel teen die beheer van die pers deur monopolieë - dit moet dink aan 'n trust wat ook die ontwikkeling en groei van 'n pers met demokratiese neigings sal aanwakker.

Selfs dan, al is die regering verantwoordelik vir die inisiasie-proses, is ek teen die beheer van die pers deur 'n regering. Dit moet in die hande wees van mans en vroue van integriteit, wat die demokrasie ondersteun en heeltemal daartoe verbind is.

**Hoe het die ANC en SAKP oor die weg sedert hulle wettiging op 2 Februarie? Is daar probleme?**
Dit is ongelooflik hoe die ANC, 30 jaar gelede verban, en die SAKP, nog langer verban, so baie gewildheid vandag geniet. In agt maande het ons 12 ANC-streke landwyd gevorm, wat demokratiese verkiesings vir streeksleiers gehou het. Ek dink dit is 'n groot prestasie vir agt maande.

Daar is geen ander party - die Nasionale Party, Inkatha en ander inkluis - wie se saamtrekke so baie mense lok nie. Maar ek weet daar is nog groeipyne - ons moet meer werk doen, ons moet werwing doen, en ons is besig om ons swakhede te ontdek. Ons het reeds baie ondervinding opgedoen, en ek is gelukkig met die manier waarop ons die saak aanpak.

**Wat is jou persoonlike verhouding met Nelson Mandela?**
My verhouding met Madiba is baie warm. Hy is 'n leier wat ek bewonder vir sy toewyding aan die stryd en sy diep verantwoordelikheidsin. Ek probeer sy voorbeeld volg. Hy is 'n legende en 'n held van die stryd, net 'n mal mens sal homself met Madiba vergelyk.

**Hoe sien jy die toekoms in Suid-Afrika?**
Ek is optimisties, maar terselfdertyd aanvaar ek dat daar nog baie struikelblokke is om te oorkom. So baie neo-fascistiese tradisies is in ons land ingegrawe. Ongelukkig vir die land, het die regering deur die jare, terwyl hulle ons mense onderdruk het, ook uit sy pad gegaan om duisende wit kollegas te indoktrineer, en te bewapen ook.

Ek dink die potensiële gevaar van wat ons 'n Derde Mag noem, is daar - ons moet hard werk om 'n situasie te voorkom waarin dié waansinnige element die wordingsproses van 'n demokratiese Suid-Afrika in gevaar kan stel. Daar is baie werk om te doen - ek dink ons moet aanvaar dat die proses nie maklik gaan wees nie.

Alle Suid-Afrikaners moet hulself voorberei vir 'n situasie waarin daar gewaak sal moet word dat die vyande van demokrasie die oorhand kry, en ons moet die mite dat die vyande van demokrasie in die ANC is, die nek inslaan.

Hulle is gewis nie in die ANC nie. Hulle is in die NP, die KP en die ver-regse groepe.



# Menseregte vir almal

**PEARLIE JOUBERT het die Konserwatiewe Party se kongres aan die Suidkus van Natal bygewoon en dit het haar soms aan die UDF se versetveldtog herinner**

# KP praat met swartmense in kombuise oor die ANC



Andries Treurnicht in Durban se stadsaal - 'Dit is ons land en hier sal ons woon en oorleef' (Foto: Peter Auf Der Heyde - Afrapix)

MET toe oë sou dit moontlik wees om soms te dink dat die Konserwatiewe Party se algemene kongres die beplanning van die UDF se versetveldtog was.

Die ooms en tannies (die meeste tannies was net daar ter ondersteuning van hul mans) wat die KP se vierjaarlikse kongres by Natalia, 'n "SlegsBlankes"-vakansieoord by Illovo-strand aan die Suidkus van Natal bygewoon het, het verskillende strategieë van burgerlike ongehoorsaamheid en lydelike verset bespreek om die regering te dwing om 'n algemene verkiesing uit te skryf.

Intussen het 'n KP-LP ook gebid dat "die KP-vyande verdwyn van die aarde af" en is "God Drie-enig" herhaaldelik gevra "om die verrigtinge te seën". Die hoofleier van die KP, Andries Treurnicht, het selfs tydens sy openbare vergadering in die Durbanse stadsaal gesê dat witmense "nie bang hoef te wees nie, omdat God in beheer is en dit vir God moontlik is om die leiers van 'n nasie te verander".

As deel van die "KP-versetveldtog" is die weiering om televisie-lisensie te betaal, ministers te verhoed om NP-vergaderings toe te spreek sowel as die weiering om belastings te betaal, bespreek.

Die onderleier van die KP, dr Ferdie Hartzenberg, het voorgestel dat "KP's dit ernstig oorweeg om te weier om belastings te betaal", maar dit eerder in 'n fonds moet inbetaal totdat die regering 'n algemene verkiesing uitgeskryf het.

Oor moontlik dade van geweld van KP's het Treurnicht gesê dat geweld teen die regering se hervormingsinisiatiewe "in uiterste gevalle" nie uitgesluit kan word nie. Hy wou "om taktiese redes" egter nie meer sê oor hoe die KP die regering sal probeer keer nie.

Oor onderhandelinge het Treurnicht gesê dat die KP bereid is om met leiers van "ander gemeenskappe met betrekking tot die grense van blanke Suid-Afrika" te onderhandel.

Tydens sy openbare vergadering het hy egter gesê dat dit "ondenkbaar" is dat blankes onterf kan word van hul grond.

"Indien dit gebeur, sal ons dié hervorminge van De Klerk onderstebo gooi."

Hartzenberg het voorgestel dat die KP 'n "anti-kommunistiese alliansie" met swart leiers, "wat teen die ANC gekant is", aangaan.

Tydens die kongres en ook op Treurnicht se openbare vergadering, is daar na Inkatha verwys as 'n organisasie wat ook teen die ANC gekant is en wat 'n "bondgenoot" van die KP kan wees.

Die KP-LV vir Soutpansberg, Tom Langley, het gesê swartmense is "ware nasionaliste, die Kleurlinge en Indiërs is lief vir hul volk en daarom het hulle nie beter vriende as die KP's nie. Ons het 'n verantwoordelikheid om die swartes teen moordenaars te beskerm en ons praat meer met swartes as wat daar gedink word. In die kombuise vertel ons vir dié mense wat met hulle gaan gebeur onder 'n ANC-regering."

Hoewel daar tydens die hele kongres 'n sterk gevoel van optimisme geheers het oor die KP se vermoë om 'n algemene verkiesing te wen, het Winnie Basson van Delmas tydens 'n vloerdebat gesê dat sy "nou gewoond daaraan is om vergaderings vir net een mens te hou".

Onder groot applous het sy egter gesê: "Maar, as ek met hom klaar is, is hy bekeer".

Sy het aan die vergadering gesê dat sy nie weet wat om vir die Kleurlinge te sê wanneer hulle vir haar vra waar hulle land is nie. "Waar is hulle sinne? Hoe noem jy dit?"

Daar is ook gedurende die kongres herhaaldelik aangedring op 'n algemene verkiesing en Hartzenberg het oor De Klerk se weiering om 'n algemene verkiesing uit te skryf, gesê: "FW gaan teëspoed kry en dit is ons werk om seker te maak dat hy teëspoed kry."

Tydens 'n debat wat deur Hartzenberg gelei is oor die "Nuwe Suid-Afrika", is 'n mosie eenparig aanvaar wat vra vir die onmiddellike bedanking van die regering omdat hulle "ondemokraties" en "teen die wil van die meerderheid witmense" optree. Die mosie is deur Koos van der Merwe, LP vir Overvaal en woordvoeder oor verdediging, voorgestel.

Die LP vir Witbank en 'n oud-predikant van die Hervormende Kerk, Wynand Malan, het tydens die vloerdebat oor die "Nuwe Suid-Afrika" gesê De Klerk het nie 'n "kat se kans om sukses te behaal nie, omdat God so sê".

Die LP vir Nelspruit, Douw Steyn, het gesê "die NP's kan nie vergader indien 400 KP's hul vergaderings bywoon nie." Hy het ook voorgestel dat daar 'n ultimatum aan die pers gestel word: "Indien die bedrog nie ophou nie, gaan een miljoen mense ophou om hul televisielisensies te betaal".

Een van die moontlike brandpunte tydens die kongres, wat agter geslote deure bespreek is, was waar die grense van die "eie vaderland" is.

Treurnicht het egter op 'n perskonferensie gesê dat daar eenparig besluit is dat die KP steeds aanspraak maak op 86 persent van Suid-Afrika: dié grond wat tans deur witmense besit word.

Ronnie van der Merwe, 'n KP-lid, het die twispunt bevestig en tydens 'n vloerdebat gevra dat dit moet stop.

"Ons moet meer buigbaar wees en die onderstrominge onder ons moet einde kry. Ons moet aanvaar dat daar wittes is wat nie in 'n blanke staat wil bly nie en daarom sal ons ook moet aanvaar dat blankes sal moet kies of hulle in wit Suid-Afrika of in Azania wil bly."

Met dié woorde het die ligte uitgegaan en die saal is pikdonker gelaat. Hy het onverpoos voortgegaan en die "ANC-voorbeeld" voorgestel. "Hulle het geen grondwetlike voorstelle nie, maar is die hoof-onderhandelaar omdat hulle druk op die regering toegepas het. Ons moet die ANC-voorbeeld volg."

# Predikante vrees leë kerkbanke na kerkeenheid

**INA VAN DER LINDE woon die algemene sinode van die NG Kerk in Bloemfontein by. Sy skryf oor die swaard van eenwording met ander kerke in die NG-familie wat oor almal se koppe hang**

HIER is iets aan die roer op die Algemene Sinode van die wit NG-Kerk in Bloemfontein - iets wat kan dui op 'n verskuiwing in die geledere van die grootste wit kerk (sowat 1,5 miljoen lidmate) in die land. Teen druktyd het die groot debat oor kerkeenheid met die bruin en swart lidkerke van die NGK-familie net begin. In die wandelgange was 'n druk debat egter reeds vir drie dae aan die gang.

Daar is reeds twee voorstelle op die tafel. Die een is die bekende voorstel van die Algemene Sinodale Kommissie dat eenheid nie van bo afgedwing moet word deur een struktuur te skep nie, maar van onder moet groei. Die ander is van Wes-Kaapland, wat vra dat een kerkverband vir die NGK-familie geskep moet word.

Intussen het die manne - die enigste vrou wat sou kom as diaken-afgevaardigde het nie opgedaag nie - begin om hul linies op te stel.

Op die besoekersgalery was prof. Carel Boshoff, voorsitter van die Afrikaanse Gereformeerde Bond, wat die regses verteenwoordig. Neffens hom sy adjudant, ds. Bertus de Lange van Vierfontein in die Vrystaat. En so 'n entjie verder prof. Sybrand Strauss van die teologiese fakulteit, Universiteit van die Vrystaat, voormalige voorsitter van die Bond wat later moes bedank na druk van die Vrystaatse moderatuur hieroor.

De Lange het in 'n gesprek gesê hulle is teen enige deelname aan strukturele eenheid. Die Belhar-belydenis van die NG Sendingkerk is die ander saak wat hulle sterk wil beveg.

Op die vraag wie hulle saak gaan stel in die sinode, het hy gesê: "Regses word nie meer deesdae na sinodes gestuur nie". Dat die steun van die Bond maar skraal is, was reeds vroeg duidelik.

'n Aanduiding hiervan het Woensdag gekom met 'n voorstel op die sinode van ouderling Chris Wagner van Warmbad, een van die manne wat na die 1986-sinode gedreig het om weg te breek, maar dit toe nie gedoen het nie.

Wagner wou dat die sinode besluit dat kerkleiers wat saam met ander kerke die owerheid gaan sien, verplig word om net die standpunt van die sinodes van die NGK stel en niks anders nie. Die voorstel het net sowat sewe stemme gekry.

Maar dan is daar ander predikante wat nie noodwendig regs is nie, maar wat emstig benoud is oor gemeentelede wat gaan loop.

Sê 'n dominee van Brits in teetyd: "As hier 'n besluit kom oor kerkeenheid, gaan ek nie 'n gemeentelid oorhê as ek teruggaan nie. Dan moet julle maar vir my werk soek".

By hom en andere geld die praktiese oorwegings sterk, die taalverskille, die kultuurverskille en die wit gemeentes wat tot niet sal gaan omdat almal APK toe gaan loop.

Aan die ander kant is daar die manne van die Wes-Kaap (en in ander gebiede), wie se groot pyn van die afgelope vier jaar was dat hulle deur sinodebesluite gebind is sodat hulle nie konkrete voorstelle oor eenwording met die Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika kon bepraat nie.

Die kommer is veral dat die NGK finaal deur die bruin en die swart kerk agtergelaat gaan word en dat kerkeenheid - wat vir baie van hulle 'n Skriftuurlike eis is, steeds verder die toekoms sal inskuif. Dié realiteite is Dinsdagaand met die opening verwoord deur Heyns. Soos 'n veggeneraal wat pastoraal met die troepe praat wat die oorlog verloor het.

Hy het verwys na wit oorheersing van meer as drie eeue is besig om beëindig te word. Afrikaners, waaronder hoofsaaklik lidmate van die NGK, sal hulle "politieke verantwoordelikhede" al meer met ander kulture, godsdienste en selfs met mense van geen godsdiens, moet deel. Die onomkeerbaarheid van die proses word nie deur alle Afrikaners aanvaar nie. Dit skep eindelose onsekerheid, verwarring en angs oor die toekoms, ook in die NGK.

Die verskyning van meer as een Afrikaanssprekende politieke party, het die NGK se historiese intieme verbintenis met net een party (gelukkig!, sê Heyns) opgehef.

"Eweneens sal aanvaar moet word dat die NGK besig is om sy dominante posisie en daarmee ook sy rol in die totale landsopset te óók vanweë die feit dat sy lidmate persentasiegewys 'n al kleiner deel van die Afrikanervolk uitmaak".

Prof. Bethel Muller van Stellenbosch het aan Vrye Weekblad gesê: Die keuse waarvoor die kerk staan is dat hy self in 'n sin sal moet sterwe om dienskneg te wees.

# Suid-Afrika

## ANC veroordeel Kriel

Die ANC veroordeel Hernus Kriel, minister van Binnelandse Sake, vir sy "poging om die verantwoordelikheid vir die behuisingskrisis voor die deur van die volk se weerstand teen apartheid te lê". Sedert die vroeë sewentigerjare het die NP-regering feitlik alle bouprogramme stopgesit. Die oplossing lê in 'n fundamentele transformasie van Suid-Afrika, sê die ANC.

## TPA verbied heffings

Die Transvaalse Provinsiale Administrasie verbied biblioteke om heffings van inwoners te eis wat nie in hul gebiede woon nie, 'n taktiek wat KP-beheerde stadsrade probeer gebruik om die oopstelling van biblioteke aan alle rasse te fnuik. Die TPA sê die geboue behoort aan die stadsrade, maar die boeke aan die TPA, en daarom kan hy heffings verbied.

## ANC en Inkatha

Die ANC en Inkatha Vryheidsparty hou hul derde ontmoeting in Durban. Verslaggewers hoor telkens 'n hartlike gelag vanuit die konferensiekamer waar die drie uur-lange vergadering gehou is. Senior amptenare van beide organisasies besluit om self na die ergste geweldsgebiede in Natal te gaan in 'n poging om 'n blywende vrede te skep in die oorlog waarin 4 000 mense reeds die afgelope vier jaar gesterf het.

## Volksparadys

Meer as 12 000 Afrikanergesinne het reeds onderneem om na die Afrikanervolkswag se voorgestelde Boerestaat in Noord-Kaapland te gaan, beweer die AV se voorsitter, Carel Boshoff. Negentig gesinne van die "Messinatrek" het hul reeds by Olifantshoek gevestig.

## PAC en ANC slaags

Vier mense word beseer in gevegte tussen ondersteuners van die ANC en die PAC in Komga, Oos-Kaapland. Hulle kon nie ooreenkom oor 'n verbruikersboikot nie.

## Saak uitgestel

Die saak waarin vyf mense sou verskyn in verband met die treinslagting by Denver in Johannesburg verlede maand, word uitgestel terwyl aansoek om borgtog gedoen word.

## Tutu en leiers

Aartsbiskop Desmond Tutu kondig sy plan aan vir 'n spitsberaad van swart leiers by sy ampswoning, Bishopscourt, om die geweld in die land aan te spreek. Hy eis ook die bedanking van Magnus Malan, minister van Verdediging.

## Machel herdenk

'n Politieke vergadering word Sondag op Nkomazi in Oos-Transvaal beoog om dié dood van die Mosambiekse president, Samora Machel, vier jaar gelede daar naby te herdenk.

## Mynwerkers slaags

Tien mense sterf by die Hlobane-myn in Noord-Natal in gevegte tussen Xhosa- en Zoeloemynwerkers. Die National Union of Mineworkers sê busse Inkatha-lede is die vorige Sondag al ingesmokkel in die gedaante van "tradisionele dansers". Die aankoms van die "dansers" het 400 Xhosa-werkers genoop om hul goed te pak en na Transkei terug te keer.

## Russe laat bloei

Magnus Malan, minister van Verdediging, onthul dat die ZT3-anti-tenkmissiel by die slag van Cuito Canavale in 1988 gebruik is. "Ons wou nie 'n totale oorlog begin nie. Ons het Afrika die geleentheid gegee om die Russe te laat bloei," sê hy. Die SAW het Luanda nie ingeneem nie want Suid-Afrika wou nie sy eie Viëtnam hê nie.

## Werk stuk-stuk nie

Die ANC verwelkom die skrapping van die Wet op Aparte Geriewe, maar waarsku dat die aftakeling van apartheid stuk-stuk nie werk nie.




Fabrice D Vice van Johannseburg se voorstelling van die Gay-optog verlede Saterdag

## Drie vas

Nog drie verdagtes word in hegtenis geneem in verband met die aanval verlede week deur 'n horde jeugdiges op mense in die Durbanse strandgebied.

## 11 sterf in Maputo

Elf mense sterf toe Renamo-rebelle op 'n skare by 'n musiekfees in die hoofstad, Maputo, losbrand. Dié voorval volg kort op 'n skietvoorval in die Gaza-provinsie verlede week waarin 30 burgerlikes geskiet is.

## ANC, KP wil stem

Beide die ANC en die KP doen dié week 'n beroep op die regering om 'n nuwe verkiesing te hou in 'n poging om die De Klerk-regering se hervormingsproses uit te daag. Die KP, wat 41 setels in die wit driekamer-parlement hou, het 'n beroep vir 'n wit verkiesing gedoen. Terwyl die ANC gevra het vir 'n een mens, een stem-verkiesing.

## Droog en wit

Die KP-beheerde stadsraad van Springs besluit om eerder hul munisipale swembad te sluit as om dit vir alle rasse oop te stel, terwyl ander munisipaliteite hul tariewe só verhoog dat swartmense dit nie kan bekostig nie. Ander beplan om hul swembaddens te privatiseer.

## Viljoen uitgejou

Die minister van Staatkundige Ontwikkeling, Gerrit Viljoen, word uitgejou terwyl hy studente van die Universiteit van Pretoria toespreek. Viljoen sê hy voel beledig omdat hy 'n leuenaar genoem is en voeg by dat as 'n mens nie saamstem met 'n argument nie, 'n mens die argument moet aanval en nié die spreker nie.

## ANC in Bez Valley!

Die ANC open Sondag sy 351e tak sedert dit op 2 Februarie vanjaar ontban is. Werwingspamflette is in ses tale, Portugees, Afikaans, Engels, Sotho, Zoeloe en Italiaans opgestel vir verspreiding in die Johannesburg-Oosgebied, met voorstede so uiteenlopend soos Bez Valley, Kensington en Doornfontein.

## Goud loodswaar

Die goudprys stort deur die 365 dollar-grens en veroorsaak ernstige terugbetalingsprobleme, 'n moontlike resessie en toenemende inflasie terwyl die olieprys die ekonomie bedreig.

## Les aan politici

Die dood van ses swart pendelaars in 'n volgepakte bus deur gewapende mans verlede week, moet politici daaraan herinner dat hulle hulle taal in toom moet hou, sê die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok.

# Wêreld

## Ooreenkoms geweier

Die Sowjet-republiek Bielorussia weier om 'n ooreenkoms van welwillendheid met Pole te onderteken. Dit volg nadat die eerste besoek van 'n Poolse minister van buitelandse sake sedert die Tweede Wêreldoorlog ontwrig is deur nasionale geskille.

## Grense vervaag

Die Libanese weermag begin die grenslyne wat Beiroet al 15 jaar in Christelike en Moslem-sones verdeel, afbreek. Dit is deel van 'n veldtog van die Libanese regering om die Christelike en Moslemsektore te herenig na 15 jaar van oorlogvoering teen mekaar.

## Nobelprys

Die Nobelprys vir Ekonomie word toegeken aan die Amerikaanse professors Harry Markowitz van die universiteit van New York, Merton Miller van die universiteit van Chicago en William Sharpe van die Stanfordse universiteit vir hul baanbrekerswerk in die finansiële, belegging- en korporatiewe finansieteorieë en die werking van die finansiële markte.




Orin Scott in Beeld, 18 Oktober 1990

## Ambassade omring

Die Franse ambassade word deur die Libanese weermag omring nadat die Franse president, Francois Mitterand, homself bereid verklaar het om aan die afvallige Christelike leier Michel Aoun politieke asiel te verleen.

## Gebruik reserwes

Verskeie olie-ministers van Opec kritiseer Westerse lande vir hul onvermoë om die wêreld se oliemarkte te stabiliseer. Ministers van Algerië, Nigerië en Venezuela doen 'n beroep op die geïndustrialiseerde lande om hul reserwebronne te gebruik en nie op die Golf-krisis te wag om te verbeter nie.

## Juweel vir Nelson

Nelson Mandela, die vise-president van die ANC, word die tweede buitelander om Indië se vernaamste burgerlike toekenning, die "Juweel van Indië", te ontvang. Hy kry ook 'n tjek van 5 miljoen dollar by die Indiese regering en 800 000 dollar by die Afrikafonds wat deur Onverbonde Lande gestig is.

## Bush minder gewild

Volgens die Washington Post is die toenemende kommer oor die Golfkrisis, 'n kwynende ekonomie en die probleme rondom die federale begroting besig om te veroorsaak dat die Amerikaanse publiek hul optimisme verloor. Volgens 'n meningsopname het die gewildheid van pres George Bush sedert verlede maand met 19 punte tot 56 present gedaal.

## FW in Ridderzaal

Die hele Nederlandse regering gaan Staatspresident FW de Klerk in Nederland se belangrikste regeringsgebou, die Ridderzaal, onthaal. Dié gebou is in die 12e eeu deur Graaf Floris I gebou.

## Doen iets

Die voorsitter van die Palestynse Bevrydingsorganisasie, Jasser Arafat, doen 'n beroep op die internasionele gemeenskap om op te tree teen Israel na dié se weiering om 'n span van die VVO te ontvang wat die dood van Palestyne aan die hand van die Israeliese weermag wou ondersoek. "Wat gaan die internasionale gemeenskap hieraan doen?" vra Arafat.

## Rebelle beset hotel

Rebelle neem 'n sleuteldorp in Rwanda oor en beset die plaaslike hotel. 'n Gevange rebel dra 'n tatoeëermerk op sy arm met die naam van Kigeli V, die vormalige monarg wat meer as dertig jaar in ballingskap was toe die Hutu-meerderheid die Tutsi-minderheid se bewind omvergewerp het. Tienduisende mense is toe in massamoorde doodgemaak.

## Israel waarsku Sirië

Die Israelse minister van verdediging, Moshe Arens, waarsku Sirië om nie te probeer om sy invloed in die suide van Lebanon uit te brei nie. "Israel sal nie toelaat dat Sirië sy invloed uitbrei nie," sê hy.

# 'Die aborsie van die tuislande'

**Soshanguve, kort duskant Pretoria, is in 1964 weens die Groepsgebiedewet en die gedwonge verskuiwings wat daarmee gepaard gegaan het, 'gebou'. 'n Treinspoor en stuk digbegroeide grond is die enigste grens tussen Bophuthatswana en Soshanguve. Duisende plakkers het die afgelope drie maande oor die treinspoor getrek uit vrees vir die hoofminister van Bophuthatswana, Lucas Mangope, se dreigement om "onwettige plakkers" te vervolg. PEARLIE JOUBERT doen verslag**

IN Soshanguve en Winterveld beteken die afskaffing van die Grond Wette van 1913 en 1936 nie veel vir die inwoners nie. Gedwonge verskuiwings is nog steeds deel van hul lewens.

Soshanguve, wat in Suid-Afrika geleë is, se inwonertal van ongeveer 300 000 het die afgelope drie maande byna verdubbel toe duisende families van Winterveld, wat net langsaan in Bophuthatswana geleë is, oor die treinspoor getrek het.

Toe die hoofminister van Bophuthatswana, Lucas Mangope, onlangs in 'n verklaring gesê het dat huiseienaars wat aan "onwettige plakkers" huisvesting bied, vervolg gaan word, het dié "onwettige" gesinne hul goed gevat en oor die grens, 'n treinspoor en 'n stuk digbegroeide grond, getrek.

Hulle verkies om hulself nie "plakkers" te noem nie, maar "huisloses", mense wie se name al jare der jare op waglyste is.

Josef Molokwane werk in 'n advieskantoor in Soshanguve en sê hulle is raadop met die behuisingstekort.

"Nie die TPA of Bophuthatswana wil geld verskaf vir ordentlike bekostigbare huise nie. Mangope wil die grond, maar nie die mense hê nie terwyl die TPA stukke grond beskikbaar gestel het vir behuising, maar dit verkoop het aan private ontwikkelaars."

Volgens Molokwane stel dié ontwikkelaars net belang in die bou van middelklas-huise.

"Die mense kan dit nie bekostig nie en dié stukke grond is ver van die sakesentrum en treinspore en daarom wil mense ook nie daar woon nie," sê Molokwane.

"Elke dag is daar mense by die advieskantoor om hul name op die waglys vir huise te sit en die mense sit daar en huil en daar is soveel huisloses.

"Hier is mense wat sedert 1969 op 'n waglys vir huise is. Ons probeer om saam met die Departement van Ontwikkelingshulp (DDA) stukke grond te identifiseer waar mense permanente huise kan oprig."



'n Vrou tussen die rommel in Soshanguve (Foto's: Lise Joubert)

Tans woon die plakkers op stukke grond waar daar net een toilet en kraan vir ongeveer 30 gesinne is en waar die mense oor naweke so vroeg as drie-uur soggens opstaan om in 'n tou te staan vir water.

"Ongeveer 3 000 inwoners van Soshanguwe is die afgelope jaar reeds op 'n waglys vir huise. Ons kan nie eens dié mense van huise voorsien nie en het nou nog die ekstra las van al die plakkers," sê Molokwane.

Soshanguwe sit egter nie vandag net met die plakkers-probleem wat, volgens Paul Zondo van die Soshanguwe Civic Association, moontlike konflik tussen die inwoners, plakkers en inwoners van Winterveld kan veroorsaak nie, maar ook met die "aborsie van die tuislande".

Soshanguwe is in die vroeë sestigerjare geopen en die Groepsgebiedewet het duisende mense van die omliggende gebiede gedwing om in die tuislande te gaan woon.

Soshanguwe se naam vertel die hele storie van die mislukte tuisland-droom van die vyftigerjare toe die idee van aparte tuislande gebore is.

"So-" staan vir die Sotho's, "-shan-" van die Sjangaans, "-ngu-" vir die Nguni's en "-ve" vir die Venda's, terwyl die aanvanklike idee was dat die Tswana's in Bophuthatswana bly.

Die mense het hul egter nie aan dié apartheid gesteur nie en vandag is Soshanguve 'n gewone township en mense woon waar hulle wil.

"Soshanguve is in verskillende blokke opgedeel en die gedagte was dat verskillende etniese groepe in verskillende blokke woon," sê Zondo.

"Elke blok was veronderstel om deur 'n verskillende etniese hoof beheer te word, maar die mense van Soshanguwe het in 1984 besluit om nie apartheid in die swart gemeenskap toe te laat nie en het gaan bly waar hulle wil."

Volgens Zondo het die huidige plakkersprobleem in Soshanguve 'n lang aanloop wat reeds met die implementering van die tuislandbeleid begin het.

"Die skole is in Bophuthatswana en het dus net Tswana aangebied. Honderde mense moes hul kinders wegstuur of trek om onderrig in hul moedertaal te kry."

Volgens Zondo het baie mense toe reeds na Soshanguve gekom, maar die TPA het Soshanguwe so gebou dat daar skole in die verskillende blokke is wat net in 'n spesifieke taal onderrig gee.

Hy sê die hoërskole, waarvan daar ongeveer tien is, probeer om al die leerlinge van verskillende taalgroepe te akkommodeer.

"Soshanguwe se behuisingskrisis kan net opgelos word indien die Groepsgebiedewet afgeskaf word. Indien die mense kan terugkeer na die plekke vanwaar hulle kom en waar hulle naby hul werk kan woon," sê Zondo.

# Mense leef op ashope



Die "gemorsmense" van Bophuthatswana

SKAARS twee kilometer vanaf die ingang van die Marula Sun, die "Sin City" naby Pretoria, woon Abraham Mahlangu en sy vrou, Elizabeth, in 'n stortingsterrein met 'n omvang van 'n paar kilometer.

Dit is die stortingsterrein van die reusagtige plakkerstad Winterveld en lê net oorkant die pad van "Beirut" en "Irak" - twee gebiede in Winterveld waar daar gereeld hewige gevegte tussen verskillende groepe inwoners uitbreek.

Die Mercedese en BMW's van Pretoria se besigheidsmanne en plesiersoekers ry nie verby die stortingsterrein na die hotel nie.

"Daai mense ry op die Mangope-highway - dan hoef hulle nie te weet dat ons tussen die rubbish van die Marula Sun woon nie," vertel 'n vrou en skop bottels en gemors eenkant toe.

Ongeveer 100 mense woon in dié stortingsterrein en die Mahlangu's woon reeds langer as 'n jaar daar. "Ons het uit die Winterveld hierheen getrek omdat dit te duur was om daar te woon," sê Elizabeth.

"Ons is reeds sedert 1986 op 'n lys vir huise, maar daar gebeur niks - toe trek ons maar. Eerder as om daar te bly en later niks anders te kan doen as om te steel nie, het ons hierheen gekom."

Oor hoe die Mahlangu's aan die lewe bly, sê Abraham dat hulle bottels en blikke bymekaar maak. Die munisipaliteit betaal hulle R15 vir drie hope.

Volgens die inwoners van die stortingsterrein kom gooi 'n slagter van die omgewing gereeld dooie en vrot vleis op die stortingsterrein.

"Ons het gehoor dat dié slagter die vleis vir ons hier kom gooi. Daarom staan ons elke oggend op en gaan soek daai vleis sodat ons dit kan gaar maak en eet," sê Albert Lukhelo.

Lukhelo is tydens die implementering van die Wet op Groepsgebiede gedwing om uit Eastwood in Pretoria na Bophuthatswana te trek.

Vandag is Eastwood beter bekend as Garsfontein - 'n wit rykmansbuurt naby Waterkloof.

"Gedwonge verskuiwings het my hierheen gebring. Nou deel ons dié gemors met die bokke en koeie," sê hy.

Of Mangope weet van dié gemors-gemeenskap, sê Lukhelo: "Ja, hy weet, maar hulle verkies om nie te weet nie. Hulle verkies om te dink Bophuthatswana is net die stadion, wat deur niemand gebruik word nie, en die Marula Sun."

# 'Ons onderhandel net oor mag en grond'

**Die Swartbewussynsbeweging (BCM) en die Pan Africanist Congress (PAC) weier steeds om aan die onderhandelingsproses deel te neem. Hoeveel mag het dié organisasies werklik? Kan hulle dit bekostig om buite die onderhandelingsproses te bly? AUDREY BROWN het antwoorde gaan soek**

IN die skadu van die ANC staan die Swartbewussynsbeweging (BCM) en die Pan Africanist Congress PAC. Dié organisasies het besluit om nie aan die huidige onderhandelings tussen die ANC en die regering deel te neem nie.

Hul redes hiervoor is dieselfde: daar word nie oor grond, rykdom of mag onderhandel nie, en dus sal hulle voortgaan met twee afsonderlike gewapende stryde totdat daar aan hul eise voldoen word. Dié organisasies is deur sowel die ANC as die regering uitgenooi om aan die gesprekke deel te neem, maar die uitnodigings is van die hand gewys nadat albei organisasies beraadslag het. Die PAC het die besluit na hul kongres volgende maand verwys, terwyl die BCM dit heeltemal verwerp het.

Maar kan hulle 'n doeltreffende gewapende stryd voer? Hoeveel mag het hulle om die regering en die ANC te dwing om hulle ernstig op te neem? Kan hulle buite die onderhandelingsproses bly? Sowel woordvoerders vir dié organisasies as politieke waarnemers is vir kommentaar genader.

Volgens Vuyani Qunta, die publisiteitsekretaris van die Black Consciousness Movement of Azania (BCMA), die eksterne vleuel van die BCM, verwerp sy organisasie die "onderhandelingspakket" wat deur pres FW de Klerk aangebied word, omdat dit nie oor die sentrale vraagstukke in Suid-Afrika handel nie.

"Ons is nie bereid om aan dié onderhandelings deel te neem nie, omdat alles wat hiermee bereik kan word - naamlik die skrapping van die apartheidswette - deur die regering self gedoen kan word. Daarvoor het hulle ons nie nodig nie. Maar wanneer daar gepraat word oor mag, rykdom en grond, dan kan ons weer praat. My organisasie verwerp nie onderhandelinge nie. Inteendeel, as daar 'n kans is vir blywende vrede deur onderhandelinge, sal ons daarna gryp. Dit is beslis nie die geval met die huidige onderhandelinge nie. Dus gaan ons gewapende stryd, wat deur ons magte in die Azanian People's Liberation Army (Azapla) gevoer word, voort."

Azapla is in 1984 geloods as die BCMA (wat in 1980 gestig is) se militêre-vleuel.

Die Azanian People's Organisation (Azapo), die interne-vleuel van die BCM en opvolger van die 17 organisasies wat in Oktober 1977 verban is, steun die posisie van die BCMA.

Pandelani Nefolovhodwe, 'n lid van Azapo se uitvoerende komitee, sê: "Ons stel 'n hoër prys op 'n kongres tussen al die verteenwoordigers van die onderdrukte mense in ons land. Ons sal ons beywer om dit te bewerkstellig voordat ons daaraan dink om aan onderhandelinge deel te neem.

"Ons kan ook nie daaraan dink om te onderhandel terwyl die weermag nog bestaan nie. Ons dring daarop aan om by 'n neutrale plek te onderhandel - hoe kan 'n mens onderhandel as die staat se polisie oor jou wag hou, wanneer jy in hulle hotelle slaap? Ons glo dat die gewapende stryd voort sal gaan, totdat daar oor die sentrale vraagstukke onderhandel word."

Gevra oor die doeltreffendheid van Azapla, sê Qunta: "Ons is heeltemal tevrede met die manier waarop operasies uitgevoer word. Ons verstaan baie goed dat daar probleme is in die uitvoer van militêre operasies, maar hulle doen hul bes onder die omstandighede."

Daar is baie min tekens van 'n gewapende stryd deur Azapla - op die oomblik verskyn daar sewe lede van dié organisasie in die hof op Klerksdorp, maar Qunta hou vol dat hulle nie aan 'n "wedstryd deelneem nie", dus kan mens nie op dié gronde hul eise verwerp nie.

Senior lede van die PAC het in 'n onlangse onderhoud hul posisie oor onderhandeling opgeklaar. "Ons basiese mikpunte is die oordrag van mag van 'n rassistiese minderheid na 'n nie-rassige meerderheid asook die regverdige herverdeling van bronne, waarvan grond die belangrikste is. Dus sal ons deeglik kyk of die huidige onderhandelings dié oogmerke kan bereik."

Dié posisie is ingeneem ná 'n kongres vroeër dié maand, en sal bespreek word by die organisasie se eerste interne kongres sedert dit in 1960 verban is.


Zeph Mothopeng

Oor die gewapende stryd, sê die PAC-paneel: "Die gewapende stryd bly een van die belangrikste vorme van stryd. En terwyl daar nie gepraat word oor 'n grondwetgewende vergadering nie, sal ons volhou met ons stryd."

Politieke waarnemers meen dat beide die PAC en die BCMA nie die mag of gesag het om die onderhandelingsproses te beïnvloed nie.

Volgens 'n bron na aan die organisasies, is hul huidige posisie baie swak omdat hulle nie 'n sterk alternatief bied nie.

"Die PAC en Azapo sal op die ou end wel moet onderhandel, en die sterkste rede hiervoor is dat die ANC onderhandel. Anders word hulle heeltemal gemarginaliseer. Verder het hulle geen alternatiewe program wat hulle op die ander kan afdwing nie. Trouens, hulle het nie 'n agenda nie, so daar is niks wat hulle na die onderhandelinge kan bring nie. Daarom is hulle nou besig om mense te werf vir 'n magsbasis."

Gary van Staden van die Instituut vir Internasionale aangeleenthede in Johannesburg, sê: "Daar is drie metodes wat gebruik word om steun te werf: mobilisasie, gewapende stryd en sanksies. Op al dié gebiede kom die PAC en Azapo glad nie naby die ANC nie - hoewel daar wel ruimte vir hulle is sover mobilisasie betref. As ons dit alles in ag neem, is daar net twee keuses wat oorbly. Hulle kan probeer om die proses te delegitimiseer, soos wat Mugabe destyds met Muzorewa gedoen het, of hulle kan verhoed dat enige ooreenkoms in werking gestel word. Op die oomblik het hulle nie die mag om dit te doen nie. Dus het hulle eintlik nie 'n keuse nie - hulle moet ingaan."

Dis hier, volgens Van Staden, waar hul sterkte lê: Hulle kan buite die proses bly en solank toelaat dat die ANC al die probleme uitstryk terwyl hulle hul ondersteuning versterk. En sodra daar oor 'n nuwe grondwet onderhandel word, kan hulle deelneem.

"Tot nou toe het hulle nog nie 'n voet verkeerd gesit nie, maar die eintlike beproewing kom nog. Die raamwerk is baie beperk, en beide organisasies het probleme. Die PAC kan byvoorbeeld nie organiseer nie, en Azapo se steun is intellektueel, hoewel hulle baie goed georganiseer is."

**Ons, die ondergetekendes van die Universiteit van Stellenbosch, wil ons misnoë uitspreek oor die bande tussen die Nasionale Intelligensie Diens en die Universiteit.**

**Ons glo dat:**

**1. Prof Phillip Nel se Instituut vir Sowjet-Studies van die Departement Politieke Wetenskap aan die US se noue bande met en werk vir die NID en Militêre Inligting, 'n flagrante ondermyning van die Universiteit as 'n akademiese instelling is.**

**2. Prof Nel se doelbewuste plan om spioenasiewerk oorsee onder die dekmantel van die Instituut te doen, het die naam van die Universiteit as Internasionale medium vir navorsing beswadder.**

**Prof Nel se werwingswerk tydens klastyd vir die NID, die vertrouensverhouding van die akademiese debat tussen studente en dosente ernstige skade berokken het.**

**Ons beskou die versuim aan die kant van die Unversiteitsowerhede om hulself van die NID te distansieer en teen prof Nel en sy departement op te tree, as betreurenswaardig.**

Sven Abrahamse
Laurie Ackerman
Katrina Antoniou
Nick Bezuidenhout
John Blake
Arnold Blumer
Gregory Botha
Johan Botha
Louis Breytenbach
Robert Brink
Romarque Brown
Sune Brugman
Louis Broodryk
Henk Campher
Earnest Carelse
Chris Coetzee
Werner Coetzee
Catherine Collett
Martin Christians
Piet Croukamp
Adlai Davids
Salome de Beer
Liesel de Waal
Adolf Denk
Charl de Winnaar
Danie du Plessis
Ronnie Donaldson
Leslee Durr
Theron Fourie
Derek Fourie
Daniël Fourie
Matthew Gaylard
Maryke Germishuys
Sjarlie Grant
Johan Gerber
Lize Gilliomee
Christopher Gladwin
James Heser
Raymond Heunis
Maggie Hugo
Anja Huismans
Ernie Jacobs
Mark Jeffrey
Barney Jordan
Michelle Joubert
Monique Kadé
Lala Kameron
Oliver Kristen
Eugene Kruger
Mark le Roux
Helena Louw
Liesel Louw
TB Louw
Irene Lotz
Rose Luke
Rudolf Mastenbroek
Jaco Malan
Pieter Malan
Paul Marinkowitz
Jackie May
Karen McPherson
Werner Menges
Pieter Mostert
Jannie Momberg
Wayne Mudge
Dawie Nel
Peter Nel
Pieter Nel
Anton Neville
Johan Reyneke
Karen Rissik
Edna Roelofse
Jeanne Rossouw
Roger Rudolph
F Schoeman
Sean Simpson
Andrew Smuts
Clarinda Steenhuisen
Ronel Terblanche
Karien Terblanche
Elaine Thornhill
Mila Posthumus
Heini Pretorius
Wessel Pretorius
Jolou van der Merwe
Kobus van der merwe
John van Rensburg
Arnold van Rooi
Juanita van Sitters
Gys van Zyl
Leonie van Zyl
Ian Veary
Genet Visagie
Christine Visser
Karen Visser
Ian Voges
Gerhardt Vorster
Jack Warren
Shaun Wright
Andre Zeelie

# Dit is ons grond, ons voorvaders is hier gebore

**Die Pan African Congress (PAC) staan lynreg teenoor regse politieke groepe wat vasskop teen die besit van enige grond deur swartmense, behalwe in die tuislande. Net so sterk as wat die regses voel dat wit grond in wit hande moet bly, eis die PAC die terugkeer van die grond wat geskiedkundig van sy mense ontneem is. In ons groot debat oor die grond kyk CHRISTELLE DE JAGER na die PAC se standpunte**

"ONS reg tot die grond is onbetwisbaar. Dit is 'n godgegewe reg en ons hoef nie daaroor verskoning te vra, of om enigiets toe te gee nie. Ons voorvaders is hier gebore en dit is ons grond."

Die teruggawe van die grond aan Afrikane is onderliggend aan die PAC se hele politieke beleid. En die regstelling van die ongelykhede van die verlede, veral met betrekking tot grond, is 'n noodsaaklikheid waaroor die PAC baie sterk voel, sê sy publisiteitsekretaris, Ben Ntoele.

Die PAC grond Afrikane se aanspraak op grond op die geskiedenis, waarin swartmense in 'n geleidelike proses sedert die 18e eeu van hulle grond onteien is en in 'n grondlose groep mense in hulle eie vasteland verander is.

"Daar is in 1884 by die Berlynse Konferensie 'n besluit geneem dat Europese lande die kontinent van Afrika sou koloniseer. Dit het die begin van die georganiseerde kolonisasieproses in Afrika ingelui wat Afrikane van hulle geboortereg, hulle reg tot die grond, ontneem het."

Ntoele sê die proses van die onteiening van grond is deur die geskiedenis verbreed en gekonsolideer en het uiteindelik die Afrikane as grondlose mense gelaat, want hulle reg en toegang tot grond was nie meer hulle eie besluit nie, maar dié van die heersende partye van die dag.

> **"Swartmense is nie geraadpleeg nie, en hulle regte is glad nie in aanmerking geneem nie. Al hulle protes-afvaardigings is eenvoudig geïgnoreer."**

Al was die kolonialiste oorspronklik net in 'n hoekie van die Kaap gevestig, het politieke spanning tussen die Setlaars gelei tot die Groot Trek. Dit het groot ontwrigting onder inheemse swartmense veroorsaak en dit was ook op dié punt dat Afrikane se houding jeens die grond verander het.

Tydens die Anglo-Boereoorlog het die proses voortgeduur, 'n oorlog waarin Boer en Brit, volgens Ntoele, "baklei het oor grond wat nie aan een van die twee behoort het nie".

"Toe hulle uitbaklei was en oor 'n politieke skikking onderhandel het, was die doel om die oorname van inheemse swart grond te konsolideer en die grond tussen die veroweraars te verdeel. Die Wet op Uniewording van 1910 is gebruik om dit te doen.

"Swartmense is nie geraadpleeg nie, en hulle regte is glad nie in aanmerking geneem nie. Al hulle protes-afvaardigings is eenvoudig geïgnoreer."

Die eintlike doelstelling van die Wet op Uniewording is net drie jaar later onthul toe die eerste van Suid-Afrika se onderdrukkende Grond Wette op die wetboeke geplaas is," sê Ntoele.

Dit was die doodshou vir die Afrikane se toegang tot die grond en is gevolg deur die finale stappe van onteiening, soos die 1936



Ben Ntoele

Grond Wet, die Groepsgebiedewet en die skepping van die tuislande.

Ntoele sê om dan soos die Konserwatiewe Party te sê dat die Afrikaner volgens wet die reg tot die grond het, is heeltemal verkeerd.

"Die sogenaamde wetlike regte waarvolgens witmense grond besit, soos byvoorbeeld kaart en transport regte, is op inherent onwettige maniere verkry. Ons sê dit is onmoontlik om 'n wetlike kontrak op die grondslag van 'n onwettige transaksie te sluit."

Vanuit dié geskiedkundige perspektief is die eerste stap wat die PAC ter oplossing van die grondkwessie verwag, die erkenning van die regte van die Afrikane tot die grond.

"As dié reg eers deur al die betrokkenes erken is, dan kan ons sit en die meganismes uitwerk waarvolgens die geskiedkundige onreg reggestel kan word. Ek moet egter beklemtoon dat erkenning van die reg nie noodwendig beteken dat witmense summier van hulle grond afgegooi gaan word nie."

Ntoele sê as iemand besig is om op 'n plaas te boer, hy daarmee sal aangaan, maar hy moet verwag om die plaas te beheer en bewoon op 'n heeltemal ander grondslag as voorheen.


"Die vrees dat ons witmense van hulle grond gaan afgooi, is onnodig. Ons sal nooit optree soos witmense teenoor ons opgetree het en sommer iemand se huis platry met 'n stootskraper nie. Jy kan mense nie net van grond afgooi nie, waar moet hulle dan lewe?

"Dit veroorsaak net bitterheid en wrywing. Ons weet ook dat baie witmense wat vir geslagte op hulle grond bly, emosioneel sterk daaroor voel. Maar hulle moet verstaan dat ons aan die begin reeds hier was, lank voor hulle. Ons voel dus nog sterker daaroor as hulle," sê Ntoele.

'n Boer kan grond bewoon solank hy dit benut, maar as hy dit verlaat of grond besit wat glad nie benut word nie, moet dit natuurlik beskikbaar gestel word vir iemand anders om te benut, sê Ntoele.

"Die eintlike kwessie is die reg van toegang tot die grond en die benutting daarvan. Die meganismes daarvoor en die vorms wat dit kan aanneem, kan met al die betrokkenes

**Die Groot Debat oor Grond: Die standpunt van die PAC**



bespreek word," sê Ntoele.

Ntoele sê die PAC praat nie van nasionalisasie nie, maar van "sosialisasie". Die argument is dat die land se natuurlike hulpbronne nie aan 'n individu of 'n groep individue kan behoort nie, maar die algemene besit is van die gemeenskap van die land as 'n geheel - om deur almal benut en geniet te word.

Daarvolgens is dít wat uit die grond geproduseer word, 'n natuurlike bron vir die benutting van die land se mense.

"In Suid-Afrika is daar tans 'n situasie waar baie deur min mense besit en benut word. Ons is byvoorbeeld 'n groot mielieprodusent en voer selfs uit, maar hier is daar mense wat verhonger.

"Toe daar in Zimbabwe aan klein plattelandse boere toegang tot grond gegee is om te benut, het hulle 40 persent van die nasionale mieliekwota gelewer. Wat dan eintlik saak maak is nie wie die grond besit nie, maar wat daaruit kom en hoe dit onder die mense verdeel word."

Ntoele sê die Staat moet per slot van rekening verantwoordelikheid daarvoor aanvaar dat al die land se mense die land se natuurlike hulpbronne kan benut. Hulle moet dus doeltreffende beheer oor die bronne hê om dit te verseker.

Witmense, sê Ntoele, moet ook aanvaar dat herverdeling van grond noodsaaklik is om vir die ongelyke kanse wat swartmense in Suid-Afrika gehad het, te vergoed.

"Ekonomiese ontwikkeling is afhanklik van toegang tot grond. Deur die reg van Afrikane weg te vat, is daar seker gemaak dat hulle nie kon ontwikkel nie en afhanklik van die witman moes bly," sê Ntoele.

Hy sê sekere vlakke van sentraal-beplande staatsingryping is nie net onafwendbaar nie, maar noodsaaklik in enige land. Maar dit is veral noodsaaklik in Suid-Afrika as daar enige doeltreffende herverdeling van kapitaal en bronne gaan wees.

"Vir ons is die herverdeling van grond noodsaaklik en wenslik," sê Ntoele.

Hy sê dit is verkeerd om aan te neem dat herverdeling teenstrydig is met ekonomiese groei. Die PAC glo nie dat herverdeling van grond noodwendig 'n negatiewe impak op landbouproduksie sal hê nie.

"Landbou in 'n slawe-mentaliteit impliseer voorspoed deur uitbuiting - die plaas is nie in werklikheid produktief nie. Net 'n klein gedeelte van die grond is in elk geval werklik produktief. Kapitaalbasisse moet uitgebrei word, inflasie verlaag en landbouproduksie opgestoot word."

Dit kom daarop neer, sê Ntoele, dat alles uitgewerk moet word op die grondslag dat daar algehele volgehoue ontwikkeling van die hele bevolking moet plaasvind, en nie op die grondslag van groter winste vir enkele ekonomiese eenhede soos tans die geval is nie.


Maar hoe verskil die PAC en die ANC se grondbeleid? Die ANC is van die uitgangspunt af "sag" oor die grondkwessie, sê Ntoele, en dit gaan vir hulle probleme gee in onderhandelings oor die kwessie.

Hy verduidelik dat die aanname in die Vryheidsmanifes dat "die grond gedeel sal word deur dié wat dit bewerk", reeds 'n kompromie oor die verlede toon.

Dit staan nie meer sterk daarop dat die grond teruggegee moet word aan dié aan wie dit hoort nie - die Afrikane.

# Pieter-Dirk slyp sy messe vir die swart leiers

**Eers het Pieter-Dirk Uys die ANC-vlag by elke geleentheid geswaai om aan mense wat nie stemme gehad het nie, ook 'n spreekbeurt te gee. Maar van nou af gaan almal 'fair game' wees. MICHAEL SANDERS van AFP het met hom gesels**



Pieter-Dirk Uys in sy studeerkamer (Foto: Lise Joubert)

DIE Amerikaanse satirikus Tom Lehrer het op 'n keer gesê satire het gesterf die dag toe hulle die Nobelprys vir Vrede aan Henry Kissinger gegee het. Dit is een van Pieter-Dirk Uys se gewildste grappies, hy hou so baie daarvan dat hy dit vir plaaslike gebruik aangepas het: Satire het gesterf die dag toe hulle aan Piet Koornhof die vryheid van Soweto gegee het.

Dit lyk nou of hy verkeerd was, want kan satire regtig dood wees in 'n nuwe Suid-Afrika waar 'n bekende minister van Buitelandse Sake na die ANC verwys as "ons vriende"?

Pas terug uit Europa, werk Uys tans aan sy eenmanvertoning "A Kiss on your Koeksister", waarin hy 'n hele reeks nuwe teikens aanval.

"Verlede jaar was dit maklik om 'n vertoning aan te bied wat die stelsel aanval, daar was goeie mense en daar was slegte mense, die afleiding vir die gehoor het gelê in die geleentheid om te reageer teen die slegtes," sê hy.

"Nou is daar egter geen goeies of slegtes nie, almal is grys, almal is 'Ja, maar'-broers..."

"Ek respekteer FW de Klerk, maar hy is 'n Broederbonder, en 'n Broeder is 'n Broeder is 'n Broeder en na 42 jaar van wat hulle aangevang het, moet hulle nie vir my sê hulle kan binne enkele minute 'n ommeswaai van 180 grade maak nie.

"Nelson Mandela respekteer ek geweldig, maar hy het 'n baie amateuragtige organisasie agter hom.

"Nou meer as ooit sal die vertoning die spektrum van swart en wit politiek kan oorbrug.

"In die verlede het 'n mens nie rondgefok met swart politici nie omdat hulle opgesluit was, jy het jou energie gebruik om mense te steun wat nie vir hulself kon praat nie.

"Ek het elke geleentheid gebruik om die ANC-vlag te swaai of om verbanne persone aan te haal.

"Maar nou is dit nie net wit wat swart doodmaak nie, ons is almal verantwoordelik vir 'n kollektiewe geweld wat aangespreek moet word. Sentiment is by die agterdeur uitgeskop. Daar is nie meer heilige koeie nie."

Winnie Mandela maak juis haar verskyning in die jongste weergawe van die immer ontwikkelende Uys-vertoning, met 'n sambok soos die polisie sê sy gebruik het om James "Stompie" Moeketsi Seipei te slaan voor Jerry Richardson met sy mes verseker het dat Stompie sy laaste nuwe jaar nie op 'n hoë noot begin nie, maar met 'n kreun.

Is daar nog swart politici in die tou?

"Ek het 'n lang waglys, Buthelezi het reeds sy kostuum in die kleedkamer." En hy kan nie wag om ook Joe Slovo te doen nie, maar is nie seker of die gehoor hom al sal herken nie. Dit bring ons terug by die wit teikens.

"Die meeste van die werk is gegrond op woede," sê hy.

"Dit is so 'n skande om deel te wees van 'n stam wat met 42 jaar se moord weggekom het, wat drie generasies se mense vernietig het, wat die land opgefok het en dan binne enkele maande rondloop asof hulle kryt in kaas verander het. Ek moet net dié ballon laat bars.

"Ek stel FW as 'n nar voor en mense is baie ontsteld hieroor. Hy doen al hierdie toertjies en tog rig hy niks uit nie. Hy stel 'n strand oop, hy maak 'n tronkdeur oop en hy maak sy oë oop. Wat nou?

"Daar is steeds nie een mens een stem wat elkeen die reg gee om hul drome waar te laat word nie. Ons praat steeds van onderafdelings van demokrasie, maar ons is nog nie eens halfpad daar nie.

"'n Mens moet aanhou irriteer."

Soms is dit meer as irritasie.

In sy vertoning is daar dié pro-AWB sekuriteitswag wat die Nasionale Party se basaar ordelik probeer hou, en vir 'n firma by name Third Force werk. Hy is ook 'n onrusstoker op voorstedelike treine en Putcobusse.

"Ek kan so ver gaan as wat ek wil. Dit is die gehoor wat die fout maak om in my lokval te trap. Ek noem dit 'n komedie van vooroordeel.

"As jy vir so-iets gaan lag, is daar iets verkeerd met jou, maar ek sit nie piesangskille op die verhoog nie, ek doen 'n Banana Republic op die verhoog."

Hy het 'n verandering in die gehoor se reaksie opgemerk sedert hy "Koeksister" in die vredige Februarie vir die eerste keer opgevoer het?

"Ek merk 'n groot verskil tussen vandag se gehore en dié van Februarie. In Februarie was dit die valse optimisme, die valse vrede, goud kom terug en sanksies is stadig besig om op te hou.

"En nou sê almal 'O shit!'

"Ek kan hierdie onderliggende 'O shit'-gevoel aanvoel en ek moet 'n optimistiese gevoel aan hulle oordra.

"My optimisme is baie eenvoudig. As ons 'n demokrasie is wat deur 'n handves van menseregte beskerm word - waarvan ons baie voorbeelde in die wêreld het - kan daar geen probleme wees nie.

"Ek is aan die demokrasie se kant, maar nie baie mense is aan demokrasie se kant nie omdat hulle dit nie verstaan nie. Ons het nog nooit 'n demokrasie gehad nie.

"Almal van ons wil weet wat dit is. Al die gepraat oor die beskerming van minderheidsregte vind ek baie onheilspellend. Ek wil dit nie hê nie. Ek wil deel wees van die meerderheid, ek wil nie meer deel wees van die minderheid nie."

Sy lag op dié oomblik is duidelik dié van Evita Bezuidenhout. Die afgelope nege jaar was sy die gestalte van sy persona - as politieke skinderbek eerder as satirikus.

Sy is steeds die staatmaker van sy vertonings, "thanking the audience for keeping the Nats in power all these years".

En sy is die ster wat almal wil sien.

Sy gaan hom aanstaande maand dagvaar, meen Pieter-Dirk, wanneer Random Century sy biografie, "Apart Hate, Apart Love" publiseer waarin hy beweer dat sy 'n verhouding met Pik Botha het.

Die biografie en die bakleiery sal uitloop op 'n Kers-vertoning wat gaan bestaan uit 'n perskonferensie, 'n vermaaklikheid getiteld "An audience with Evita Bezuidenhout".

Hy sluit af met nog 'n spreuk oor satire, dié keer van Lenny Bruce: "Satire is tragedie plus tyd."

"Dié land het nie die luukse van tyd nie. Ons kan nie vyf jaar wag om kommentaar te lewer oor wat ons die afgelope 42 jaar aangevang het nie. Ons moet dit dadelik doen en dit weer môre verander."


UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

**Instituut van Kriminologie:**

**Honneurs- en Meestersprogramme**

Die Instituut bied heeltydse en deeltydse programme in Kriminologie aan vir gegradueerdes in die regte sowel as die sosiale wetenskappe.

- Die LLM in Kriminologie en Strafregspleging word aangebied vir LLB- en BProc-gegradueerdes.
- Die BSocSc (Hons) in Kriminologie word aangebied vir gegradueerdes met hoofvakke in die sosiale wetenskappe.

Die leerplanne is ontwerp om 'n kritiese evaluering van teorieë oor die sosiologie van afwyking en die praktyk van maatskaplike beheer, wat die grondslag van kriminologie vorm, aan te moedig. Besondere aandag word aan Suidelike Afrika geskenk en studente word aangemoedig om by die Instituut se gemeenskaps-gebaseerde navorsing betrokke te raak.

Daar is verskeie loopbaanmoontlikhede vir suksesvolle kandidate.

Vir meer inligting kan u aan die Direkteur, Instituut van Kriminologie, Universiteit van Kaapstad, Rondebosch 7700 skryf of hom skakel by (021) 650-2676.

C69892/1288C

# Duisende ballinge wonder: 'Wanneer kan ons huis toe gaan?'

**Reeds vanaf 1 Oktober kon ballinge terugkeer na Suid-Afrika. Maar nog net enkeles het op die land se lughawes aangekom. PEARLIE JOUBERT stel ondersoek in na die repatriasieprogram vir ballinge, en waarom so baie nog in die buiteland moet sit en wag**

IN bykans elke land in Afrika sowel as in Europa en Amerika woon Suid-Afrikaners wat die afgelope 20 jaar en selfs langer die land verlaat het.

Party het geloop omdat hulle meer geld wou maak of gouer beroemd wou raak, maar 'n groot groep van dié mense het die land verlaat weens apartheid, verpligte militêre diensplig, die brandende townships en die jarelange onderdrukking van swart politieke organisasies.

Op 2 Februarie is die ANC ontban en die leierskap het teruggekeer, maar in kampe in Tanzanië, in kommunes in Harare en woonstelle in Amsterdam en Londen woon nog duisende Suid-Afrikaners wat nog steeds wonder wanneer hulle huis toe kan kom.

Die ANC verwag sowat 20 000 ANC-ballinge terug en volgens Moss Chikane, die koördineerder van die ANC se repatriasiekomitee, verwag die PAC sowat 10 000 terug.

Die organisasies verantwoordelik vir die terugkeer-proses lyk egter nie of hulle die dringendheid van die ballinge begryp nie.

Oor wie almal is wat moet terugkeer, waar die geld vandaan gaan kom, waar die ballinge gehuisves gaan word en waar hulle werk gaan kry, is niemand seker nie.

En intussen het die kwessie, soos die geweld in die townships, nog een van die speelballe in die langdurige onderhandelinge tussen die ANC en die regering geword. Na 'n reeks verklarings het die regering besluit om die terugkeerproses, wat amptelik op 1 Oktober begin het, te vertraag.

Kort hierna het die regering egter seine gestuur dat die proses voortgaan en verdere samesprekinge agter die skerms voortduur.

Aziz Pahad, lid van die nasionale uitvoerende komitee van die ANC, sê die grootste groep ANC-ballinge woon in Tanzanië en Zambië. Volgens hom is daar tans 3 000 ANC-ballinge in Lusaka alleen.

Behalwe vir dié twee lande woon daar ook groot balling-gemeenskappe in Zimbabwe, Kenia, Mosambiek, Amerika, Engeland en Lesotho.

Pahad sê: "Almal wat onder ANC-dissipline val, sal as ANC-ballinge terugkom." Hy beskou gewetensbeswaardes ook as ANC-ballinge.

Chikane sê groot sale en konferensiesentrums sal gehuur word om huisvesting aan diegene te gee wat nie onmiddellik hul families kan opspoor nie.

Groot ondernemings is ook al genader vir werkverskaffing. Hy wou egter nie sê wie én of hulle ingestem het nie.

Volgens Chikane, wat ook nog nie geweet het watter sentrums gehuur sal word nie, sal die hele repatriasieproses ongeveer twee jaar duur.

Pahad sê die ANC en ander organisasies hoop dat verskillende kerke ook deel van die proses sal word.

In Harare sê 'n balling, wat naamloos wil bly, dat hulle koffers "lankal reeds gepak is". Volgens bronne na aan die ANC, is daar "ontevredenheid en selfs vyandigheid" teenoor die ANC oor die swak reëlings wat tot dusver getref is vir die terugkeer van ballinge.

Kommunikasie is klaarblyklik swak: "Ons hoor nie elke dag wat in Suid-Afrika oor die ballinge gesê word nie en weet dus nie wanneer ons gaan terugkom nie."

Tog meen baie ballinge in Harare dat die oponthoud in hul terugkeer die regering en nie die ANC se skuld is nie. "Ons weet nie wanneer ons terugkom nie - vra vir De Klerk," sê hulle.

Volgens Jackie Selebe, nasionale koördineerder van die ANC se repatriasieliggaam en lid van die ANC se nasionale uitvoerende komitee, is die bewering oor ontevredenheid in veral kampe in Tanzanië en Lusaka "gerugte" en "vals".

"Die ANC kyk na sy lede en almal het kos. Dit is onwaar dat die mense tans in kampe sonder kos is en ontevrede met die ANC is."

> **'En intussen het die kwessie, soos die geweld in die townships, nog een van die speelballe in die langdurige onderhandelinge tussen die ANC en die regering geword.'**

Een van die brandpunte tussen die ANC en die regering bly die vrywaring van vervolging. Daar is meningsverskil en ooglopende misverstande oor die invul van vorms, wat ingevolge die Pretoria-Minuut aangekondig is.

Hierin moet ballinge sê waarom hulle aanspraak op vrywaring maak, en heelwat persoonlike inligting verskaf.

Selebe sê dié besluit het 'n "bespotting" gemaak van die ooreenkoms tussen die ANC en regering wat deur die gesamentlike werkskomitee van die ANC en regering opgestel is.

"Die regering en Departement van Justisie wil hê ballinge moet vir hulle vertel hoekom hulle die land uit is. Wat hulle dus eintlik wil hê, is dat dié mense moet sê watter oortredings hulle begaan het."

Volgens Selebe is 99 persent van die ballinge, wat wag om na Suid-Afrika terug te kom, steeds vervolgbaar onder verskillende wette. "Dit is nie die taak van die ANC om die polisie se werk vir hulle te doen nie," sê hy.

Pahad sê die ANC het verwag dat die regering net mense wat nie "duidelik ANC-lede is nie" sal verplig om die vorms in te vul.

"Ons het verwag dat die ANC die mense in die grys gebiede - wat nie om duidelik politieke redes die land uit is nie - sal vra om te verduidelik waarom hulle die land verlaat het.

"Dit is vir die ANC baie vreemd dat die regering nou probleme het met diegene wat die land inkom wat militêre opleiding ondergaan het.

"Ons het almal militêre opleiding van die een of ander aard ondergaan sedert ons die land verlaat het."

Daar is verskillende generasies van mense wat binnekort sal begin kom en vir wie Suid-Afrika totaal "anders sal wees", maar in baie opsigte "ook nog dieselfde", sê Pahad.

"Daar is die sestiger-geslag wat tydens die stigting van die eerste militêre groepe die land verlaat het. Dié mense is nou reeds oud.

"Dan is daar ook die groot groep wat net na die Soweto-opstand in 1976 uit is."

Volgens Pahad is die meeste van dié mense goed opgelei en het hulle skoolgegaan in die ANC-skole en -landboukolleges in Tanzanië.

Daar is ook 'n klein groepie wat die ANC verlaat het en nie meer onder ANC-dissipline val nie en dus nie deur die ANC teruggebring kan word nie.

Hy sê ook dat al die ballinge nie die ANC se verantwoordelikheid is nie omdat nie al die mense ANC-lede is of die land verlaat het weens politieke redes nie.

Die ANC maak hulself gereed vir die terugkeer van meer as 20 000 ballinge.

Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) het onlangs op versoek van die ANC se repatriasiekomitee 'n reeks werkswinkels en lesings aangebied om familielede en vriende voor te berei vir die terugkeer van die ballinge.

Die assistent sekretaris-generaal van die SARK, Hlope Bam, sê onderwys, raadgewing en beplanning van die ballinge en families geniet tans die hoogste prioriteit. Vyftien komitees van godsdiens- en politieke organisasies is al gestig om reëlings vir die terugkeer van ballinge te tref.

Die meeste ballinge sal moet terugvlieg, sê Pahad. "En dit sal natuurlik miljoene rande kos. Maar ons hoop dat die VVO se Hoë Kommissaris vir Teruggekeerdes met sowel die proses as die finansiering daarvan sal kom help."

Vaste ooreenkomste is egter nog nie aangegaan nie.

Volgens die ANC het sowel die "gees" van die Pretoria-Minuut as die besluite wat daar geneem is, die idee geskep dat daar geen probleme met die terugkeer van ANC-ballinge sal wees nie.

Selebe meen dat die Departement van Justisie eintlik die terugkeer-program van die ANC vertraag.

Pahad meen daar is baie wat nog aan die kant van die regering gedoen moet word: "Die meerderheid mense wat moet terugkeer het nie die nodige reisdokumente nie, gesondheidondersoeke moet gedoen word en mense se besittings moet ook op een of ander manier teruggebring word."

Oor waar die ANC die ballinge met hul terugkoms gaan huisves, sê Selebe: "Geen balling sal in 'n tent hoef te bly nie."

Mense sal ook 'n keuse hê oor waar hulle wil gaan woon.

"Omdat iemand vyftien jaar gelede uit Durban weg is, sal nie beteken dat dié mense weer daar moet gaan bly nie."

Maar hoewel die eerste ballinge reeds op 1 Oktober kon terugkeer, is daar oënskynlik nog groot onsekerheid by die ANC oor waar die mense gehuisves gaan word.

"Met die mense se terugkoms sal hulle huisvesting kry vanwaar ons die mense se familielede en vriende gaan probeer opsoek. Die ballinge sal natuurlik nie vir onbeperkte tye huisvesting kry nie."

Maar daar is ook nog nie begin om mense se familielede op te spoor nie.

Dit is duidelik dat die ANC nog nie sy repatriasieprogram op dreef kon kry nie. Selebe erken dit wanneer hy sê dat die ANC al die ballinge nie alleen kan hanteer nie.

"Die terugkeer van die ballinge is nie net die ANC se probleem nie, dis 'n nasionale probleem."

Chikane sê hulle is veral bekommerd oor die sielkundige effek wat die terugkeer op die ballinge gaan hê.

"Ons sal moet advies gee aan diegene wat terugkom. Ons sal aan hulle moet verduidelik dat daar nog baie apartheid is en sodoende die mense probeer oriënteer vir die dag wanneer hulle terugkom."


Pahad stem saam. Die ANC het nou al strukture begin opstel om die families van die ballinge voor te berei.

"Baie van die mense wat terugkom is siek en oud. Van die ballinge het ledemate verloor tydens gevegte en daar is ook ballinge wat geestelik versteurd is. Dit sal nie net vir hulle 'n geweldige aanpassing wees nie, maar ook baie gesinne ontwrig.

"Die meeste ballinge sal terugkeer na die gemeenskappe vanwaar hulle oorspronklik gekom het. Dié mense wat geen familie meer het nie, sal tydelik deur die ANC gehuisves word vanwaar die verskillende politieke organisasies waaraan hulle behoort toesig oor hulle sal oorneem.



# Kaliva 190 en 'n blik op die werklikheid




## RYK HATTINGH het die beraad van die Afrikaanse Skrywersgilde op Langebaan bygewoon

As gesant van die koerant en lid van die Afrikaanse Skrywersgilde het ek die konferensie by Klub Mykonos in Langebaan bygewoon. Ek het nugter waargeneem, aantekeninge gemaak en selfs 'n paar keer huiwerig aan die amptelike gesprek deelgeneem. Só het ek op 'n keer vir daardie trickster in dié tye van verandering, Marléne van Niekerk, ondersteun met 'n selfbewuste "Viva die verbeelding!"

Gewigtige sake is aangespreek en daar is baie gepraat: tientalle skrywers en akademici oor onder meer die verwikkeldheid van menswees in dié heel stukkende land, die toekoms van Afrikaans, die Afrikaans van die toekoms en 'n Suid-Afrikaanse letterkunde.

Daar is dikwels na 'n werklikheid daarbuite verwys en met selfvertroue oor die verlede en die toekoms gepraat.

Mosies oor hoe daardie werklikheid moet lyk is aanvaar of verwerp. Ek het myself tussen mense met 'n blik op die werklikheid bevind.

Ons was vier in kaliva nommer 190. Ek en drie vroue. Ek en Annelie de Wet het 'n kamer gedeel. My bed was teen die westelike muur en die see het twee verdiepings onder teen die rotse gebreek. In die aande het ons na Peter Green se *In the Skies* geluister.

Ernst Lindenberg: "Ek deel dié sentiment: die werklikheid sal nie ons wens wees nie."

Petra Müller: "Daar is kennisstelsels waarvan ons niks weet nie."

Willie Kgotsisile: "You write in the language you feel the most comfortable in."

Anna-Hilge Gagiano: "Kan 'The Mind of South-Africa' deur één man geskryf word. Is dit moontlik?"

Elsa Joubert: "Is dít Afrikaans? Hey man, I don't smaak 'n doll that goois drama."

Jan Rabie: "Moenie die enkeling vergeet nie."

Rushdie Sears: "Daar is nog 'n paranoïa te bespeur."

Pieter Conradie: "Ek moet WEG Louw doseer terwyl die polisie die kampus paradeer."

Antjie Krog: "Daar is 'n kloof tussen die gedigte wat jy aanbied en die werklikheid."

"Klub Mykonos, a taste of paradise. Ongeveer 80 minute per motor vanaf Kaapstad is Club Mykonos, genestel op die ongerepte oewer van die Langebaan Lagune waar buitelugontspanning en -vermaak sinoniem is met die Mediterreense lewenstyl. Met sy bekoorlike atmosfeer, soortgelyk aan die Griekse eiland Mykonos, is u vergewis van 'n rustige verblyf, met die klem op gerief en ontspanning.

Ook kenmerkend van die Grieke is hul gasvryheid, wat oral te vinde is in die kleurvolle dorpie met sy markte, kiosks, asook allerlei inkopiegeriewe en vermaaklikhede.

Ervaar die betowering van die opgewekte tavernes of skep behae in die vreedsame afsondering van u kaliva - waar ook al u voorkeur lê, Club Mykonos is die volmaakte toevlugsoord vir diegene wat op die allerbeste aandring" - Brosjure van Klub Mykonos.

Ek en Annelie de Wet, 'n kopieskrywer van beroep, het een middag op die strand gaan stap en later op die rotse gaan sit. Sy het my vertel dat sy belang stel in doodsbegeleiding en ons het oor diere begin gesels. Diere, en ek het uit Rilke se Agtste Elegie probeer aanhaal, maar my korttermyngeheue was geblaas. Hoewel hy nie van dié kontinent was nie, haal ek hom tog aan:

"Never, not for a single day, do we have
before us that pure space into which flowers
endlessly open. Always there is World
and never Nowhere without the No: that pure
unseparated element which one breathes
without desire and endlessly knows."

Isabel Hofmeyr: "Four out of ten South Africans are functionally literate."

Don Mattera: "Jesus het die middelpunt van die praise songs geword. Die helde is deur Jesus vervang."

Jeanne Goosen: "Die enigste orale Afrikaanse tradisie is rassistiese Boeregrappe."

Theo du Plessis: "Ek is nou so vaak, ek weet nie of ek kan aangaan nie."

Njabulo Ndebele: "Die doel is om te kommunikeer."

Sandile Dikeni: "Daar is kak in die land."

Antjie Krog: "Jy kan nie ander mense se lewens verander as jy nie jouself verander nie."

Die beraad is afgesluit deur Antoinette Butler en die Skietsels. Hulle moes vroeër al opgetree het want musiek spreek ruimtes in die mens aan waarvan woorde nog nie veel weet nie. Miskien is musiek die taal in die nuwe Suid-Afrika. Dié wêreld is met klank geskep en in die toekoms sal hulle op die bosklaviere speel om die mense van onderdrukking, meelewing en verlies te vertel.

Die laaste aand was daar 'n groot visbraai. In die ongemaklike skemerlig was twee mans in 'n woordewisseling betrokke. Vertrouensbreuk was in die lug en dit het geklink of dit op 'n geveg gaan uitloop. Ek en Annelie is terug na ons kaliva toe. Kaliva 190. Ander mense het later opgedaag en ek, met 'n glas water in my hand, het erken dat ek nie 'n greep op die werklikheid het nie, dat tyd nie sonder meer in verlede, hede en toekoms ingedeel kan word nie.

Ná die beraad het ek by vriende op Stellenbosch gaan kuier. Net voor ek moes vertrek het 'n doodstyding gekom. My vriend op Stellenbosch se pa is dood. "Ek verlang reeds na hom," het hy gesê.

Annelie de Wet het my op die Lughawe DF Malan gaan aflaai. Ek het haar gesoen en uitgenooi om by my en Marténe in Johannesburg te kom kuier. Sy het gesê sy sal gewis.

# 'Debat oor boikot was nodig'

DIE Afrikaanse Skrywersgilde het op sy jaarberaad op Langebaan 'n mosie aanvaar dat hy "hom in die lig van die huidige onderhandelingsklimaat en groter spraakvryheid daarvoor beywer om die akademiese en kulturele boikot opgehef te kry".

Drie van die vier beraadgangers wat teen die mosie gestem het, sit hul standpunte kortliks uiteen.


Antjie Krog


Jeanette Ferreira

**Antjie Krog:**

"Ek kon nie daarvoor stem nie omdat ek gevoel het die klem lê verkeerd.

"In die eerste plek word daar geen erkenning gegee aan die manier waarop die kulturele boikot binnelandse skrywers en kunstenaars na mekaar geforseer het nie. Vanweë ons isolasie het ons verhoë en tydskrifte en terreine met mekaar begin deel.

"In die tweede plek voel ek dat daar eerder 'n beroep op die regering gedoen moet word om toestande so te verbeter dat 'n kulturele boikot nie meer nodig is nie."

**Jeanette Ferreira:**

"Onderliggend aan die kulturele boikot is die isolering van 'n regime - 'n regime wat steeds byvoorbeeld 'n werkspermit aan twee Suid-Afrikaanse burgers weier: prof Njabulo Ndebele en sy vrou.

"Die aanvaarding van hierdie mosie loënstraf die feit dat 'n oorweldigende meerderheid van hierdie vergadering dieselfde oggend 'n versoekskrif aan die Staatspresident onderteken het vir die toestaan van 'n werkspermit aan Ndebele.

"Die bereiking van sekere van die kulturele boikot se doelstellings is nou 'n groter werklikheid as ooit tevore, maar dit is nog nie daar nie. Indien ons werklik die einde van 'n onregverdige politieke bedeling bereik het, sou onderhandelinge nie nodig gewees het nie.

"Ek sou eerder kon saamgaan met 'n mosie wat bepleit dat die boikot tydelik tersyde gestel word. In die praktyk is daar in ieder geval 'n merkbare verslapping van die boikot.

"So 'n mosie sou vir my die huidige stand van sake op 'n meer realistiese wyse vertolk het.

"Maar dan: as die mosie so bewoord was, was daar dan werklik 'n mosie nodig?

"'n Mens sou eerder wou sien dat die Gilde in doelgerigte, konstruktiewe handeling die strewe van 'n vryer Suid-Afrika laat manifesteer; eerder dit as 'n mosie wat die waarde ontken van 'n boikot wat wel daartoe bygedra het dat ons staan waar ons nou staan."

**Gunther Pakendorf:**

"Daar is twee kante van die kulturele boikot: 'n praktiese en 'n simboliese.

"Op praktiese vlak heers daar op die oomblik 'n sekere mate van verwarring, byvoorbeeld of dit selektief of universeel moet wees.

"Daar is blykbaar nie eensgesindheid in ANC-geledere nie - soos Barbara Masakela se deelname aan die Grahamstadse Fees duidelik getoon het, en die administrasie laat veel te wense oor.

"Ek het byvoorbeeld in April aan 'n konferensie in Duitsland deelgeneem waar daar sekere ANC-lede teenwoordig was, en nie 'n woord oor òf die boikot òf my toelating as Suid-Afrikaner is gerep nie. Trouens, ek sal graag wil weet hoeveel Afrikaanse skrywers hoegenaamd al deur die boikot geraak is.

"Op die simboliese vlak lyk sake anders. Die Afrikaanse Skrywersgilde moet besef watter boodskap hulle met dié mosie aan die wêreld uitdra. 'n Jaar gelede het hulle begin kennis neem van die struggle, en stappe gedoen om hulle geledere oop te stel. Die huidige beraad op Langebaan is 'n bewys van die oop deur.


"Met die aanvaarding van die mosie, wat sy bedoeling ookal mag wees, word die deur weer toegeklap.

"Die oorspronklike mosie is afgewater. Ek het nogtans daarteen gestem omdat dit daardie boodskap van toe deure nog behou het. My oordeel is dan ook bevestig toe 'n sekere koerant hierdie persepsie met sy opskrif die Maandagoggend na die beraad reeds weergegee het: 'Skrywers verwerp kulturele boikot'.

"Wat op die oomblik nodig is, is 'n indringende debat, nie verwerping nie."

\- HANS PIENAAR

# Leroux se laaste bly onduidelik



Etienne Leroux

**DIE SUIWERSTE HUGENOOT IS JAN SCHOEMAN**
*Deur Etienne Leroux*
*Human & Rousseau (R69,99)*

**EDUAN SWANEPOEL**

DIE besondere verhouding tussen uitgewer en skrywer vind soms neerslag in die publikasie van 'n buitengewone boek. Hierdie soort huldeblyk dra nie alleen by tot die erkenning van die bydrae wat 'n skrywer maak in 'n gemeenskap nie, maar bevestig ook die uitgewer se ingesteldheid tot en verantwoordelikheid teenoor 'n breë kunstenaars- en lesersgroep.

Die publikasie van Etienne Leroux se laaste onvoltooide romanmanuskrip "Die suiwerste Hugenoot is Jan Schoeman" deur Human & Rousseau, wil so 'n huldeboek wees. Dit bestaan uit twee dele. Eerstens is daar die onvoltooide romanmanuskrip waarin vertel word van die reis wat die hoofkarakter onderneem na die 300-jarige herdenkingsfees van die Franse Hugenote se koms na Suid-Afrika. Dis 'n reis wat in baie opsigte skerp satiriese kommentaar lewer op Suid-Afrika in die tweede helfte van die 1980's. In die tweede deel vind die leser die aantekeninge wat die skrywer gemaak het tydens die skryf van die roman. Talle bronne word vermeld, verklarings gegee en aantekeninge oor sosiale en politieke aspekte opgeteken.

Wat opval in hierdie publikasie, is die formaat. Die oorspronklike manuskrip, gedruk op goeie papier, word in hardebanduitgawe in A4-grootte aangebied. Op die voorblad is 'n volbladafbeelding van Leroux se gesig. Die besonderhede herinner aan 'n ander huldeblyk wat jare gelede ook deur Human & Rousseau gepubliseer is.

D.J. Opperman se laaste voltooide digbundel "Komas uit 'n bamboesstok" is in soortgelyke "volksboek"-formaat gepubliseer. Dié vergelyking wat onwillekeurig ontstaan, bring 'n belangrike literêr-morele kwessie na vore: behoort die onvoltooide, onafgeronde werk van 'n skrywer sonder meer in glansformaat gepubliseer te word?

Opperman se huidige kopiereghouer het konstant geweier dat sy onvoltooide laaste manuskrip gepubliseer word omdat sy literêre integriteit daardeur aangetas sou kon word: onvoltooide manuskripte is nie literêre produkte nie en behoort daarom nie sonder meer gepubliseer te word nie.

Myns insiens sou die insluiting van 'n korrektief in die vorm van 'n literêr-teoretiese redaksionele hand die morele probleem hier kon uitskakel. Die ontstaans- en ontwikkelingsgeskiedenis van die manuskrip bly onduidelik. Dit wil voorkom asof die grootste deel van die skryfwerk in 1987 en aan die begin van 1988 gedoen is met die bedoeling dat die publikasie van die voltooide roman met die Hugenoteherdenkingsfees in 1988 sou saamval. Waarom Leroux die manuskrip nie toe en ook nie later (kon) voltooi nie, bly 'n kernvraag wat onbeantwoord gelaat is.

Wat Kannemeyer in "Die galeie van Jorik" gedoen het, nl. die verklaring van die totstandkoming van die Opperman-teks, sou die korrektief kon wees om dié Leroux-manuskrip in publikasievorm van literêre kuriositeitstatus te transformeer tot 'n literêr-akademiese gefundeerde publikasie.

*Eduan Swanepoel doseer Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Natal in Durban.*

# Stukkies vers wat jy nie vergeet nie

**DAE VOOR WINTER**
*Deur Phil du Plessis*
*Tafelberg (R24,95)*

**FANIE OLIVIER**

DIE titel van Phil du Plessis se vyfde digbundel, "Dae voor winter", wil dui op sowel die herfsgety in die natuur as op die najaar van die lewe. Dit is 'n tyd van besinning, maar ook een waarin 'n mens met gelatenheid die verlede oor jou kan laat spoel.

Net gelatenheid? Nee, ook verlange na iets wat onherroeplik verby is; geskiedenis dus, wat in die helder lig van 'n Kaapse herfs aan jou bly knaag. Lig-lig.

In hierdie lig dui hierdie bundel op vernuwing in die werk van Du Plessis, 'n man wie se vroeëre bundels moeisame lees beteken het: heelwat esoteriese verwysing aan die een kant en 'n taalvertonerigheid aan die ander.

Die vyf afdelings waarin die bundel verdeel is, bestaan veral uit gedigtereekse. Die meeste van hierdie gedigte binne die reekse is klein, kort stukkies liriek, impressies in woord wat heel duidelik wil aansluit by die Japannese en Chinese tradisies.

Die eerste siklus in die tweede afdeling noem die digter dan ook "Die Ooste en ek", en in sy aanbieding van drie haikoes word twee temas van die bundel duidelik: die natuur as draer van emosies en die natuur as betekenaar van emosies:

*jy sê net één woord*
*en lippe vries*
*in die herfswind*

en

*die see is donker,*
*die roep van die wilde-eend*
*vaagwit.*

Hierdie sfeer vorm ook 'n laag in Patrick Cullinan se bundel "The White Hail in the Orchard" waaruit Phil du Plessis in sy bundel sewe vertalings of "weergawes" aanbied in die reeks "Patrick Cullinan en ek."

Die verkennings van stemming word voortgesit in die derde afdeling, eers in 'n reis in die musiek in "Toondig", en dan Spanje toe ("By Segovia"), waar die spanning tussen die landskap en geskepte werklikheid weer sentraal staan. Hierdie geskepte werklikheid (wat ook in ander gedigte in hierdie afdeling ter sprake kom) sluit die paleise en die kerke in, die geskiedenis en die poësie.

Heel anders, egter, as die gesprek oor die kerk en die godsdiens, is die "Kantikel met Juan" waarmee die vierde afdeling begin. Hierdie reeks het heelwat van die mistiek daarin opgesluit en dit is dus ook nie vreemd nie as die taal in hierdie verse saamklink met die poësie wat ons uit die Bybelse Hooglied leer ken het nie: "Ek lees selfs Hoogliedere," bely die digter in sy vers "Brief vir Wilhelm" - 'n gesprek met die gestrowe Wilhelm Knobel.

Ook ander gedigte in hierdie vierde afdeling staan in die teken van menslike deernis en gemis, met die reeks liefdesverse vir drie "gestorwe" bemindes in "Les Tombeaux des Trois Amis" as 'n sluitstuk.

In die slotafdeling, "Vacanas uit die aangesig," word die metafisiese laag nog verder gevoer in 'n gesprek tussen die "songod en sy skepsel." Hier word die sterflikheid van die mens as sy heel grootste bate bestempel, en gryp die bundel terug na die openingsreeks se verwoording van die dood van die sonneblomme: "terwyl hulle swart word soos die aarde".

Die bundel, lyk dit my, betoog vir die reg van die digter om in die eerste plek sterflik te wees binne 'n heelal "stuwend soos 'n see."

Alhoewel "Dae voor winter" 'n deurgewerkte bundel is, is dit waarskynlik ook juis hierdie bedagtheid wat hinder.

In plaas daarvan dat die stemmings en gevoelens "vlekloos" en "diep gevou in donker koue water" lê, word hulle te nadruklik juis gesê.

Miskien regverdig die bundel as bundel nie die R25-00 wat dit vra nie, maar daar is stukkies vers hierin wat ek nie ligtelik sal kan vergeet nie. En is dit uiteindelik nie al wat tel nie?

*Fanie Olivier is die digter van onder andere "gom uit die sipres" en "om alleen te reis" en die nuwe voorsitter van die Afrikaanse Skrywersgilde.*

**Onder redaksie van KOOS PRINSLOO**


*Congress of South African Writers*

*5th Floor, Khotso House*
*62 Marshall Street*
*JOHANNESBURG*
*Telephone: 836-9594/5/6*

COSAW

*PO Box 5817*
*JOHANNESBURG*
*2000*
*Fax: (011) 836-9597*

The Congress of South African writers invites it's members, the public and the press to a forum on

**WRITERS AND VIOLENCE**
**Discussion and Readings**

**DATE:** 20th October 1990
**TIME:** 10h00-13h00
**VENUE:** Funda Centre Auditorium
Diepkloof
Soweto

*Opening and Welcome: Maano Tuane*
*Chairperson: Achmat Dangor*

*SPEAKERS:*

Keorapetse Kgositsile
*The writer and exile as violence*

Boitumelo Mofokeng
*The writer and repression*

Don Mattera
*Writer's unity in a violent situation*

Dikobe Martins
*Prison: Writing under repressive conditions*

*SELECTED READINGS ON VIOLENCE:*
*Ingwapele Madingoane; John Duarte; Orenna Krut; Charles Malan; Siphiwe Ngwenya; Lesego Rampolokeng and Buyisile Jonas*
*Also: Free reading and discussion from the floor - Please bring own work*

*Telephone Raks Seakhoa at 836-9594/5/6*

*Writers For Freedom! Freedom For Writers!*

# 'Dít was die toppunt van verraad'

## In die vyftigerjare was Retief Oosthuizen en HENNIE SERFONTEIN bittere vyande. Nou praat hulle al met mekaar

RETIEF OOSTHUIZEN was 35 jaar gelede 'n blinde voorstander van politieke, sosiale en ekonomiese apartheid. In daardie jare was hy ook die voorbok in die heksejag teen "Afrikaner-liberales" wat die morele en praktiese grondslag van apartheid durf bevraagteken het.

As organiseerder was hy deel van die gedugte NP-masjien wat die regering aan bewind gebring en gehou het met dié slagspreuk: Apartheid op alle vlakke.

Vandag, 'n sakeman, is die 60-jarige Oosthuizen steeds 'n lojale ondersteuner van die NP, maar aanvaar hy sonder om 'n oog te knip die onderhandelings met die ANC, oop lidmaatskap van die NP en 'n meerderheidsregering.

In 1955 het ons bittere ideologiese en persoonlike vyande geword omdat 'n groepie van ons in opstand teen die NP en apartheid gekom het en hy die isolasie- en ekskommunikasieveldtog teen ons "Afrikaner-verraaiers" gelei het.

Die week sê hy aan my: "My grootste skok was toe ek 30 jaar gelede gehoor het dat jy die Afrikaner uitverkoop het deur by die Progressiewe Party aan te sluit. Dit was ondenkbaar dat 'n Afrikaner met Engelse liberaliste teen sy eie mense kan werk. Dít was die toppunt van verraad."

Ons praat oor hoe die Nasionaliste soos hy en andere dan so maklik die revolusionêre veranderings van FW aanvaar.

"Daagliks is ek in bittere argumente betrokke met oud-kollegas, vriende en familielede wat Treurnicht ondersteun. Hulle is blind vir die werklikhede van vandag.

"Oor die jare het swartmense in sogenaamde blanke gebiede bly woon, in getalle toegeneem. Vandag is hulle die oorgrote meerderheid. 'n Mens kan hulle eenvoudig nie wegdink of -wens nie. Hulle is hier vir altyd.

"Hoe meer ons dié werklikheid ontken, hoe meer is ons besig om hulle te onderdruk. Hoe meer ons hulle onderdruk, hoe groter die opstand uiteindelik teen ons en hoe groter die prys wat



Retief Oosthuizen

ons sal betaal.

"Dit is soos om 'n rivier wat afkom te probeer keer. Ons kan elke keer die damwal verhoog, maar uiteindelik stort dit in duie en verwoes alles."

Ek vra hom: Maar 35 jaar gelede het julle kritiek op apartheid verwerp. Hoekom is dit nou anders?

"Die tye het verander. Ons het toe met die Bantoes op plase grootgeword, saam geswem en gespeel. Ons het 'n goeie verhouding gehad. Toe was sosiale verkeer nog taboe.

"As ek 30 jaar gelede 'n Bantoe met die hand moes groet, het ek gevoel ek moet my hand was.

"Maar vandag is die meerderheid swartmense verstedelik, en miljoene leef in die allerhaglikste omstandighede. Blankes is salig onbewus dat die swartmense van KwaNdebele byvoorbeeld drie-uur soggens die huis verlaat om in Pretoria te werk en saans nie voor nege weer tuis is nie. Hulle sien nooit hulle kinders nie. Die gevolg is dat swart ouers heeltemal beheer oor die jeug verloor het, een oorsaak van die swart radikalisme en gedurige getoyi-toyi."

Is jy nie geskok oor die oopstelling van die NP vir swartmense nie?


"Beslis nie. Ek en talle ander Afrikaners verwelkom dit ten volle. Want hoe lank gaan ons voort om ons self te bluf dat ons as 'n minderheid blankes kan bly voortbestaan as ons nie alliansies vorm, of met anderskleuriges saamwerk nie.

"Net so 'n sterk voorstander as wat ek in 1943 van apartheid was, is ek vandag bereid om alle vlakke ten nouste met swartmense saam te werk.

"So sal ek dit verwelkom as swartmense in die huis langs my intrek. Ek weet hy kan dit slegs doen as hy dit kan bekostig. Ons as blankes sal dan slaag om ons stempel van blanke beskawing op hom af te druk - wat hy sal moet aanvaar as hy hier tussen ons wil woon.

Daarom verwelkom ek die swartmense in die NP sodat ons hulle kan intrek teen die radikales."

Is jy nie bang vir die implikasies van swart lidmaatskap nie? Sê nou maar swart lede wil



met blanke vroue by 'n partytjie dans?

"Nee, ek is nie bevrees daarvoor nie. Ek ken die swartman goed en praat Xhosa vlot. Die grootste meerderheid swartmense het geen begeerte om sosiaal met blankes te meng nie en sal hulle op hul plek afsydig van sulke sosiale geleenthede hou."

Is jy nie bang die ANC sal die beheer oorneem in 'n stelsel van meerderheidsregering en een mens een stem nie?

"Nee. Dit bly nog steeds besig om onderhandelende dood te gaan as om gewis te sterf deur te weier om te onderhandel deur jou agterwêreld teen die ganse bevolking en die wêreld te draai."

# SA se leiers (34): Steve Tshwete

STEVE TSHWETE is al van kindsbeen af deur die politieke verwikkelinge rondom hom geprikkel. "EK is aan die politiek voorgestel deur my laerskoolhoof wat 'n lid van die ANC was."

Tshwete is 'n lid van die ANC se nasionale uitvoerende komitee en 'n stigterslid van die UDF. Hy is op 12 November 1938 op Springs gebore. Hy het later saam met sy ouers na Peelton naby King Williams Town getrek. Daar het hy sy primêre skoolopvoeding ontvang en is daarna na die Welschhoërskool in Oos-Londen.

Nadat hy gematrikuleer het, het hy by die ANC aangesluit en later as 'n streeks-sekretaris van dié organisasie gewerk. Tshwete was ook 'n eerstespan-rugbyspeler in sy dae. Hy het rugby gespeel vir 'n plaaslike alternatiewe klub in Oos-Londen en in 1961 het hy selfs vir Grens gespeel.

In Junie 1963 is Tshwete in hegtenis geneem en in alleenaanhouding in Koemga, Oos-Londen geplaas. In Februarie van die daaropvolgende jaar het hy in die Hooggeregshof verskyn en is tot 15 jaar op Robbeneiland gevonnis weens sy ANC-bedrywighede in die vroeë sestigerjare. Terwyl hy op die eiland was, het hy deur die Universitiet van Suid-Afrika 'n BA in filosofie gedoen. Hy is in 1979 vrygelaat - met 'n inperkingsbevel wat hom verbied het om die landdrosdistrik van King Williams Town te verlaat.

Tshwete het hierna vir drie jaar onderwys by 'n plaaslike hoërskool in Peelton gegee. Hier het hy betrokke geraak by vakbonde en ondergrondse politieke strukture in Oos-Kaapland. Dié politieke draadjie is egter kortgeknip deur die destydse Ciskeise leier, Lennox Sebe, wat hom vir vier maande in hegtenis geneem en hom uit sy pos as onderwysers geskors het.

Hy was egter nie aangekla van enige oortreding nie. Tshwete meen dit was omdat hy 'n stigterslid van die UDF was in 1983. Hy het toe vir 'n regspraktyk op King Williams Town gaan werk.


In Oktober 1984 is Tshwete verbied om Suid-Afrika vanuit Ciskei binne te kom deur die destydse minister van Binnelandse sake, Stoffel Botha. Hy sou voortaan die land net deur middel van 'n visum kon binnekom.

"Ek het gesweer dat ek nooit 'n visum sal dra om my eie land te besoek nie," sê Tshwete.

Al dié beperkings was egter nie struikelblokke vir die vasbeslote Tshwete nie. In dieselfde jaar het hy sy bedrywighede ondergronds voortgesit en die polisie lank ontwyk. Sy laaste openbare verskyning, na 'n lang tyd in skuiling, was toe hy duisende roubeklaers in Duncan Village gaan toespreek het, toe 19 mense begrawe is wat in 'n konfrontasie met die polisie dood is.

In 1985 het hy uiteindelik die land verlaat. Hy is by die ANC se hoofkantoor as politiek-militêre raadgewer aangestel.

- IRENE LOUW



Steve Tshwete


**Onafhanklike joernalistiek op sy beste - teen 'n kwart van die prys**

**Dié spesiale aanbod is nie te versmaai nie: R57 vir 'n jaar se Vrye Weekblad by jou huis of kantoor afgelewer of per pos aangestuur (die gewone prys is R75), en R30 vir ses maande (gewone prys: R40). AVB is ingesluit.**

Is jy onseker of Vrye Weekblad jou soort koerant is?
Teken dan net vir drie maande in - vir net R17,50 (AVB ingesluit). Dié aanbod geld net vir drie maande. Vul dus dadelik dié vorm in en stuur aan:
**Vrye Weekblad Verspreiding, Posbus 177, Newtown 2113.**

**Ek wil op Vrye Weekblad inteken vir:**
**Twaalf maande☐ ses maande☐**
**drie maande☐**
**en sluit 'n tjek/poswissel vir R______ in.**
**Naam** ____________
**Adres** ____________



'n Groepfoto van almal wat die reünie bygewoon het

(Foto's: Lise Joubert)

# Verlede herleef by NJB-reünie

**Verlede week, op 10 Oktober, was daar 'n besonderse reünie. Politieke veterane van die veertiger en vyftigerjare het mekaar weer na jare gesien en gevind dat die onoorbrugbare kloof van 35 jaar gelede dramaties vernou het. HENNIE SERFONTEIN het die reünie bygewoon**

DIE politieke gebeure van 'n halwe eeu gelede het verlede week voor 'n paar van die heel gryse en oudste veterane van daardie tyd verby geflits.

Die "jongeres" onder hulle het die gebeure, ervaringe en politieke gevegte van 'n 35 - 40 jaar gelede herkou en hul aantekeninge vergelyk. Sommige van die aanwesiges het mekaar meer as 30 gelede gelede gesien.

Die dag: 10 Oktober. Die geleentheid: 'n reünie van mense wat in die veertiger- en vyftigerjare 'n toonaangewende rol in die gewese Transvaalse Nasionale Jeugbond (NJB) - die jeugafdeling van die NP - gespeel het.

Die NJB was in daardie jare sonder twyfel die bes georganiseerde en mees gedugte blanke jeugorganisasie. Die NJB het dan ook 'n deurslaggewende rol gespeel met die bewindsoorname van die NP in 1948 én in 1953 toe dié magsposisie gekonsolideer is.

Dit was ook 'n dag van nostalgie en 'n tikkie weemoed. Vier dekades gelede was die lewe en die politiek eenvoudiger. Ons was toe vervul met 'n bruisende geesdrif van Afrikaner-Nasionalisme in die stryd teen Engelse oorheersing - soos dit gesien is - en die "bevryding" van die Afrikaner.

Vandag is daardie selfde groep Afrikaners polities diep verdeeld en verteenwoordig die hele spektrum van die huidige politieke denke. Die meeste is verbete ondersteuners van die hervormde NP, 'n paar is vurige KP-manne, enkeles is by die DP en daar was 'n ANC-simpatiseerder of wat.


Van die aanwesiges het diep spore getrap in die gedugte organisasiemeganismes van die NJB en sommiges het hoë politieke poste gevul.

Daar was Marais Viljoen, eers joernalis, organiseerder, kabinetsminister en uiteindelik president; Willem Cruywagen, kabinetsminister en administrateur; Ben van der Walt, party-organiseerder, administrateur en ambassadeur; Johan Mills, direkteur-generaal van Bantoe-administrasie en kommissaris-generaal van verskeie tuislande; Sporie van Rensburg, Kerkadministrateur, jeugorganiseerder en LP.

Oud-LP's JJB van Zyl en Willem Grobler het die KP-denke verteenwoordig.

Verskeie van die teenwoordigers was oud-organiseeders van die meedoënlose NP-masjien onder leiding van Jan de Klerk (die vader van FW), Retief Oosthuizen, Louw Bezuidenhout en Piet van der Colff.

Vyf oud-hoofleiers van die NJB was teenwoordig: Marais Viljoen, 'n medestigter in 1938; die omstrede prof Willem Kleynhans, kenner van die politieke geskiedenis; Retief Oosthuizen; Abraham Roux, professor in filosofie by Unisa; en Willem Grobler.



Vyf oud NJB-leiers: (v.l.n.r.) Willem Grobler, Retief Oosthuizen, Abraham Roux, Willem Kleynhans en Marais Viljoen



Attie van Tonder en Willem Cruywagen

Vir mense soos Kleynhans - die dryfveer agter die reünie - en myself had die dag besondere betekenis, want dit was op 'n NJB-kongres 35 jaar gelede dat ons met die NP gebreek het.

Die strydpunt was die verwydering van die "Kleurlinge" van die kieserslys deur die vergroting van die Senaat. Kleynhans was die leier van die geskiedkundige verset van 13 Nasionale akademici en lid van die Werda-tak waarvan ek die leier was. In opdrag van JG Strijdom, die Eerste Minister, word Kleynhans verbied om die NJB-kongres toe te spreek. 'n Handjievol van ons het in ons jeugdige voortvarendheid besluit dat politieke beginsels belangriker as ambisie is en met die party gebreek.

Van ons bittere opponente daardie dag sluit mense soos Willem Grobler en Retief Oosthuizen in.

Verlede Woensdag het ons vir die eerste keer ons ervaringe van daardie emosionele en pynlike dag gedeel.

"Wie was die skrywer van die naamlose smeerpamflet teen ons waarin die NJB teen ons gewaarsku is as synde wolwe in skaapsklere," wou ons van Oosthuizen weet.

Hy bevestig die jarelange vermoede: dit wás hy. "Maar julle was te liberaal en julle tyd vooruit.

"Julle het julself die reg toegeëien om die leierskap te kritiseer terwyl ons geglo het dit is ons taak om die leiers te ondersteun in wat hulle ook al doen."

Cruywagen vertel hoe ek en hy in 1953 in Greenlands, die klein Vrystaatse gehuggie, saam 'n dubbelbed by 'n weduwee gedeel het. Ons was saam sprekers by 'n Geloftedagfees, 'n geleentheid wat in daardie jare as 'n ekstra platform vir NP-propaganda beskou is.

'n Ander konfronteer my: "Vandag is jy links en pro-ANC, maar jy vertel nie dat jy in daardie jare as wenner van die JG Strijdom-redenaarskompetisie van verhoog tot verhoog is met die tema 'Die vorm van radikale partisie' nie."

Dit is Kleynhans wat die gevoel van almal verwoord. Nieteenstaande diepe verskille vandag was die NJB in sy tyd 'n unieke organisasie.

Maar 'n paar treffende opmerkings deur Marais Viljoen na 'n lang dag se kuier en 'n pelgrimstog deur die verlede, toon aan dat baie Afrikaners so fundamenteel verander het dat die onoorbrugbare kloof van 35 jaar gelede dramaties vernou het.

Hy sê: "As revolusionêres in die verlede kan ons die huidige ingrypende regeringsveranderinge ondersteun.

"Ook omdat ons in daardie jare - veral in die stede - deur die Engelse onderdruk is, verstaan ons vandag beter as ander groepe die gebeure om ons."

# Gaan ons die volgende geslag ook verloor?

Geloofspraatjies



**Prof DAVID J BOSCH, dekaan van die Afdeling Sendingwetenskap aan Unisa, sê die owerheid - ook die private sektor - moet opgeroep word tot 'n vasberade program waardeur ten minste 'n deel van die skandvlek van die verlede uitgewis kan word**

SO sing die sanggroep Ladysmith Black Mambazo:

*"Homeless, homeless*
*Moonlight sleeping on a midnight lake...*
*Strong wind destroy our home*
*Many dead, tonight it could be you*
*Strong wind, strong wind*
*Many dead, tonight it could be you...*
*And we are homeless, homeless..."*

In die huidige geskarrel om politieke oplossings vir ons land te vind, kan dit maklik gebeur dat sommige basies-menslike aspekte van die Suid-Afrikaanse werklikheid oor die hoof gesien word. Een van dié werklikhede is die haglike toestand wat die behuising van die armer groepe in die Suid-Afrikaanse nasie betref.

'n Jong, entoesiastiese en verbeeldingryke organisasie het pas 'n studiestuk die lig laat sien wat juis hierop die aandag vestig. Ek verwys na die Christian Research Education, and Information for Democracy (Creid) se boekie "Homes for all: The challenge of homelessness." Dié boekie bevat baie stof tot nadenke, veral as mens uit die Christelike oogpunt daarna kyk.

Die Ou Testamentiese beeld van "sjaloom" - daardie allesomvattende vrede, met God, met jou naaste, met jou omgewing, met jouself - word mooi beskryf in 1 Konings 4:24: "Na alle kante toe was daar vrede, en solank Salomo geleef het, het die Judeërs en die Israeliete van Dan af tot by Berseba veilig gewoon, elkeen met sy eie wingerdstok en sy eie vyeboom om onder te sit".

En een van die Nuwe Testamentiese beelde vir die uiteindelike, omvattende heerlikheid, is dié van die huis van die Vader waar daar baie woonplek is, ruimte vir almal, en geen gevaar vir oorbevolking nie. 'n Ware huis is 'n tuiste, 'n plek waar mens gelukkig is en graag wil wees.

En daar is inderdaad baie mense, hoofsaaklik blankes, wat gelukkig lewe, wat - metafories gesproke - elkeen sy wingerdstok en vyeboom het om onder te sit. Sommige het selfs - om die beelde van Amos 3:15 te gebruik - winterhuise en somerhuise, huise met ivoorinleg...

By ons swart landgenote is die situasie egter heeltemal anders. Daar is een "formele" huis - in die sin dat dit behoorlik gebou is, sê van stene en sement - vir elke 3,5 blankes. Maar daar is net een vir elke 43 swartmense. Aan die begin van die tagtigerjare was daar 1 286 000 formele wonings vir blankes (14 persent van die totale bevolking), dog net 486 000 sulke wonings vir swartmense (73 persent van die bevolking). Die res van die swart stedelike bevolking het "verblyfplek" in bediendekamers, kampongs, hostelle en krotte gevind.

Die tragedie is dat ons hier nie net met die resultate van armoede te make het nie, maar ook met die gevolge van politieke intrige. Vir ten minste 'n kwarteeu, van die vyftigerjare af, het die mite van die tydelikheid van die swart stedelike bevolking tot die kern van regeringsbeleid behoort. Die verdere bou van huise in die swart woongebiede - selfs van die "matchbox"-tipe - is geweldig ingekort.

Selfs mense wat volgens die berugte Artikel 1 gekwalifiseer het om in stedelike gebiede te woon, het vergeefs op huisvesting gewag. En natuurlik het niemand eiendomsreg gehad nie en kon niemand self 'n huis bou nie. Alle huise het aan die owerheid behoort.

Die beleid het voorts bepaal dat geen verdere skole, veral sekondêre skole, in die stedelike gebied gebou mag word nie. Slegs in die "tuislande" is nuwe skole gebou, en stedelike swartmense moes hulle kinders teen groot koste ver van huis stuur om skoolopleiding te kry.

Die dekreet van die Ortodokse Geloof was dat die jaar 1978 die keerpunt sou bring. Van daardie jaar af sou die Groot Trek terug na die tuislande in alle erns begin en sou die tydelike verblyf van die meerderheid swart stedelinge beëindig word. En spoedig sou die meerderheid van die bevolking van "wit" Suid-Afrika blank wees.

Wat in werklikheid gebeur het, was dat die bevolkingsdigtheid in die alreeds oorvol swart woonbuurte maar net groter geword het. Die huisies het voller geword. En 'n nuwe verkynsel het bygekom: die oprigting van krotte in die klein agterplasies van die "formele" huise in die swart woonbuurte. In dele van Soweto het soveel as sestig persent van alle "formele" huise krotte in hulle agterplase.

Die Stedelike Stigting bereken dat daar in die PWV-gebied 412 000 formele huise vir swartmense is, teenoor 422 000 agterplaaskrotte en 'n verdere 635 000 krotte op onbewoonde grond. Die tekort aan wooneenhede vir swartmense buite die "tuislande" het teen 1988 die skrikwekkende syfer van 800 000 bereik.

Oor die volgende twintig jaar moet jaarliks 127 000 huise vir stedelike swartmense gebou word - 'n gemiddeld van "vyftien huise per uur", dag en nag, week in en week uit. Inderdaad 'n onbegonne taak! (En tog gee Creid konkrete riglyne oor die praktiese uitvoerbaarheid van ten minste 'n deel van so 'n projek.)


Feit is dat die verskriklike omvang van dié probleem grotendeels die gevolg van 'n onversetlike ideologie was en van patetiese wensdenkery. Die magiese jaar, 1978, het gekom en gegaan, en vandag woon daar meer swartmense in die stede as ooit tevore.

In die algemeen gesproke, het kerke nie onomwonde genoeg die onreg van dié beleid aan die kaak gestel nie. En noudat die beleid verander het, lê dit ten minste op die weg van die kerke om die owerheid op sy verantwoordelikheid te wys. Dit is nie genoeg dat die beleid verander het nie; daar moet ook iets gedoen word aan die herstel van die onreg van die verlede.

Die owerheid - ook die private sektor - moet opgeroep word tot 'n vasberade program waardeur ten minste 'n deel van die skandvlek van die verlede uitgewis kan word. Arm mense is vir geld verkoop, "behoeftiges oor 'n paar sandale" (Amos 8:6), terwyl ander "huis na huis inpalm, die een plaas na die ander in die hande kry, totdat daar geen plek vir ander oorbly nie" (Jesaja 5:8).

Sonder huise waarin menswaardig geleef kan word, is dit nie moontlik om 'n waarlik menslike samelewing op te bou nie. Daar word deesdae dikwels gepraat van die "lost generation"; gaan ons die volgende geslag ook verloor?

# Islam en menseregte: die debat duur voort



**MAWLANA EBRAHIM MOOSA, dosent in Islamitiese Denke en Kultuur by die Departement Godsdiensstudies aan die Universiteit van Kaapstad, skryf oor Islam en menseregte**

ISLAM se geloofswet - die goddelike Sharia - en die gepaardgaande teologie wat in 'n spesifieke geskiedkundige en kulturele stel omstandighede in die sewende eeu ontstaan het, kort heelwat van die bepalinge van 'n moderne handves vir menseregte.

In die geskiedkundige model word die Moslem-man byvoorbeeld bevoordeel bo die nie-Moslem, en bo vroue en slawe. Volle burgerregte is iets wat net die belydende Moslem-man geniet. Dit is in stryd met die huidige begrip van menseregte, wat onderskeid op grond van geloof, geslag of status afkeur.

Die gewese Irakese-Sjiïtiese Moslem-leier, Ayatolla Mohammed Baqir al Sadr, het dit só vertolk: "Hoe kan diegene wat verdoem is om in die hel te braai (nie-Moslems) dieselfde regte en voorregte geniet as dié wat geoormerk is vir die ewige lewe van die paradys (Moslems)?"

Of soos 'n gewese Pakistanse politieke figuur en Sunni-geloofsleier, Moefti Mamoed, dit gestel het: "As met menseregte bedoel word dat 'n ongelowige gelyk is aan 'n ware Moslem-gelowige en dat 'n vrou dieselfde rang geniet as 'n man, dan sê ons: Hou dit en los Islam uit..."

Maar dan moet onmiddellik bygevoeg word dat dié stellings binne 'n bepaalde kulturele omgewing gemaak is en uit 'n sekere opvatting van Islam ontstaan.

Daar moet ook aangedui word dat 'n mens nie van "Islam" kan praat asof dit 'n buite-ruimtelike konsep is wat eenmalig en ongedifferensieerd oor alle tye en plekke voorkom nie. So 'n benadering is te simplisties en naïef vir 'n komplekse verskynsel soos Islam.

Waar daar wel in 'n sekere sin van basiese en algemene konsepte gepraat kan word, is daar ook vele "Islams" wat van Riyad tot Djakarta in wese en praktyk verskil. Dus, op die vraag of die Islamitiese geloofswet, die Sharia, relevant is in 'n moderne konteks, is die antwoord onomwonde ja, maar nie in sy geskiedkundige vorm nie.

Daar is reeds Moslem-denkers wat worstel met die taak om 'n Islamitiese bydrae te maak tot die wêreldwye debat oor menseregte. Uit die oogpunt van dié raamwerk gesien, het 'n Islamitiese bydrae baie gemeen met die universele handves van menseregte, hoewel daar ook punte van verskil is.

Die verskille sal nie in wese strydig met die begrip van menseregte wees nie. Op sy beurt sal die diskoers van menseregte in Islam die Sharia as vertrekpunt neem en in die simbolestelsel van Islam geanker wees. Die begrip van Sharia in hierdie model word dan beskou soos wat talle Moslem-regsgeleerdes dit deur die eeue beskou het, naamlik as buigbaar en relatief tot die sosio-ekonomiese omstandighede waarin die Moslem hom- of haarself bevind.

In die sewende eeu Arabiese konteks het Islam byvoorbeeld Jode en Christene net verdra as "mense van die Boek", mense wat in besit is van 'n hemelse boek. Maar soos Islam uitgebrei en in kontak met ander kulture gekom het, was hierdie selfde beleid ook uitgebrei tot die Zoroastriërs van Persië (vandag Iran) en die Hindoes van Indië wie se geloof hemelsbreed van Islam verskil, as nie-strydig met Islam se raison d'etre.

Behalwe 'n paar uitsonderlike gevalle, is dit nie die letter van die geskiedkundige Islamitiese reg op menseregte wat onskendbaar, en daarom absoluut en onveranderbaar is nie. Die eienskappe van ewigheid en onveranderlikheid hoort tot die beginsels, en nie die wetsvorm nie.

Dit beteken dat die besonderhede van die Sharia en sy bewerkinge altyd oop vir herinterpretasie is. Hierdie openheid gaan gepaard met die natuurlike ontwikkelinge wat deurentyd plaasvind in die menslike samelewing. Die wet akkommodeer die gesamentlike veranderinge in terme van die ewige doelstellings van die heilige wet. Kortliks: die Sharia is goddelik, nie in sy letter nie, maar wel in sy gees.

Natuurlik is daar geen eenvormigheid onder moderne Moslem-denkers, soos daar ook nie onder hulle voorgangers was, oor die meeste sake - en ook die saak van menseregte nie.

Die Palestynse denker wat in Amerika gebaseer was, prof Ismail al-Faruqi, het uitdruklik beklemtoon dat Islam in die beginsels van menseregte glo wat ewig is en uit die wysheid van die Koran ontstaan. En die ajatolla Khomeini se groot teenstander, die ajatolla Kazem Sharaitmadari, het gesê: "Islam het altyd die absolute reg van van elke individu, ongeag ras, kleur, status of geloof, erken. God het ons almal as gelyk geskape en dus verdien ons almal om gelyk behandel te word".


Reeds in September 1980 het die Europese Islamitiese Raad by 'n Internasionale Islamitiese Konferensie in Parys 'n "universal Islamic Declaration of Human Rights" aangekondig. 'n Deel van die inleiding lui dat "menseregte wat verorden is deurdie Goddelike Wet streef om waardigheid en eer aan die mensdom te verleen en is ontwerp om onderdrukking en onreg te elimineer".

Sedertdien het 'n verskeidenheid van standpunte oor menseregte in Islam besprekingspunte geword. Is menseregte absoluut of relatief? As ons praat van "regte" dink ons dan in terme van die abstrakte Westerse sin wat die individu bevoorreg? Moslem-denkers vra onder meer vrae oor konsepte soos "verpligtinge" en of daar nie 'n soort dialektiek moet wees tussen "regte" en "verpligtinge" nie. Erken Islam iets soos onvervreembare regte soos dit in die humanistiese tradisie voorkom? Wat van die balans tussen "regte" en "verpligtinge" van die individu en dié van die gemeenskap?

Hier is Islam ander geloofstelsels vooruit, wat met dieselfde vraagstuk sal moet worstel en waaraan wetenskaplikes nou al lank torring.

Dit is of godsdienstige stelsels dit wel moontlik maak om van "regte" te praat, in plaas van "voorregte" wat die morele beginsels van 'n bepaalde godsdiens net aan belydende persone toeken.

# Haat en griewe oor oop geriewe



**Lospraatjies**

"EEN nieuwe lente en een nieuw geluid," het die Nederlandse digter Herman Gorter amper 'n eeu gelede geskryf. Gedagtig aan hoe mooi 'n lente kan wees, weet mens presies watter emosies daar in so 'n uitroep opgesluit lê.

Die nuwe lente in die Suid-Afrikaanse politiek staan egter in die teken van ander emosies, en, helaas, waar ek bly, sonder enige nuwe geluide.

Dit was 20 of 21 jaar terug dat 'n polisieman my op die N1 net bokant die Karl Bremer-hospitaal in Bellville laat stil hou het en wou weet wat maak ek met die bruin vrou langs my in die kar. Langs my voor in die kar. Langs my voor in kar in die nag.

'n Ou sukkelende vrou, natgereën en koud, op pad terug Pêrel toe.

Ek wéét nog baie dinge van daardie nag. Hoe hy die vrou beledig het, ek hom gevra het vir sy magsnommer en naam en hy my in die gesig gespoeg het. "Meidenaaier!" het hy geskree en weggeloop. En die ou vrou wat huil en huil en by die "Meneer" askies vra oor wat 'n ander witman gedoen het.

Ek dink nie ek het "meidenaaier" ooit weer daarna só gehoor nie, en weet ook dat dit nie in die HAT opgeneem is nie. Maar ek kan berig dat dit bestaan, alive and well and living in Louis Trichardt.

Die geleentheid was 'n vergadering van die belastingsbetalers, belê deur die burgemeester nadat hy deur 'n versoekskrif daartoe gepetisioneer is. Die skousaal was vol om te hoor van die einde van afsonderlike geriewe: die swembad, dorptoilette en die biblioteek.

Soos 'n mens reeds wéét, word God eers ingeroep om die vergadering te sanksioneer. Die God van die Ou Testament, natuurlik, die teksgedeelte, Esau wat sy eerstegeboortereg verkoop vir 'n pot lensiesop, natuurlik, die gebed: laat die erwe van ons vaders vir ons kinders erwe bly, natuurlik.

Die KP-burgermeester is jonk, maar besadigd en netjies as voorsitter. Hy kies geen kant nie, skets die agtergrond en die geskiedenis van die Wet op Aparte Geriewe en die afskaffing daarvan, sommer so skelmskelm.

Hy wys op die feit dat die Transvaalse Munisipale Vereniging met 'n oorweldigende meerderheid teen die afskaffing was, maar dat die landwye Vereniging van Munisipale Besture die afskaffing ondersteun het. Iewers, ver agter in sy stem, hoor 'n mens dat hy weet die hele verset van so 'n vergadering gaan uiteindelik nutteloos wees, maar die politieke speletjie moet nou maar eenmaal gespeel word.

'n Oud-raadsheer is die inleier en sal sy mosie teen die einde kom stel. Hy's 'n knap spreker en wys, oortuigend, op die morele bankrotskap van die Nasionale Party: met vers en kapittel bring hy verkiesingmanifeste en beloftes van twee jaar gelede, nee, van Augustus verlede jaar, na vore.

Alles sal oop wees, besluit hy. "Die geweerlope ook," hoor 'n mens iewers agter uit die saal.

Die bespreking uit die geledere van die belastingbetalers is warm en eensydig.

Die munisipale swembad word deur die plaaslike hoërskool gebruik. "Ek het net drie kinders, nie honderde soos die swartes nie, " begin een ouer. "Nie een van my kinders sal sy voete daarin sit as 'n swarte of koelie se agterkant daarin was nie." En as daar dan teen sy kinders opgetree word, sal die wêreld te klein wees vir hom en die skoolhoof.

Daar is nie baie mense wat praat nie, maar by almal, mans en vroue, kom staan die rassisme skerp voorop.

Die "ander" betree die parke en swembad op eie risiko. "As hulle wil kom swem en hulle sou versuip, sal dit hulle eie skuld wees. As een sou kom swaai en die swaai se kabel sou breek, sal dit sy eie skuld wees. Ek het maar net saam kom speel."

Ek is nie 'n belastingsbetaler nie, maar diegene wat my ken, weet wat ek sou sê.

Die mosie, uiteindelik, is 'n formaliteit - nie 'n enkele van die 500 mense daarteen nie. Burgerlike ongehoorsaamheid, "civil disobdience", word op 'n Maandagaand ook in wit Louis Trichardt gebore.

Vroeër die middag het 'n lid van die studenteraad by die universiteit waar ek werk, na aanleiding van die vergadering gesê: "There is going to be shooting here."

My hart trek punt as ek daaraan dink dat dit waar kan word. Ek het hom gesê dat ek dink die afbeeldings van AK 47's op sy verkiesingsmanifes is verkeerd; later sou ek 'n wit ouer van Louis Trichardt vra of hy liewer sy kind dood wil sien as in 'n swembad saam met iemand van 'n ander kleur. Na die vergadering word ek bygekom deur 'n gesig of twee. Wat maak ek op die vergadering? Wat dink ek nou? Hoekom gaan ek nie terug Harare toe nie? Is dit nie verskriklik as wit kinders saam met swart kinders moet swem nie? Verraaier.


Die kringetjie word groter, die aggressie meer. Die rondstamp word meer as net die rondgooi van gedagtes. En ek word bang, die eerste keer regtig bang in die byna vier jaar wat ek hier woon.

'n Nat en koue laatwintersdag in die Kaap kruip by my op as iemand dit sê:

*hond, papbroek en kommunis,*
*gatkruiper by die kaffers*
*en volksverraaier.*
*skaam jy jou nie, anti-chris?*
*wat van die wit vel van jou kinders,*
*jou meidenaaier!*

# Vermom jouself soos 'n vrou en stap deur die stad...

**Mans is jagters en vroue wat alleen is, is fair game, sê CHRISTELLE DE JAGER. Sy stap dikwels helder oordag deur die besige strate van Johannesburg en weet waarvan sy praat**



HELLO liefie... Hey baby, would you like a ride.... Haai, my skat... Come here lovey, I like you... 'n Paar toeters wat blaas en so drie wolffluite.

'n Prostituut in 'n kort, laehalsrok wat in 'n rooilig-distrik rondstap? 'n Wulpse dronk vrou wat alleen by 'n kroeg uithang? Of 'n vrou met 'n lyf met al die kurwes op die regte plek wat eintlik al die aandag geniet?

Dit is wat die meeste mans sou wou glo, maar, nee, al die aandag van algehele vreemdelinge is gemik op 'n doodgewone werkende vrou wat in die middel van die dag 'n entjie langs 'n besige straat afstap om middagete te koop.

Dit kan enige vrou wees, mooi of lelik, jonk of oud, sedig geklee of in 'n kort rokkie. Die enigste gemene deler is dat sy nie saam met 'n man stap nie.

Kyk, as 'n man saam met sy vrou straat afstap, is sy mos in die man se sorg, sy is haar man se besitting en 'n man lol nie met 'n ander man se besitting nie.

Maar wag tot sy alleen is. Dan is dit open season. Mans is mos die jagters en 'n vrou wat alleen is, is fair game. 'n Man het die reg om sy posisie as baas van die wêreld en eienaar van alles daarin uit te oefen.

Of altans so dink die fluitende mans waarskynlik.

Maar wat gee mans die indruk dat hulle die reg het om so teenoor vroue op te tree?

Ek glo die wortel van die kwaad lê in die geskiedenis van diskriminasie teen vroue en die tradisionele siening van die vrou se rol in die lewe.

Die vrou is altyd as 'n minderwaardige mens beskou en moes in die geskiedenis veg vir basiese menseregte soos stemreg, gelyke werksgeleenthede en die reg om te studeer.

In baie gemeenskappe was haar enigste reg tot bestaan die feit dat sy kinders kan baar. Sy was 'n teler wat 'n seun vir die man moes gee, en as sy dit nie kon doen nie, het sy as mens gefaal.

Hoe meer vroue of "besittings" 'n man had, hoe hoër was sy aansien in die gemeenskap. As 'n vrou nie kon kinders baar nie, het die man bloot nog een "gekoop".

As 'n minderwaardige lid van die gemeenskap kan 'n vrou dus nie aanspraak maak op die basiese waardes van respek waartoe jy as volwaardige mens 'n reg het nie.

Dit is die onderliggende begrip wat geskiedkundig in die onderbewussyn van baie mans gelaat is, ondanks die verkryging van vroueregte deur die vroue- bevrydigingsbeweging.

Partykeer lê dit ook nie so diep onder die bewussyn nie, daar is ongelukkig ook nog baie oerwesens wat daarvan oortuig is dat vroue wel 'n minderwaardige spesie is en hulle met die gepaardgaande respek behandel.

"Ag, jy oorreageer. Dit is net skadelose pret," of "Hoekom is jy so gepla? Dit is 'n kompliment. Mans sal daarvan hou as vroumense sulke aandag aan hulle gee." Sulke kommentaar het ek nie net van die oerwesens se kant af gehoor nie, maar van mans wat hulself glad nie as seksisties beskou nie.

Miskien is dit vir party vroue skadelose pret, maar vir dié wat ek ken, is dit glad nie so nie.

Vir my verteenwoordig dit die grondslag van alles wat onderliggend lê aan seksuele diskriminasie en onderdrukking. Dit is eintlik 'n gedwonge, en dus gewelddadige skending van 'n vrou se lewensruimte en reg tot menswees - 'n vorm van verkragting.

Die ergste is dat daar nie 'n goeie of ideale manier is om te reageer nie. Dit word eintlik deel van jou daaglikse lewe. Jy verwag dit, en leer om al die kommentare en toeters te ignoreer.

Maar dan begin 'n mens wonder of jy nie deur jou aanvaarding daarvan die status quo onderskraag nie, die man se reg om so op te treë herbevestig, en of dit dus nie beter sou wees om jou afkeur te wys nie.

Reageer jy egter deur iemand baie duidelik te vertel om te gaan doppies blaas, loop jy die gevaar om aggressiewe reaksies uit te lok. Die manlike ego kan nie verwerping hanteer nie en as so 'n minderwaardige besitting nie haar plek ken nie, moet sy gewelddadig reg gesien word.

Daarbenewens voel baie vrouens ook dat as hulle sterk negatief reageer, hulle hul statigheid sal verloor en erkenning gee aan gedrag wat eintlik geïgnoreer behoort te word.

Dit laat my dink aan 'n gedeelte van Susan Griffin se gedig: "An Answer to a Man's Question, 'What can I do about Women's Liberation?'".

*"Wear a dress.*
*Wear a dress that you made yourself, or bought in a dress store.*
*Wear a dress and underneath the dress wear elastic, around your hips, and underneath your nipples.*
*Wear a dress and underneath the dress wear a sanitary napkin.*
*Wear a dress and wear sling back, high heeled shoes.*
*Wear a dress, with elastic and a sanitary napkin underneath and sling back shoes on your feet, and walk down Telegraph Avenue."*

Nou daag ek al die sogenaamde manlike women's liberators, en die misleide mans wat dink wolffluite is 'n kompliment, uit: vermom jouself soos 'n vrou en stap in Pretoriastraat af.

*Vrye* **Weekblad**

## KP-protes

AS daar al ooit bewys was dat die Konserwatiewe Party in die huidige politieke atmosfeer niks anders as 'n leë dop is nie, was dit by vandeesweek se kongres in Natal.

Die beste waarmee die KP vorendag kon kom, was rassistiese gebede dat "hulle wat verraad pleeg teen die blanke" moet verdwyn, 'n miljoen mense wat gesoek word om nie hulle televisielisensies te betaal nie, 'n weiering om belasting te betaal en beloofde lydelike verset.

Dr Andries Treurnicht, leier van die KP, sê sy party is reeds besig om 'n vorm van lydelike verset toe te pas, maar om taktiese redes kan besonderhede daaroor nie bekend gemaak word nie.

Indien daar reeds lydelike verset bestaan, kan dit nie veel om die lyf hê nie, want niemand voel, sien of weet daarvan nie!

Daarby kan hulle vergeet van enige goddelike hulp vir hul hopelose noodkrete en boonop is die KP's heeltemal te lief vir Dallas en Loving om die SAUK te boikot.

Meeste KP-ondersteuners is salaristrekkers en volgens wet word hulle inkomstebelasting outomaties van hulle maandelikse salarisse afgetrek. Hoe hulle dus belasting gaan boikot, is nie baie duidelik nie.

Daar bly aan die einde van die dag geen werkbare vorm van protes-politiek vir die KP oor nie. Hulle getalsterkte, gesien binne die breër Suid-Afrikaanse bevolking van 35 miljoen mense, is net doodeenvoudig te min om enige noemenswaardige uitwerking op die besluitneming van die regering te hê.

Daar is sonder twyfel heelparty KP-ondersteuners en -ampsdraers wat al hoe meer begin voel dat een of ander vorm van geweld in die huidige omstandighede geregverdig mag wees.

As mens egter kyk na ver-regse beloftes van burgeroorlog en chaos wat tot nou toe min opgelewer het, is dit 'n moontlikheid waaroor die regering in dié stadium sekerlik nie slapelose nagte het nie.

Dit is weer eens opvallend dat die KP se planne soveel ooreenkoms toon met die metodes van organisasies wat die KP self nog altyd so gehaat en beveg het.

As die KP meen hy kan belastings boikot omdat sekere regte van hom af weggeneem word, kan hy sekerlik nie swartmense kwalik neem wat aan die huurboikot deelneem omdat hulle basiese regte nog altyd ontneem is nie.

Daar sal seker enkele kaartmannetjies wees wat nie hulle televisielisensies betaal nie en belasting op een of ander manier gaan ontduik of botweg weier om te betaal.

Maar ons wil nou al voorspel dat sodra die eerste paar die gelag vir hulle dade moet betaal, die hele opgerysde proteskoek met 'n verskriklike slag gaan platval en daar uiteindelik ook niks van gaan kom nie.

Nee, dr Treurnicht, daar bly net een uitweg oor, en dit is die onderhandeltafel. Indien jy en jou ondersteuners voel julle saak vir selfbeskikking is goed en reg en edel, kom gesels met die ander partye daaroor.

Die afgelope maande het gewys dat diegene wat reeds met mekaar onderhandel, eerlike en redelike mense is. Miskien sal die KP vind dat dit op die ou end nie nodig is om op 'n eie tuisland aan te dring om hul Afrikaneridentiteit te behou nie.

## Skrywerywer

Die Afrikaanse Skrywersgilde het op Langebaan besluit om hom te beywer vir die afskaffing van die kulturele boikot. Watter boikot? wil 'n mens vra. En presies wat beteken "beywer"?

Die grootste beoefenaars van die boikot, buitelandse regerings, het al almal die boikot ingrypend afgeskaal. ANC-lede gaan openlik na die Staatsteater in Pretoria. Pogings om 'n boikot van staats- en semi-staatsinstansies geloods te kry, is al verlede jaar in Junie by Victoria Falls kortgeknip.

By dieselfde beraad is die bydrae van establishment-skrywers in die stryd teen apartheid erken, en is hulle aangemoedig om establishment-pryse met die name van die grootste helde van apartheid, soos JBM Hertzog, te aanvaar.

Ons hou nie van boikotte nie, maar die gilde se besluit skep die indruk van 'n vlieg met 'n knuppel bydam, terwyl die brommers van voortgesette sensuur, aanhouding sonder verhoor, en burokratiese optredes teen akademici soos Njabulo Ndebele oral by die boordjies inklim.

'n Simboliese uitspraak is nodig om orde in die boikotchaos te skep. Maar die soort seine wat die Gilde met die woord "beywer" stuur, is van kapitulasie teen die histeriese, oneerlike en agterbakse veldtog wat die establishment en die regeringsmedia gevoer het teen skrywers wat van 'n moeilike kwessie iets positiefs probeer maak het.

'n Doodgewone uitspraak teen die boikot sou meer toepaslik gewees het. Los maar die ywer vir die sensors en die polisie.




## BRIEWE

**Vrye Weekblad plaas graag briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Briewe korter as 200 woorde sal voorkeur geniet, en die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Vrye Weekblad Briewe, Posbus 177, Newtown 2113. Of bel met jou mening na (011) 836-2151.**

# Dié show lyk na 'n Derde Wêreld-sirkus

**Gerhard van der Linde van Lynnwood Glen skryf:**

Ek het nie 'n besondêre liefde vir òf Eugene TerreBlanche òf Jani Allan nie, maar Max du Preez se reaksie op haar Scope-rubriek (Vrye Weekblad, 5 Oktober 1990) is ietwat lagwekkend.

Du Preez volg blykbaar 'n benadering van anything goes wat die Boere betref, terwyl venyn wat na die ander kant gemik word, volgens hom "onsmaaklik" is. Mandela en kie se grootheidswaan en arrogansie, hulle gebrek aan realisme en innovasie is dáár vir almal om te sien; so ook die óórbekende simptome van die Afrika-malaise wat toenemend hier uitslaan - oorbevolking, armoede, geweld, politieke onverdraagsaamheid, you name it.

Dat die hele show op 'n afstand na net nog 'n Derde Wêreld-sirkus kan lyk, is te verstane, behalwe dat dit meer Grand Guignol is as Monty Python.

Dit is geensins verbasend dat 'n katjie soos Allan juis die "nuwe Suid-Afrika" as krappaal gebruik nie - wat my wél verbaas, is dat Du Preez nie 'n meer oorspronklike reaksie kon bedink nie as om haar daarvan te beskuldig dat sy 'n closet-AWB is.

Die beskouing dat enigiemand wat nie onvoorwaardelik pro-struggle is nie, 'n reaksionêre rassis is, raak nou vervelig. Moontlik is Du Preez een van daardie sendingsiele wat, ten spyte van al die kontraindikasies sedert 1960, bly glo dat demokrasie en voorspoed 'n vrugbare teelaarde in Afrika kan vind.

Miskien moet moet 'n mens hulle krediet gee vir goeie bedoelinge, of miskien is hulle gewoon naïef. Vir my is die vraag eerder wát om te doen wanneer ook dié land eendag versink in 'n pre-koloniale (sic - Red) vergetelheid.

## Ou papegaai

**Tony Leon, DP-LP vir Houghton, skryf:**

Met die eerste lees van Hennie Serfontein se galbrakery teen my (Vrye Weekblad, 29 September 1990) het ek dit amusant gevind. Ek het dit afgemaak as 'n gifpaskwil van 'n knolskrywer wat 'n tanende loopbaan wou opkikker deur mense aan te val wat in 'n mate dieselfde belange op die hart dra wat hy self een so slaafs gedien het.

Ek het van siening verander toe hy 'n week later (Vrye Weekblad, 5 Oktober 1990) dieselfde argument aanvoer, aangedik met ongevraagde, ongegronde beledigings. Ek voel my nou verplig om op Serfontein se eensydige vullisgrawery te antwoord, en terselfdertyd op 'n paar misvattings te wys.

Ek vind dit hoogs ironies dat u in dieselfde uitgawe van u blad, sogenaamde "liberales" (Serfontein se beskrywing) soos dr De Beer, Schwartz en ek, in die openbaar as belaglik voorhou, terwyl 'n selferkende moordenaar in die beste lig moontlik voorgestel word.

Indien dit 'n toonbeeld van u onverskrokke en onafhanklike joernalistiek is, dan is kommentaar op u geloofwaardigheid en objektiwiteit oorbodig.

1. Serfontein het my onder meer as "arrogant", "patologies", "junior", "'n bitterbek" en "ANC-basher" beskryf. Om iemand wat die leier van die DP was, slegs een van vier gekose lede uit die finale PFP-kongres tot die mees senior besluitnemingsbestuur van die DP én Parlementêre segsman vir sekere portefeuljes, as "junior" te beskryf, is sonderling.

2. In soverre dit die "bitterbek...ANC-basher" betref, ek wonder of Serfontein die moeite gedoen het om die volledige teks van my sogenaamde "anti-ANC"-toespraak te lees. Ek het bloot my kiesers se aandag gevestig op sommige van die meer flagrante uitsprake, beleidstellings en neigings van die ANC. Dit is gedoen, in die loop van 'n volskaalse verbale aanval op die regering, om 'n gebalanseerde beeld te skets. Om dit na te laat sou moreel onverskoonbaar en kortsigtig wees. Dit sou verder 'n ontkenning wees van die liberale beginsels wat elke DP-verteenwoordiger as mandaat moet verdedig en verkondig. Glo Serfontein dalk in beknoeide politieke boekhouding.

3. Sonder enige bewyse verklaar Serfontein voorts dat ek geen geloofwaardigheid onder swartmense geniet nie. Dit is 'n veragtelike rassistiese veralgemening. Na watter swartmense verwys hy? Al 30 miljoen in Suid-Afrika, of slegs 'n uitverkore kader?

4. Dit is verregaande van Serfontein om te suggereer, weer eens sonder bewyse, dat my houding jeens die ANC dieselfde is as teenoor die NP tydens die '87 en '89 verkiesingsveldtogte. Ek het my lank reeds beywer vir die wettige bestaan van die ANC en die SAKP. Dit was terloops die sentrale tema van my eerste munisipale tussenverkiesing in Bellevue-Bertrams in 1986. Ek het dié stelling gemaak lank voor dit mode geword het of polities aanvaarbaar was, lank voordat sommige van my kollegas dit goed geag het om uit die NP te bedank of die noodtoestand te veroordeel, wat "sodanige" liberales toe veroordeel het, terwyl ander dit weer ywerig ondersteun het.

5. Serfontein toon 'n gebrek aan intellektuele integriteit. Enersyds sê hy dat die ANC "aangeval en skerp gekritiseer" kan word, andersyds noem hy my kritiek van die ANC "McCartyite" en "vals". Ek beswadder of verkleineer nie my teëstanders deur gebruik te maak van anonieme bronne, om retoriek op te tof as die reine waarheid, of om hulle motiewe en integriteit verdag te maak nie. Dit is Serfontein se ou laai. Dít is McCarthyisties.

Dit spyt my om Serfontein in te lig dat ondanks sy puik pogings om die ANC/DP-dialoog te dwarsboom, dit klopdisselboom gaan.

Eienaardig genoeg, dig niemand in die ANC aan my of my kollegas die duistere en sinistere beweegredes toe, wat in Serfontein - en moontlik een of twee dislojale kollegas - se verbeelding bestaan nie. Moontlik is hulle, soos Serfontein, ou papegaaie op soek na sitplek op 'n nuwe slaapstokkie.

# Nederlandse besoek is 'n simboliese deurbraak

## *Die proses van verandering en die aftakeling van apartheid is nou werklik onomkeerbaar*

**DIE staatsbesoek volgende week aan Nederland deur staatspresident FW De Klerk is in 'n simboliese sin die belangrikste van al sy internasionale besoeke die afgelope maande.**

**Die VSA, Duitsland, Groot Brittanje, Frankryk en Italië is almal vanselfsprekend baie groter, sterker en invloedryker as die klein Nederland, 'n staat so groot soos 'n posseël.**

**Maar dié besoek aan Nederland op spesiale uitnodinging van hul regering, simboliseer dramaties meer as enige van die ander besoeke die omvang en die finaliteit van die internasionale deurbraak van De Klerk sedert 2 Februarie.**

**Dit is 'n erkenning van die vele deurbrake in die onderhandelingsproses tussen die ANC en die regering. Dit beteken dat die proses van verandering en die aftakeling van apartheid nou werklik onomkeerbaar is.**

**'n Senior regeringsbron, na aan die kabinet, wys in 'n onderhoud daarop dat betrekkinge met Nederland so sleg was dat dr DF Malan 37 jaar gelede die laaste regeringshoof was wat dié land besoek het.**

**"In vergelyking met alle ander lande, is dit nie oordrewe nie om te sê dat in die geval van Nederland, die laagste van laagtepunte in die afgelope jare bereik is.**

**"Die verhouding was slegter as sleg. Ons het rock bottom geslaan, soos die Engelse dit stel."**

**Die bron wys daarop dat in die Europese gemeenskap, dit Nederland saam met Ierland en die Skandinawiese lande was wat die voortou geneem het in die internasionale sanksieveldtog om Suid-Afrika te isoleer.**

**"Hulle wou ons onder maksimum druk plaas ten einde veranderinge hier te weeg te bring."**

**Die volwasse begrip wat die regeringsbron vir die Nederlandse anti-Suid-Afrikaanse veldtogte van die verlede toon, is tekenend van die fundamentele veranderinge die afgelpoe tyd in Suid-Afrika se internasionale posisie.**

**Hy wys daarop dat daar drie belangrike redes vir die rol van Nederland ten opsigte van Suid-Afrika is:**

**Eerstens is daar die taalverbondenheid tussen Afrikaans en Nederlands. Tweedens is die meeste Afrikaners van Nederlandse afkoms, en derdens is daar die kerklike bande binne die breë gereformeerde familie.**

**"Dié kombinasie van faktore verklaar waarom ander Westerse lande soos Italië, Duitsland, Frankryk en Engeland hulself nooit in dieselfde mate verantwoordelik vir ons doen en late gehou het nie."**

**Hy wys daarop dat Nederland die afgelope 15 tot 20 jaar baie sensitief was oor die taalbande met Suid-Afrika: "Taal en kulturele kontak met Afrikaans is doelbewus verbreek omdat Nederland nie internasionaal bekend wou staan as 'n land met intieme bande met ons nie."**

**Veral lande in die Derde Wêreld het Nederland dikwels moedswillig in die verleentheid geplaas en gesê hulle het 'n verantwoordelikheid ten opsigte van hul eie maaksel. Daarom wou Nederland aan die wêreld wys dat hy niks met die Afrikaner te doen gehad het nie.**

**Maar die bron gee toe dat vanuit hul eie gereformeerde tradisie en beginsels, Nederland opreg eerlik was in hul houding jeens Suid-Afrika en die verwerping van apartheid.**

**"In gereformeerde geledere was hulle opreg in hul strewe dat die rassebeleid van Suid-Afrika op moraliteit en Christelike beginsels gegrond moes wees.**

**"Daarom wou hulle sover moontlik hulself op alle vlakke aan ons ontkoppel.**

**"Daarby moet bygevoeg word dat Nederlanders en Afrikaners in baie opsigte eenders is en baie koppig is. Emosioneel en geskiedkundig was die konflik dus te verstane.**

**"Hul standpunt was dan ook heel eenvoudig. Die dag as ons morele standaarde aan dié van Nederland voldoen, sal hulle bereid wees om hul standpunt te wysig."**

**Dit word beklemtoon dat daar tans in die hoogste regeringskringe groot waardering is vir die nuwe Nederlandse houding teenoor Suid-Afrika. Daar bestaan 'n goeie verhouding tussen sy ministerie en die Nederlandse minister van buitelandse sake, Van den Broek.**

**Die verstandhouding het begin met die vrylating van Klaas de Jonge en die uitruil in Maputo van Unita-gevangenes vir majoor Wynand du Toit, wat deur Angola gevange gehou was.**

**Sedertdien het die verhouding op informele vlak baie verbeter.**

**Die regering het veral die toon gewaardeer van Van den Broek se toespraak voor die VVO op 26 September vanjaar. Dit het kategories die onomkeerbaarheid van die politieke veranderinge in Suid-Afrika aanvaar.**

**"Daardie toespraak weerspieël duidelik 'n begrip vir die probleme van die regering. Die staatsbesoek en die wyse waarop die Nederlandse regering dit georganiseer het, hou 'n belangrike boodskap in vir blank Suid-Afrika: as julle apartheid as 'n politieke beleid herroep, sal Nederland reageer en bande van die verlede herstel."**

**- HENNIE SERFONTEIN**

# Ope brief aan Broeder Treurmare



HOWZIT Oompie!

Alle simpatie met die verlies, ek meen te sê Egbertus is goed grootgemaak en 'n mens voel medelye oor sulke dinge. Dis nou die finale, onteenseglike verlies van common sense. Andersins gaan dit darem seker lekker daar aan die Suidkus, net jammer van die oop strande.

Broeder, dis darem verskriklike tye vir enige self-respecting Neanderthal, of is u nog meer konserwatief as dit? Dit moet soms voel asof die ganse wêreld links van u staan, en nie sonder rede nie: die ganse wêreld staan links van u. Genghis Khan uitgesonderd.

Iedergeval, dis doodsake om te sien hoe al die bekende gesiggies in duie stort, al daardie dinge waarvoor die Broederbond en u Kerk en u ou Party en u huidige Party so hard geveg het. En nou?

Nou is die Broederbond linksliberaal (als is relatief, nè?), die Kerk gee minstens voor om apartheid af te keur, u ou Party is die kluts kwyt, daar waai afsonderlike geriewe selfs - die antichris is voorwaar op ons. Soos deug, is u logge ou party al wat bly staan. Geen wonder u lyk daagliks meer bitterbek nie, die agbare mondhoeke hang nou so laag, as u nie versigtig is nie trap u aanstons daarop. Hou minstens 'n stiff upper lip, Broeder, voor in die wapad is daar 'n wit verkiesing om na uit te sien.

In Carel Bosduif se nuwe blink elke man vir homself wit staat. Sal so 'n ding kan werk, Broeder? Daar's sekere voordele daaraan verbonde, no doubt about that: julle kan sommer dadelik begin met forced removals, of straks moet julle wag tot die winter op ons is. Die enigste ou probleempie is dat die Afrikaner, links of regs, nie te danig voel oor selfhulp nie. In die huis, op die plaas... wie gaan die skottelgoed was, die klere stryk, die kos kook, die kinders grootmaak?

Wat ek wel nagelaat het, is om my asem met verwondering in te trek oor die geweldige afmetings wat u struggle aanneem. Met so 'n struggle kan die armed struggle nie meeding nie, sulke civil disobedience is asemrowend. Julle gaan dalk nie TV-lisensies betaal nie, are you kidding? Dink net aan die dalende lewenstandaarde van al u ondersteuners in die Korporasie, sonder julle geldjies sal hulle nie besoldig word nie. Broeder, dis die stoffasie waarvan ware Afrikaners gemaak is: die opoffering vir die saak is roerend.

Broeder, j'accuse! Nee, toemaar, ontspan, dis nie 'n swart taal waarmee u bygekom word nie, dis Frans, straight from Paris, England.

Op gesag van Oswald wat deesdae meer met sy kop onder die kole lê en verkrummelde wette lees as om in die tuin te skoffel (tekens van die bittere tye, wat word van standaarde, wit standaarde want kan swartmense nou eintlik standaarde hê?) is dit misdadig om enigeen aan te sê of te hits of te stig, hetsy direk of by wyse van spreke, of deur insinuasie, om 'n wet te breek. Erger nog, dis glo teen die veiligheidswette, tog so 'n mooi woord wat u hart sommer warmer laat klop, om mense aan te spoor om teen 'n wet te rebelleer. Is dit nie wat aan die Suidkus gebeur het nie? Pasop vir die klop vieruur in die oggend, net wanneer u sulke wit droompies droom en die mondhoeke weer tot penshoogte klim. Viva Broeder, a luta continua, of wat praat ek alles?

Met liefde en soentjies van Moeder Egbertus Klaagvoort

## Vermorsing

Kort op die hakke, vrinde, van forced removals, kom die nuus van tonne der tonne melkpoeier wat teen 'n verlies uitgevoer word omdat daar 'n oorvloed is, en dit terwyl kinders in ons land steeds by die tienduisende sterf weens ondervoeding. Seg Moeder die liewenheer sal die Melkraad straf, en wie is ek om te stry?

## Koue koek

Terwyl hierdie filosofieë neergepen word, is Moeder juis besig om vir die vale te bak vir die komende buitengewone vergadering van die Koeksistergilde. Buitengewoon omdat daar net in 'n krisis vergader word, en watter krisis is groter as die heengaan van standaarde in die koeksisterindustrie? Moeder het pas die koek in die oond gestop, geliefdes, en Egbertus wag met belangstelling op die resultaat. Dis 'n roomyskoek.

## Shame

Op TV, daardie gedoente waarvoor ons in die struggle nie meer lisensiegeld betaal nie, sien ek 'n wonderbaarlike ding. (Terloops, seg Miesies Klaagvoort dis lagwekkend, hierdie KP-TV-besigheid. Die ANC betaal ook nie lisensies nie, wys jou net die antichris en die Treurmares is geesgenote. Seg Moeder antichris equals Magnus: anti-Chris Hani. Shame)

Iedergeval, op TV sien'k die polieste in Indië vang die betogers se klippe en gooi dit dan terug na hulle.

Dis nou sensible. Met 'n ekonomie soos ons s'n spaar dit mos ammunisie, en in die nuwe Suid-Afrika gaan dit in short supply wees, wat met one settler one bullet. Daarvan gepraat: die Klaagvoorts is besig om met alle haas inheems te raak, just in case. In dié tye kan jy nie te versigtig wees nie. Miesies K dra juis vandag haar oranje blanje blou groen swart en goud serpie. For insurance. Viva!

*HOE RYM DIT DAN?*



*EGBERTUS KLAAGVOORT*

# Kleinadvertensies

*Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Peppy of Cathy (011) 836-2151, faks (011) 838-5901, of skryf aan Kleinadvertensies, Posbus 177, Newtown 2113. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.*

## PERSOONLIK

Die Takhare vir Vrede sê die werklikheid kan nie geblik word nie

Die Bleskoppe teen Apartheid ervaar steeds die Europese vryheid

## WOONPLEK

Professional women requires person to share duplex in Northcliff.
For more information phone Naomi (w) (011) 880-3633 (h) 673-0698

Accommodation offered. Person wanted for post-apartheid, pre-liberation household. Any gender, any proclivity.
Phone Shurley (w) (011) 23-1210 or (h) 648-8337

## DIENSTE

**CITY COLLEGE**
7th Floor Charleston House, 161 Commissioner Street (between Delvers and Von Wielligh Street.) Johannesburg 2001
* Computer courses
* Secretarial courses
* English
* Enrolments accepted throughout the year
* Accommodation available
* Free job placement advice given

ENROL NOW
TEL: (011) 29-4116/7
The future is yours through education

***DRESSMAKING & DESIGN***
BE QUALIFIED TO START YOUR OWN BUSINESS
ENQUIRIES
CITY DRESSMAKING & DESIGN SCHOOL
7th Floor Charleston House
161 Commissioner Street (between Von Wielligh and Delvers Street)
Johannesburg 2001.
Tel (011) 29-4116/7

**BEDREWE VERWER**
Hulse, woonstelle, kantore. Uitstekende verwysings. Vir verdere inligting skakel (011) 728-4678 (Vrydae, Saterdae en Sondae) of skakel (011) 787-7734 Maandae

TIK- EN VERTAALWERK
Bel Louise by (012) 46-6577

**DIENSPLIG ADVIESDIENS**
Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig. Skakel: Durban - (031) 301-5663 Richard (w); Pietermaritzburg - (0331) 944079 Mark (h);
Kaapstad - (021) 689-1194 (5:30nm tot 7:30nm);
Grahamstad - (0461) 26067 Rudi (h)
of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae vanaf 4:30nm tot 7:00nm

***POWA*** (People Opposing Women Abse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkswinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642-4345

**VISUAL ART COURSES**
Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour, dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evenings for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm

The Institute For Philosophical Practical and Teaching offers the oppurtunity to gain perspective on existential crises and problems in living. For more information phone (011) 648-3079

SA Instituut vir Konfliknavorsing en -bestuur: Konflik kan op 'n skeppende wyse beheer word. Ons is hier om Suid-Afrika te wys hoe. Rig navrae oor lidmaatskap of oor ons gereelde praatjies en seminare aan die Instituut in Johannesburg by (011) 482-2128 of faks (011) 482-2450. SA Instituut vir Konfliknavorsing en -bestuur, Posbus 890601, Lyndhurst 2106

## GEBEURE

PAUL KRUGER en ANTON GOOSEN se Kommissie van Ondersoek!
Saterdag om 9nm op Kerkplein (Pretoria)

*ONE DAY WORKSHOP ON COMMUNITY PLAYMAKING*
20 October 1990, at the Afrika Cultural Centre, 46 Mint Road, Fordsburg
Registration at 8h00 and events will continue until 18h00
Programme includes input on Theatre for Development, sessions on culture and history, creative skills, theatre organisation and performances
Please confirm with Clifford at (011) 838-3034 (office hours)


**AA LIFE VITA DANCE UMBRELLA 1991**
The third annual Dance Umbrella will run at Wits Theatre from Monday, 25 February to Saturday 9 March 1991
The Dance Umbrella, sponsored by AA Life Vita and organised in association with the Wits Performing Arts Administration, aims to provide a platform for all the talented contemporary choreographers and dancers in our country.
Entry forms are now available from Nicola Danby at (011) 492-1420, or write to PO Box 11159, Johannesburg 2000. Closing date for entries is 15 November 1990.

***UDASA Presents:***
Speaker: Prof Francis Wilson (UCT)
Theme: Uprooting Poverty in SA
Date: Monday 22 October
Venue: Hall 2-27, Education/Law Building (Lynnwood Road between Roper and Tyndall)
Times: 13h05 and 19h00
Refreshments will be served after the evening lecture also
Speaker: Don Mattera, poet, writer and critic; on his writing
Date: Thursday 18 October
Venue: Geesteswetenskapgebou (GW) 3-24
Time: 13h05

## MARK

**PHAMBILI BOOKS:**
**Just arrived: New selection of Academic Titles**
**22 Plein Street**
**Tel: (011) 29-4944**
**WANTED: Second-hand, Left Wing Books, in good condition, Phambili is buying**
**Open:**
**Mon-Fri 9h00-17h30**
**Saturday 9h00-13h00**
**Sundays 13h00-17h00**


**REGTE, EGTE, GOEIE GESONDHEIDS-VOEDSEL**



Fruits & Roots verskaf die beste gehalte voedsel en natuurlike produkte – handhaaf die hoogste gesondheids- en ekologiese standaarde.

FRUITS & ROOTS VIR BETER GESONDHEID ... NATUURLIK

**NOU OP 'N NUWE RUIM PERSEEL NET 1 BLOK STRAAT AF!**

Rockeystraat 28a, Bellevue, 2198
Uit Bezuidenhoutlaan
Tel (011) 648-0251 Faks (011) 648-9509
*Handelsnavrae welkom*




**Kashgar**

*Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880-3566*


**Tarief: R15 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan**


JACOB RegoP


**HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGS-VITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG**



Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: ..........
Adres: ..........
..........
.......... Poskode: ..........
Telefoon: ..........

**OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK**



# *Vrye* Weekblad

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike weeklikse koerant wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. no. 88/04168/06). Die direkteure van Wending Publikasies Beperk is Max du Preez, Christo Nel, Chris Otto, Van Zyl Slabbert en Sampie Terreblanche. Die aandeelhouers van Wending Publikasies Beperk is die direkteure en werknemers van die maatskappy.

Wending Publikasies Beperk en Vrye Weekblad se adres is: Breëstraat 153, Newtown.
Die posadres is Posbus 177, Newtown 2113.
Die telefoonnommer is (011) 836-2151-9 en die faksnommer 838 5901.

**Redaksie**
**Redakteur: Max du Preez**
**Senior skrywers: Jacques Pauw, Ina van der Linde en Hennie Serfontein**
**Nuusredakteur: Hans Pienaar**
**Sub-redakteur: Ryk Hattingh**
**Nuusredaksie: Christelle Terreblanche, Christelle de Jager, Audrey Brown, Pearlie Joubert, Phineus Tshukudu, Irene Louw**
**Fotoredakteur: Lise Joubert**
**Ontwerp: Andrea Vinassa, Esma Anderson, Tinus Horn**
**Vrydag-redaksie: Andrea Vinassa, Koos Prinsloo**
**Sportredakteur: Tinus Horn**
**Vrye Weekblad Boeke/Books: Koos Prinsloo, Ryk Hattingh**
**Navorsing an biblioteek: Laetitia Pople**

**Bestuur**
**Advertensies en bemarking: Manie Eagar.**
**Redaksionele assistent: Cathy Fennessy**
**Boekhouding: Clara Nkutha**
**Kantoorbestuur: Joseph Moetaesi, Vernon Zulu, Peppy Maripan**

**Buitekantore**
**Kaapstad-kantoor: Christelle Terreblanche.**
**Tel (021) 24 8049 / 23-2722**
**Pretoria-kantoor: Ina van der Linde. Tel (012) 834 879**

Vrye Weekblad kos R1,33 plus 17c AVB. Dit kos R75 (AVB ingesluit) om vir 'n jaar lank in te teken, en R40 (AVB ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die koerant R1,50 plus verkoopbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenare is op navraag by (011) 497-2911 beskikbaar. Probleme met verspreiding moet gerig word aan Cathy Fennessy by (011) 836 2151.

# Vrot blaaie is Curriebeker se doodsteek

DIT wil lyk asof bladopsigters in Suid-Afrika net twee soorte baanblaaie kan voorberei: boulparadyse waarop niemand lopies kry nie, en morsdooie blaaie wat selfs die mees onbeholpe stertkantkolwers soos Don Bradman laat lyk.

Die Suid-Afrikaanse Krieketunie (SAKU) was met reg nie baie ingenome met die blad wat verlede week op die Wanderers voorberei is vir die wedstryd tussen Transvaal en Noord-Transvaal nie.

Selfs die Transvalers, wat 15 punte ingeoes het, sê die blad op die Wanderers was 'n monster op die eerste twee dae.

Maar so vrot soos dié blad was, is dit sekerlik verkieslik bo die blaaie wat verlede week uitslae

**Laaste sê**



**TINUS HORN**

in Port Elizabeth en Bloemfontein onmoontlik gemaak het. (In PE het die reën ook gehelp, maar die kans dat daar 20 paaltjies op die laaste dag sou val, was bitter skraal).

Dié soort verveling berokken Curriebeker-krieket, wat geen terugslae kan bekostig nie, groot skade.

Dalk hoor ons eendag die Curriebeker-baanblaaie in PE, Bloemfontein en Kaapstad word deur Benson & Hedges of Nissan geborg.

Die enigste manier om op só 'n blad 'n uitslag te bewerkstellig, is om jou beurt vroeg te sluit en te hoop die teenstanders doen dit ook.

As daar dan 'n kunsmatige uitslag is - en ons gaan sekerlik nog vanjaar 'n paar sulke uitslae sien - is dit tog nie werklik 'n maatstaf vir die betrokke spanne se vermoëns nie.

'n Mens sou dalk kon sê dat drie dae nie lank genoeg is vir wedstryde wat op 'n dubbelbeurt beslis word nie, maar verlede jaar se Curriebeker-eindstryd op St Georgepark was genoeg bewys dat selfs vier dae op só 'n blad te min is.

Dit laat die kolwers net nog stadiger lopies aanteken en die kapteins sluit eenvoudig nie hul beurte nie.

Ali Bacher, besturende direkteur van die SAKU, het vandeesweek 'n sterk-bewoorde verklaring uitgereik waarin unies gewaarsku is dat hulle in die toekoms moontlik gestraf gaan word as hulle kolfblaaie voorberei wat in stryd is met die belange van die spel.

"Wat die kolfblad vir die wedstryd tussen Transvaal en Noord-Transvaal betref, wag ons vir die volledige verslag van die twee kapteins en skeidsregters voordat ons strafmaatreëls oorweeg."

Bacher het nie 'n woord oor die blaaie in Port Elizabeth of Bloemfontein gerep nie, waarskynlik omdat die SAKU nie bevoeg is om die doodstraf op te lê nie.

Die handjievol toeskouers wat verlede naweek na Transvaal se wedstryd teen Noord-Transvaal op die Wanderers gekyk het, sal waarskynlik nie weer die moeite doen nie. Daarvoor was die krieket te vrot.

Maar hulle het darem dié troos: hulle sal eendag vir hul kleinkinders kan sê hulle was by 'n Curriebekerwedstryd wat 'n uitslag opgelewer het.

# *As jy eers een keer gewen het, is jy verslaaf*

Mense in die wedrenbedryf gebruik graag die term "Sport of Kings". Ek weet nie so mooi nie. Die ouens wat die meeste tyd by die baan deurbring, is kansvatters wat 'n bad nodig het - en ek praat nie net van die koerantmanne nie.

Waarom hou mense nie op dobbel nie, al weet hulle jy verloor baie meer as wat jy wen?

Dis eenvoudig: hulle is verslaaf. Die risiko, die opwinding as "jou" perd wen, en les bes, die geldgierigheid, het hulle behoorlik beet.

Almal droom van die dag dat dat hulle 'n Pick Six vang wat 'n miljoen uitbetaal.

Daar bestaan 'n teorie dat sekere mense meer geneig is tot verslawing as ander. 'n Mens kan dit goed glo. Die meeste dobbelaars het immers ook 'n sterk voorliefde vir die bottel.

Alles omtrent perdewedrenne is darem nie sleg nie; dié bedryf was FW-hulle myle vooruit met die afskaffing van rassediskriminasie. Die beginsel is eenvoudig: die een ou se geld is so goed soos die ander een s'n.

Klasseverskille is daar egter wel, soos dié gesprek tussen twee wedders onderstreep:

"Kom ons staan in daardie tou,



**Perdewedrenne is een van die tien grootste bedrywe in die land - nogal 'n prestasie vir diere wat deur dwergies om 'n baan gejaag word. Waarom dobbel mense jaarliks miljoene rande uit, al wéét hulle die wenkans is bitter skraal? TIM SANDHAM dink hy weet - en hy's bereid om 'n wedprys van 10/1 daarop te gee.**

hy's korter."

"Nee, man, dis net vir eienaars."

"Wel, as ek al die geld gespaar het wat ek op die perde gemors het, wás ek teen dié tyd 'n eienaar."

Beroepswedders (of "bookies") vul die gaping tussen die elite en die gepeupel. Soos die lede van laasgenoemde groep, is hulle kompulsiewe dobbelaars; hulle doen dit net met ander mense se geld.

Oor hulle wil 'n mens liewer nie te veel sê nie. Die laaste ou wat in 'n koerant beweer het die Mafia beheer die wedrenbedryf, is glo met betonskoene ge-issue.

Benewens die verskille tussen die mense wat geld maak en dié wat dit verloor, kan die gepeupel ook in drie groepe verdeel word.

Die eerste groep, wat te lafhartig is om meer as 'n rand per week op die plekpot te waag, verdien nie 'n ontleding nie.

Die tweede groep is die ouens wat weier om te erken dat hulle verslaaf is. Soos vet mense wat op 'n dieet wil gaan sodra hulle die volgende stuk koek of die volgende six pack afgesluk het, beloof hulle dat die volgende weddenskap hul laaste sal wees. "Ek sweer... op die Bybel... op my ma se graf."

Die derde groep is soos rokers: hulle erken hul gewoonte is asosiaal, duur en verslawend - en hulle gee nie 'n hel om nie. Dis die ouens wat GROOT wen - en verloor. (Vir papbroeke wat klein speel is daar in dié uitgelese geselskap geen plek nie).

Elke wedder het sy eie resep waarmee hy wenners kies. Die ponies se vorm word deeglik bestudeer en hul fisieke voorkoms speel 'n rol, maar uiteindelik gee hul stambome gewoonlik die deurslag.

Dié kan gewoonlik uit hul name afgelei word. So was Honey Chunk, wenner van die OK Gold Bowl, se ma Honey Bear en sy pa Golden Chunk. Geen pryse vir oorspronklikheid hier nie.

Name kan egter baie misleidend wees. So laat die naam Lord Balmarino 'n mens onwillekeurig aan 'n bekende skaapras dink. Sy vertonings in die July en die OK Gold Bowl - waarin hy die laaste plek op 'n drafstap ingeoes het - het egter bevestig dat dit suiwer donkiebloed is wat deur sy are pomp.

Uiteindelik maak dit nie saak hoe jy jou perd kies nie. Jy gaan nou en dan 'n gelukkie kry, maar op die lang duur gaan jy verloor. Die rykes word ryker en hul perde maak die armes armer.

Die rykes wil natuurlik nóg meer geld maak. Daarom is die Pick Six ingestel. Onlangs wou hulle selfs 'n baan groen kleur toe die gras nie wou groei nie, omdat wedders darem nie moet dink hulle mors hul geld by 'n lelike renbaan nie.

Dalk moet hulle in plaas van sulke flou pogings eerder daaraan dink om die media beter te benut.

TV-dekking kan verbeter word deur Edwill van Aarde nader te roep. Dink net met watter interessante statistiek hy wedrengeesdrifties sal vermaak:

"Die perde in dié wedren het 'n gemiddeld van vier bene en een stert. Daarenteen het die jokkies 'n gemiddeld van twee bene."

'n Ander mediaman wat met vrug ingespan kan word, is die kêrel wat in Pretoria sit en verskonings uitdink as Noord-Transvaal verloor.

Hulle kan hom aanstel om wedders te paai wat hul geld op gunstelinge verloor.

"Lord Balmarino was die beste perd in die wedren, al het hy met driehonderd meter verloor. Dis 'n bekende feit dat hy en die jokkie nie genoeg saam geoefen het nie. Boonop is hy aan die begin gestamp en later teen die reëling vasgedruk. En onthou: hy was 'n jaar gelede baie siek..."

Verlede Saterdag het ek juis weer 'n paar rand op 'n perd gehad wat nie kon verloor nie. Ek dink nou nog hy sou gewen het as die dekselse jokkie geweet het wat hy doen.

Op pad huis toe het die woorde van Randy Newman se trefferliedjie uit die jare sewentig deur my kop bly maal: *"Short people got / short people got / short people got / no reason to live..."*

**Die Rapport-fietstoer begin volgende Woensdag en gaan elke dag wye dekking op TV1 en die spaarkanaal geniet. Ander hoogtepunte is die aandkrieketwedstryd tussen Transvaal en Natal op die Wanderers en die boksgeveg om die SA kapokgewig-titel tussen Derrick Whiteboy en Victor Sonaba wat Maandagaand in Eldoradopark beslis word. M-Net sal stellig môre baie kykers lok met sy regstreekse uitsending van die sokkerwedstryd tussen Manchester United en Arsenal in die Engelse eerste liga.**

## Die week se TV-Sport

**Die week se volledige sportprogramrooster is:**

**SAUK:**

**Vrydag, 19 Oktober:**
TV1, 18h00: Krieket: Curriebekerwedstryd tussen Natal en WP in Durban; Gillette se World Sport Special.
TV4, 17h00 en TSS 21h00: Soccer Scene.

**Saterdag, 20 Oktober:**
TV1, 12h00-1756: Krieket: Curriebekerwedstryd tussen Natal en WP in Durban Perdewedrenne van Gosforth Park en Arlington, Motorsport (Tydrenne): Dak van Afrika en Wesbank.

**Sondag, 21 Oktober:**
TV1, 05h35: Japanese F1 Grand Prix.
TSS, 13h00: Krieket: Castle Curriebekerwedstryd tussen WP en Natal in Durban

**Maandag, 22 Oktober:**
TV1, 21h00: Boks: SA kapokgewigtitelgeveg tussen Derrick Whiteboy en Victor Sonaba.

**Dinsdag, 23 Oktober:**
TSS 21h00: Gholfforum; Versnelrenne vanaf Tarlton; Snoekernuus.

**Woensdag, 24 Oktober**
TSS, 16h10 en 21h00: Fietsry: Rapport-Toer; krieket: B & H aandwedstryd tussen Transvaal en Natal; Amerikaanse voetbal.

**Donderdag, 25 Oktober:**
TSS, 21h00 Fietsry: Rapport-Toer; Gholf: Portugese Ope

**M-NET:**

**Vrydag, 19 Oktober:**
18h30: World of National Panasonic.

**Saterdag, 20 Oktober:**
14h30-18h00: World of National Panasonic; motorsportnuus; Nashua se Engelse sokker: Manchester United teen Arsenal; Rugby: Ranfurlyskildwedstryd tussen Auckland en Southland.

**Sondag, 21 Oktober:** Tennis: Europese gemeenskapstoernooi, Antwerpen.

**Dinsdag, 23 Oktober:**
22h00: Britse sokker-hoogtepunte.

**Woensdag, 17 Oktober:**
22h40: Perdewedrenne: dokumentêre program oor Melbourne Cup.


**Sport**

Bl. 23 - Vrot blaaie knou die Curriebeker

## Net die grootste prys bly SA se voorste jaer ontwyk

# Kan Willie die druk verwerk?

**Willie Engelbrecht is verreweg Suid-Afrika se beste fietsryer. Hy het vanjaar sewe van die tien vernaamste beroepstitels gewen; niemand anders spog met meer as een nie. Engelbrecht kon egter nog nooit die Grote - die Rapport-Toer - wen nie. Op die vooraand van vanjaar se wedren probeer hy almal wat wil luister, oortuig dat hy nie eintlik omgee nie. TINUS HORN het hom daaroor gaan uitvra**



SUID-AFRIKA se voorste fietsryer, Willie Engelbrecht, is op die vooraand van die land se vernaamste wedren, die Rapport-Toer, glad nie opgewonde of senuagtig soos 'n mens sou verwag nie. Hy is verveeld.

"Dieselfde spanne, dieselfde gesigte in die bondel. Die Rapport-Toer het sy aantrekkingskrag vir my verloor," sê hy.

Dis moeilik om te glo. In Suid-Afrikaanse fietsry is alles anders tweede beste. Die enigste manier waarop Engelbrecht bo alle twyfel kan bewys dat hy nie sy gelyke hier ken nie, is om dié titel by al die ander te voeg.

Waarom sou hy dan anders voorgee? Dalk om die druk op hom te verlig.

Op 28 het hy nou beslis sy toppunt bereik. Iemand wat met 'n vertoningslys soos syne spog, begin die toer onder ontsaglike druk. Dit het verlede jaar beslis daartoe bygedra dat hy met 'n oorwinning wat wink, bes gegee het.

Hy het van die begin af voor gejaag, maar net toe dit wou lyk asof niks hom kon stuit nie, het hy 'n long-infeksie opgedoen en hom onttrek.

Hy erken nou dat dié probleem, wat vanjaar weer 'n keer of wat kop uitgesteek het, hom sielkundig eerder as fisies geknou het.

Dis nie 'n onbekende verskynsel dat sportmanne op die drumpel van 'n oorwinning onverklaarbaar tou opgooi nie. Die gedagte aan 'n moontlike nederlaag is te veel om te verwerk. Eerder as om dié teleurstelling in die gesig te staar, vermy hulle dit.

Engelbrecht, wat 'n paar weke gelede gesê het hy sal dalk nie aan die toer deelneem nie, bied 'n ander verklaring daarvoor: "Ek was bang dat ek myself ernstige skade sou aandoen as ek aanhou jaag wanneer my longe begin pla, maar mediese toetse het gewys daar skort eintlik niks. As dit weer toeslaan, sal ek dit beter hanteer."

Vanjaar wil hy nie weer die geel trui van die begin af dra nie, maar sy aanslag eerder vir die tweede week in die Oos-Transvaal spaar.

Bruce Fordyce se raad aan Comrades-hardlopers is om "slightly overweight and slightly undertrained" by die wegspring op te daag.

Volgens Engelbrecht sou dié benadering uitstekend vir die Rapport-Toer werk; jy ry jou in die eerste week behoorlik fiks. In die tweede week, wanneer die toer gewen en verloor word, is jy op jou beste.

"Daar is egter één probleem-pie: 'n tydtoets in Durban op die eerste dag. As ek nie 100 persent reg is daarvoor nie, kan iemand in top-vorm - soos Gary Benecke - my met soveel as 'n minuut klop, en dit haal 'n mens nie maklik in nie," sê hy.

Hy sou verkies dat iemand anders dié tydtoets wen - maar hom nie met meer as tien sekondes klop nie.

Willie besef dat die beste man nie noodwendig 'n lang toer wen nie.

"Daar is heeltemal te veel faktore wat tot die uitslag bydra. Dis nie soos atletiek, waar 'n mens 'n paar jaar gelede bo alle twyfel kon voorspel dat Johan Fourie elke myl-wedloop waarvoor hy inskryf, sou wen nie.

"Jy kan val of 'n pap wiel opdoen. En is daar nog span-strategie wat 'n uitslag kan beïnvloed."

Volgens Engelbrecht is sy span, wat deur Southern Sun en M-NET geborg word, eintlik veels te sterk.

"Daar is vyf potensiële wenners en dis natuurlik dat almal eerder self die louere wil inoes as om 'n werker te wees wat 'n spanmaat help wen."

Die spanlede help mekaar, maar Engelbrecht verwag geen voorkeur-behandeling omdat hy die span se top-jaer is nie.

"Jy sien vroeg wie jou sterkste jaer in die toer is en jy help hom. Dis geen uitgemaakte saak dat dit ek gaan wees nie."

Hy sien dan ook sy spanmaats as 'n groter bedreiging as die veteraan Robbie McIntosh, wat die Toer al vier keer gewen het, of die jong Fransie Kruger, wat 'n baie goeie jaar beleef het.

"Ek sou sê daar is 'n 99 persent-kans dat die wenner uit ons span sal kom. Ons was vanjaar heeltemal te sterk vir die res." Inderdaad. Hulle het al die belangrike titels oortuigend gewen.

Om dié rede is hy teleurgesteld oor die feit dat geen oorsese spanne vanjaar hier deelneem nie.

"Hulle was 'n onbekende faktor wat in die verlede beslis kleur aan die Toer verleen het. Sonder hulle lyk dit maar vaal."

Hy beklemtoon egter dat daar gewoonlik maar een of twee goeie oorsese jaers in die Toer was. Die res het maar net die spanne volgemaak.

Wat sal gebeur as daar op die laaste skof net 'n paar sekondes verskil is tussen Engelbrecht en, sê maar, Gary Benecke?

"Ek voel dis oneties om 'n spanmaat wat voorloop aan te val, maar dis nie spanstrategie nie. As jy vir Gary of Andrew (McLean) vra, sal hulle jou moontlik 'n ander antwoord gee."

Engelbrecht se vorm maak van hom die volslae gunsteling. Fisies is niemand beter toegerus om dié moordende wedren, wat oor 1 373km strek, te wen nie.

Al erken hy dit nie maklik nie, het hy beslis iets om te bewys.

Dit gaan tien lang dae wees.



*Oktober is bierfeesmaand. Die Johannesburgse Vlooimark en die Yard of Ale by die Mark-Teater hou môre 'n bierfees. Die Yard bedien tradisionele Duitse kos, terwyl drie verskillende orkeste musiek verskaf. (Toegang is R8). 'n Nuwe musiekgroep, Thembira Rainbow wat Anthony Stevens en Rabdiego Zwane (bo) insluit, speel die aand. Die vlooimark se mense versier hul stalletjies spesiaal*

*Die Mark-Teater soek akteurs jonger as twaalf jaar oud om die rol van Douglas Gresham in die drama 'Shadowlands' te vertolk. Die regisseur Janice Honeyman hou vandag van 2nm tot 4.30nm die oudisie. Belangstellendes moet voorberei kom met 'n oudisie-stuk en moet 'n Amerikaanse aksent kan handhaaf. Tel: (011) 832-1641*

*Die SA Jeugkongres hou vanaand om 7.30nm in die Wits Students Union 'n jol. Bright Blue, Umkhonto ka Shaka en Mzwakhe Mbuli tree op. Toegang is R5*

## 702's Stan Katz on radio trends

RADIO 702 General Manager Stan Katz says the romance between the American radio and the youth is over.

He has returned from the National Association of Broadcasters Convention in Boston where he received a Best Station Video Award for 1990 on behalf of 702.

He says the seminar, which was conducted by a famous US market researcher, addressed the worldwide trend towards servicing the older and more affluent demographic groups.

"This is the market with the highest disposable income and one that 702 identified and has successfully served for the past two years," said Katz.

"The trend is also reflected in the latest USA radio ratings, which reveals an adult daily national audience. Other formats to which adults listen but which are not classified as adult per se - for example country and Spanish - also hold significant shares."


According to Katz, the tide of American sentiment towards South African society is extremely positive.

"There is a lot of interest in development here, and significant concern about the difficulties of transition," he concluded.

**- *PHINEUS TSHUKUDU***

MENSE WAT NOG IN VRYDAG! SE TWEETALIGE KUNSBYLAAG - DIT VERSKYN VOLGENDE VRYDAG (26 OKTOBER) - WIL ADVERTEER

BEL LOUWRINS BY (011) 836-2151



# Arnie doen 'n love scene

DIE duurste rolprent wat nog ooit gemaak is, begin vandag draai. Die vervaardigers swyg oor die prys, maar daar is berig dat "Total Recall" hier by die 80 miljoen dollar gekos het.

En baie mense sê dis die walglikste prent wat hulle nog ooit gesien het. Die sensors het dit ook nie juis vermaaklik gevind nie. Eers is die prent verbied. Ná 'n appèl is 'n ouderdomsperk van 2 tot 19 opgelê en vir die eerste keer in Ster-Kinekor se geskiedenis het die sensors daarop aangedring dat 'n geskrewe waarskuwing - dat die prent gewelddadig is - alle reklame en lokprente vergesel.

Nouja, dalk kon 'n mens 'n oor-gewelddadige futuristiese aksie-avontuur met Arnold Schwarzenegger - dis toevallig die eerste keer dat Arnie die geleentheid gegun word om 'n gevoelvolle love scene te doen - in die hoofrol verontagsaam.

Ek praat seker uit my beurt uit, want ek het die prent nog nie gesien nie: die regisseur is 'n produk van die Tweede Wêreld-oorlog. Sy verbeelding is deurtrek van gewelddadige beelde en dit maak my nuuskierig.

Die Nederlandse skokmeister, Paul Verhoeven, is alombekend vir "RoboCop", maar sy begrip van geweld is deeglik in die werklikheid gegrond. Sy vroeë prente sluit in "Soldier of Orange" (oor die ondergrondse beweging in Nederland), "Spetters" en die film noir-skokprent "Die Vierde Man". Gebore in Amsterdam, het Verhoeven 'n doktorsgraad in wiskunde en fisika. Sy laaste Europese prent was "Vlees + Bloed", 'n brutale uitbeelding van die lewe tydens die Middeleeue.

Verhoeven het van tussen die ouderdom van twee en vyf in Den Haag, die middelpunt van Duits-besette Nederland, gewoon. "They were bombing continuously. I remember sitting at the table with my parents having dinner, and whole windows would blow in our face, because there's a bomb in the next house. Exactly like in the movies. You're sitting there - it's a special-effects shot - and you look up, and you see the house right in front of you in flames," sê Verhoeven in 'n onderhoud met die Amerikaanse rolprenttydskrif "Premiere".

"My brain has been involved with violence when I was a kid so much that when I close my eyes, I see burning houses. In fact, I have no protection against violence in my brains. When I start to read a scene about violence, it's like a nightmare, and I can really see it evolving."

Verhoeven praat só in die persnotas oor "Total Recall": "Die verhaal is wetenskapfiksie omdat dit in die toekoms afspeel en speel deels af op die planeet Mars, wat deur aardbewoners gekoloniseer is en misbruik word. Dis 'n aksie-avontuurprent omdat 'n man gejag word deur iets in sy brein wat hy vergeet het. Tog is dit 'n realistiese verhaal, wat dit 'n dieper psigologiese verwikkeldheid verleen.

"Dis 'n ander soort futurisme, nie 'Blade Runner' nie, nie 'RoboCop' nie. Dis 'n bietjie Albert Speer." (Speer was die argitek van die Derde Reich.) Die Aardtonele is in 'n "brutalistiese", neo-Aztek-styl militêre akademie buite Mexico City verfilm. Vir die Mars-tonele het die produksie-ontwerpers elemente van NASA se geprojekteerde Mars-vestigings geïnkorporeer.

Schwarzenegger speel 'n gewone werker in Amerika wat deur beelde van 'n vorige lewe op Mars, die "oorlogplaneet", geteister word. Verhoeven stel intens belang in die psigose wat in só 'n geval sou ontstaan. "Total Recall" is gegrond op 'n kortverhaal van Phillip K Dick getiteld "We Can Remember It for You Wholesale".

**- *ANDREA VINASSA***

# Vleisbraai suffer want mense kannie

Fynproe

NETTIE PIKEUR

OOR 'n tjop en 'n stukkie brood peins ons nou die dag weer oor braai. Vleisbraai het 'n slegte naam gekry, nie vanweë boerehaat of omdat vleis kapitalisties is of oor sunny skies en te veel bier nie. Nee, braai suffer weens slegte publisiteit omdat die meeste mense nie kan vleisbraai nie.

Boonop dink baie mense 'n hoop vleis op jou bord, drie of vier verskillende soorte, plus 'n stuk vet wors, is die toppunt van braaiplesier. Well, forget it. Overdaad is 'n ou, uitgediende konsep as dit by gasvryheid kom. Basta.

Amerikaners braai nogal lekker. Hulle doen dit anders, en die groot voorstander daar was altyd James Beard, nou saliger. Die vet omie met sy kaalkop was 'n ware lekkerbek, het genotvolle geselsboeke oor kos geskryf, en was ook 'n TV-ster. (Veel eerder sou ek 'n ware kospersoonlikheid soos Dine van Zyl of Peter Veldsman as TV-ster sien as daai oorbeligte aanbieders.)

In sy glorious boek "Delights and Prejudices" (uit druk en goud werd) gaan James Beard met smaak aan oor braai. Hy stel die wonderlike hoenderstukke hieronder voor, met Kaukasiese sous.

Hy vertel ook hoe braai - barbecue, mos - vir die eerte keer deur Franse setlaars in Louisiana aan die plaaslike Amerikaners voorgestel is. Die oorspronklike idee was om 'n groot groep mense buite te onthaal deur 'n hele dier te braai - de barbe a queue, van baard tot stert - wat ons vandag as 'n skaapbraai ken.

Dié verduideliking van barbecue klink vir my die waarskynlikste.

Marinades doen wondere vir braai-stukke. Dit gee geur, en ruik boonop so lekker dat jy staan en kwyl voor die vuur. Bly om hemelsnaam net weg van bottelsous - maak jou eie, so proe-proe, soos dié een: Meng die sap van 'n halwe suurlemoen, een teelepel sojasous, en 'n stukkie vars gemmer so groot soos jou duim, fyngekap. Smeer oor steak of hoender so 'n uur of wat voor julle braai.

Onthou ook om chipolata-worsies byderhand te hou om vinnig te braai terwyl die kinders honger word. Hou mosterd byderhand om in te doop.

Tamatieslaai is nogal 'n moet by somerbraai. Maak die keer dik skywe op 'n mooi plat bord, en meng wit jogurt met stukke feta om bo-oor te gooi.

Ek sien Woollies bemark deesdae die mengsel, maar dis nou lafgeit om dit klaargemaak te koop. Die sousie is besonder lekker op komkommer, of fris jong zucchini, en selfs heel klein aartappeltjies.

### *Nou vir James Beard se hoenderbraai*

Meng goed: 'n Halwe koppie olyfolie, drie huisies knoffel, 'n tikkie tiemie, 'n bietjie paprika en Tabasco, en vryf 'n klomp hoenderstukke goed hiermee in.

Vir die sous: Nog knoffel, twee middelslag uie en ses tot agt droë appelkose. Meng tot heeltemal fyn in die Magimix met 'n koppie vars tamatiesous, nog olie. Tabasco en sout en peper.

Giet die sous oor die gaar hoenders.

Slaai is nie eintlik 'n noodsaaklike deel van braaigedoentes nie, maar 'n lekker slaaisous is onmisbaar. Dit kan oor blare gedrup word, of gebruik word as general seasoning op brood of aartappels-in-foelie.

### *Groen sous*

Maak 'n koppievol vinaigrettesous met driekwartkoppie olyfolie, (of half om half olyf en sonneblom), een derde asyn of suurlemoen, sout, peper en 'n tikkie mosterdpoeier. Meng goed, en snipper nou by soveel groen kruie as jy kan kry om die sous baie dik te maak: Dragon, pietersielie, oreganum of marjolein, tiemie en roosmaryn. Veral roosmaryn is lekker hierin want die harde takke lê en marineer sodat hulle sag word.

Meng die kruiesous goed en laat staan vir ten minste 'n halfuur.

Moenie trappers vergeet nie! sê die kinders. Dis hulle naam vir toebroodjies oftewel samies wat hulle oor die vuur braai. Winkel-witbrood, rou uieringe, tamatieskywe en snytjies kaas is die vulsel, en dan bind jy die hele samie aanmekaar met garing.

Braai stadig eenkant oor die vuur tot die kaas begin smelt ... Ongelooflik lekker - die rooster maak sulke oulike crisscross-patrone.

Trappers is vullend en 'n uitstekende standby vir wanneer mense onverwags inval en daar's nie genoeg vleis nie. Soos dikwels met 'n braai.

Ons oorle pa was tog so so lief vir 'n laatmiddagvuur. Vir wat vermors ons die steeds gloeiende kole? wou hy altyd weet. En terwyl almal in die koelte sit en verder wyn drink, dwaal pa in die kombuis rond op soek na iets om te braai op die koelerige kole. 'n Stukkie vis, 'n ou vergete duim wors, enigiets. Pa kon sampioene so braai.

Hiervoor benodig jy rêrig 'n laatmiddagvuur. Wie die sampioene gaan eet, weet nugter, maar die plesier daarvan ...

Jy neem van daardie diep rooi bruines. Maak 'n sousie soos vinaigrette, maar met meer olie, en slegs suurlemoen. Plaas die sampioene rugkant ondertoe op die rooster en drup versigtig 'n poeletjie sous binne-in. Braai stadig tot die sampioen alles opgesuig het, en nog nie verskrompel is nie. As die vuur koel is, is foelie nie nodig nie.

Eet op met daardie korsies brood wat die kinders eenkant gelos het.

En om te drink? Sangria is omtrent die beste drankie by 'n braai: Gooi 'n mooi beker halfvol ligte rooi wyn, en voeg by die sap van so vier lemoene, 'n bietjie suiker, 'n paar kruisementblare en dan 'n skoot of twee sodawater om te verdun.



*Sakhile boer vooruit: die musiekgroep vier hul tiende bestaansjaar met 'n seisoen in die Mark-Teater (7 tot 24 November) en op Stellenbosch by die Libertas-Amfiteater (13, 14 en 15 Desember). Dis nou na hulle vandag en môre in Luanda, Angola opgetree het. Om die koek is Simon Mosikidi, Sipho Gumede, Jabu Nkosi, Mabe Thobejane, Khaya Mahalangu en Bheki Juunen*

# Chardonnays vervolg

*BJ LANKWARDEN bespreek Sam Hackney se wynproe*

OP die Hackney-wynproe in Sandton is 8 chardonnays blind voorgesit waarvan ek laasweek 4 bespreek het. Vandeesweek bespreek ek die oorblywende wyne.

Wyn 5. Dié wyn het 'n ryk oordadige goue kleur, byna asof 'n tikkie edelvrot ingekruip het. Die neus was gereserveerd-klassiek - haselneut en gebotterde roosterbrood.

Die smaak het 'n vol ryk wyn vertoon met 'n byna heuningrige afronding. Nie dat dit soet was nie, gladnie, maar die rykheid van hierdie wyn maak dit 'n perfekte bottel vir die private eetkamers in die finansiële gebiede van Johannesburg. 'n Massiewe wyn, waarvan jy nie teveel op 'n slag kan drink nie. 15,8/20

Wyn 6 het 'n lieflike strooikleur gehad, maar nie te bleek nie. Bietjie van 'n skaam, kort maar aantreklike botterkaramelneus. Die smaak was bykans bruisend. Die prikkel-effek op jou tong kan jou aandag aflei, en party sal dit as 'n mindere fout beskou, maar hier het dit verdwyn nadat die wyn 'n bietjie geswaai is. Die wyn het 'n baie vars jong smaak gehad met goeie suurgehalte en 'n dralende nasmaak. Vir my kon dit 'n mindere wit boergonje gewees het, maar ek het gewonder waarom Sam so 'n wyn tussen hierdie belangrike wyne geplaas het. 15,3/20


(Onthou die wyne is blind voorgesit.)

Wyn 7 het dadelik die antwoord gegee. Die kleur was absoluut perfekte ligte lemmetjie-strooi. Die neus het 'n verwikkeldheid vertoon wat nie by die vorige wyne teenwoordig was nie en die balans tussen die vrugte en alkohol net reg.

Die smaak het iets anders duidelik gewys, so goed as wat al die ander wyne was, kon nie een hier kers vashou nie - duidelik 'n grootse boergonje. Jy voel byna om jou hoed af te haal, het jy een op gehad. Grootse klassieke chardonnay, van een van die beste wingerde, 'n grand cru, ongetwyfeld. 19/20

Wyn 8 het miskien swaar gehad weens die wonderlike nr 7. Die kleur was baie bleek, tog was daar 'n ouerige neus. 'n Vreemde waarneming. Die neus was dié van 'n ander soort chardonnay, nie so maklik na die vorige wyn nie. Smaak het dié wyn gered - heerlike en drinkbaar. 'n Mens het weer gaan haal. Meer as een keer. Die smaak het heeltyd verander. Verbeter. Tropiese vrugte. Goeie, skoon nasmaak. 16,5/20

Na die tyd toe die bottels onthul is, het dit onder meer duidelik geblyk Suid-Afrika is daar onder die nuwe chardonnay-vervaardigers van die wêreld. Ook het geblyk dat wanneer een van die grootste wynmakers 'n wyn maak, dit van die beste is.



# Die wyne

**1. 1989 Louisvale Chardonnay (SA)**
**2. 1989 Meerlust Chardonnay (SA)**
**3. 1988 Rossj Bass Chardonnay - Gaja (Italië)**
**4. 1987 Milmanda Chardonnay - Miguel Torres (Spanje)**
**5. 1987 Hungerford Hill Chardonnay (Australië)**
**6. 1987 Kumeo River Chardonnay (Nieu-Seeland)**
**7. 1986 Corton Charlemange - Joseph Drouhin (Frankryk)**
**8. 1985 Flora Springs Chardonnay (Kalifornië, VSA)**

# DIE WEEK SE TV

## VRYDAG 19

*TV1*
5.15 Larry King
6.00 Goeie Môre SA
8.25 Health Week
1.00 Headline News
1.30 Business Day
2.30 Opvoedkundig
3.00 The Best Is Yet To Come
3.30 Raccoons
4.00 Bible Story
4.05 Santa Barbara
4.30 Another Life
5.00 Grapevine
5.15 Fast Forward
5.45 News
6.00 TopSport
7.05 Star Trek
8.00 Nuus
8.45 Police File
9.00 Nagloper
9.55 Die nuwe lid vir Illinois
10.55 Misdaadjoernaal
11.50 Oordenking

*TV2/3*
4.13 Romeo and Juliet
5.57 Harold Lloydd's World of Comedy
6.27 Epilogue
6.30 In-depth programme
6.45 News
7.16 Shoppers Surprise
8.01 Video Juke Box
8.45 News

*TV4*
5.00 Topsport
9.04 Death of a Centrefold
11.29 MASH
12.03 Muzik a la Carte

*M-NET*
10.30 Out of Africa
3.00 Zoobilee Zoo
3.25 The Smurfs
3.50 Starcom
4.15 The Super Mario Bros
4.40 Eko-boffins
5.00 Hot Hits
5.55 Jake's Fitness Minute
Oop Tyd
6.00 Loving
6.27 Hyperama Price-Busters
6.30 The World of National Panasonic
Intekenare
7.00 The Hillside Stranglers
8.45 Earthfile
8.50 In Shape '90 Health Club Challenge, Tygervallei, Kaapstad
9.00 The Dead Pool
10.35 Fietsry
12.00 Volunteers
1.40 Goldfinger

## SATERDAG 20

*TV1*
5.57 Oggendboodskap
6.00 Daar's hoop
6.30 Landbou
7.00 Goeiemôre SA
9.00 Opvoedkundig
11.00 Oskapades
11.10 Die Waaghals
12.00 TopSport
6.00 Nuus
6.15 Kompas
6.20 Wiesewysie
7.05 Hardcastle en McCormick
8.00 News
8.35 Men
9.30 20,000 Leagues Under the Sea
11.40 Angelo Branduardi in Concert
12.20 Epilogue

*TV2/3*
11.00 Opvoedkundige programme
3.00 TopSport
6.27 Epilogue
6.30 News
7.01 Speletjieprogram
8.00 Top 20

*TV4*
6.00 Mr Belvedere
9.03 Skattejag
10.01 Murphy Brown
10.22 Sonny Spoon
11.14 After Hours
11.54 TopSport

*M-NET*
7.00 K-TV
11.00 Roses Are For The Rich
2.00 Rugby
2.30 Motorsport News
3.00 The World of National Panasonic
4.00 Sokker
5.45 Mud and Glory
Oop Tyd
6.00 The People Next Door
6.30 Three's Company
Intekenare
7.00 Miracles
8.40 60 Minutes: 91 Not Out
9.00 Seeking Air
10.00 Carly Simon
11.00 Hot Hits
12.00 Against All Odds
2.00 The Dirty Dozen

## SONDAG 21

*TV1*
5.45 TopSport
11.30 Eduspektrum
12.30 The Joy of Music
1.00 Tao Tao
1.30 ZETI
1.40 Chip 'n Dale
2.05 Earth Star Voyager
2.50 Die Waltons
3.45 Collage
4.40 Beyond 2000
5.30 Impetus
5.50 Kruis en Kroniek
6.25 Skat in Kleipotte
6.40 Met Woord en Lied
7.00 50/50
8.00 News
9.00 Samson and Delilah
10.30 A Look At The Book

*TV2*
12.01 TopSport
5.57 National Geographic Explorer
6.30 Nuus
6.45 In-depth Programme
7.01 Imibono
7.21 Koormusiek
7.50 Masakhane
8.10 Masimdumise

*TV3*
12.01 TopSport
5.57 Terasse
6.30 Nuus
6.45 In-depth programme
7.01 Mahlasedi a Tumelo
7.50 Koormusiek
8.40 Le Reng?

*TV4*
10.00 Impressions
12.01 TopSport
9.04 Bachelor in Paradise
10.57 On Tour With Steve Hofmeyer & Cinema
12.02 TV4 Sport

*M-NET*
7.00 Indiese programme
10.30 Portugese programme
Intekenare
1.30 Sylvanian Families
2.00 Mac and Mutley
2.30 The Adventurer
3.00 American Flyers
5.00 Worls Environment Day Special
Oop Tyd
6.00 China Beach
Intekenare
7.00 Carte Blanche
8.00 Wild Wild World of Animals
8.30 Frantic
10.00 Tennis

## MAANDAG 22

*TV1*
5.15 Larry King
6.00 Goeie Môre SA
8.25 Showbiz
1.00 Headline News
1.30 Business Day
2.30 Teleschool
3.00 Educational
3.30 Hattie Town
3.45 Pumpkin Patch
4.00 Bible Story
4.05 Santa Barbara
4.30 Webster
5.00 Innovations
5.15 Lassie
5.45 News
6.00 Antenna
7.00 Major Dad
7.30 The March of Time
8.00 Nuus
9.00 TopSport
10.00 Beste Professor
10.50 Die Vlieënde Hollander
11.55 Oordenking

*TV2*
4.13 Cedric the Crow
4.25 Disney
5.57 Care Bears
6.27 Epilogue
6.30 In-depth programme
6.45 News
7.16 Police File
7.45 Drama
8.15 Video Releases
8.45 Nuus

*TV3*
4.13 Cedric the Crow
4.25 Disney
5.57 Kickers
6.27 Epilogue

# Hoogtepunte

**Vandag:**
"Volunteers" om middernag op M-Net is ligte vermaak in tipiese Tom Hanks-tradisie, propvol onmoontlike klugtige situasies en baie misverstande.

**Saterdag:**
"Vir dié wat nog nie "Roses are for the Rich" gesien het nie, 'n romantiese spanningsverhaal met mooi, wel bedeelde, verbitterde weduwees, ryk ou mans en wraak-episodes 1 en 2 word vanoggend om 11vm. op M-Net herhaal, met die slot-episodes aanstaande Saterdagoggend.
"Murphy Brown" om 10:01nm. op TV4 bied 'n lag met 'n byt.

**Sondag:**
"Bachelor in Paradise" om 9.04nm. op TV4 wys hoe Bob Hope 'n alleenloperbestaan voer in 'n splinternuwe meenthuis-kompleks.
"China Beach" om 61nm. op M-Net, die beste dramareeks van die week.

**Maandag:**
"Head of the Class" begin weer om 9.03nm. op TV4 en skets op 'n komiese manier die wel en wee van 'n klas super-slimmes. Howard Hesseman is hul soms minder simpatieke onderwyser.
"Out of Africa" om 7nm. op M-Net is die onvergeetlike Oscar-bekroonde verhaal van die Deense skrywer Karen Blixen, met Meryl Streep in die naamrol.

**Dinsdag:**
"The Bay Boy" om 9.04nm. op TV4 is die pragtige verhaal van 'n jong seun (Kiefer Sutherland) op 'n Kanadese kusdorpie wat gekonfronteer word met grootword en 'n moord. Liv Ullman speel sy ma.

**Woensdag:**
"Die eerste episode van "The Allen Years", 'n romantiese mini-reeks wat in Australië afspeel ten tyde van die groot depressie, word om 9.04nm. op TV4 vertoon.
"Op M-Net begin die mini-reeks "Eagle's Nest" om 9nm., wat kyk na die gebeure rondom Hitler se gruwel-besluit oor die sogenaamde "Joodse vraagstuk".

6.30 News
7.00 In-depth programme
7.16 Police File
7.45 After 8
8.15 Gospel music
8.45 News

*TV4*
5.00 Capitol
5.30 The Bold and the Beautiful
9.03 Head of the Class
9.31 Wiseguy
10.23 Unsolved Mysteries
11.16 Dirty Dancing

*M-NET*
10.30 The Fourth Protocol
3.00 Zoobilee Zoo
3.25 The Smurfs
3.50 Fantastic Max
4.15 The Super Mario Bros Super Show
4.40 Dennis the Menace
5.05 Teenage Mutant Hero Turtles
5.30 Tell Me Why
5.35 Bush Beat
5.55 Jake's Fitness Minute
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Dr Ferdinand's Diary
Intekenare
7.00 Out of Africa
9.40 Teachers
11.20 At Close Range

## DINSDAG 23

*TV1*
5.15 Larry King
6.00 Goeie Môre SA
8.25 Science and Technology
1.00 Headline News
1.30 Business Day
2.30 Teleskool
3.00 Opvoedkundig
3.30 Professor Fossie
3.45 Wielie Walie
4.00 Rustelose jare
5.00 As die eeu draai
5.15 Super-Snuiters
5.45 Nuus
6.00 Kompas
6.05 Antenne
7.00 Orkney snork nie
7.30 Op spore na môre
8.00 News
9.00 Dallas
10.00 The Golden Girls
10.30 No Jacket Required
11.00 University of the Air
11.50 Evening Prayer
11.55 TopSport Fietsry

*TV2*
4.13 Cedric the Crow
4.25 On the Move
4.36 Cross Over
4.52 Healthy Living
5.57 Centurions
6.27 Epilogue
6.30 In-depth programme
7.16 Tydskrifprogram
8.15 Gospel music
8.45 News

*TV3*
4.13 Cedric the Crow
4.25 On the Move
4.36 Cross Over
4.52 Healthy Living
5.57 Ke Bophelo
6.27 Epilogue
6.30 News
7.00 In-depth pfogramme
7.16 Tradisionele musiek
7.40 Bosolla Kgwala
8.20 Video Releases
8.45 News

*TV4*
5.00 Capitol
5.30 The Bold and the Beautiful
9.04 The Bay Boy
10.51 Doogie Howser MD
11.17 Paradise

*M-NET*
10.30 Kidco
3.00 Zoobilee Zoo
3.25 The Smurfs
3.50 Fantastic Max
4.15 The Super Mario Bros Super Show
4.40 Dennis the Menace
5.05 Teenage Mutant Hero Turtles
5.30 Tell Me Why
5.35 The New Archies
17.55 Jake's Fitness Minute
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 The Hogan Family
Intekenare
7.00 Skin Game
8.50 Earthfile
9.00 Twilight Zone
9.30 Hitchhiker
10.00 Sokker
11.00 Goldfinger

## WOENSDAG 24

*TV1*
5.15 Larry King
6.00 Goeie Môre SA
8.25 Style
1.00 Headline News
1.30 Business Day
2.30 Teleschool
3.00 Opvoedkundige programme
3.30 The Adventures of Teddy Ruxpin
4.00 Bible Story
4.05 Santa Barbara
4.30 Growing Pains
5.00 Innovations
5.15 Zapmag
5.45 News
6.00 Antenna
7.00 Telly Fun Quiz
7.30 The Ropers
8.00 Nuus
9.00 Die Guldenburgs
10.00 Diegene wat agterbly
10.55 Oordenking

*TV2*
4.13 Cedric the Crow
4.25 Training and development
5.57 Izihlabathi Ziyagqibana
6.27 Epilogue
6.30 In-depth programme
6.45 News
7.16 Tradisionele musiek
7.45 Akukho Nkwal' Iphandel 'Enye
8.15 Pick a Box
8.45 News

*TV3*
4.13 Cedric the Crow
4.25 Training and Development
5.57 Cadichon
6.27 Epilogue
6.30 News
7.00 In-depth programme
7.16 Gold Disc
7.45 Ntome Tsebe
8.45 News

*TV4*
5.00 Capitol
5.30 The Bold and the Beautiful
9.04 The Alien Years
10.09 Night Court
10.36 Vir vrou en vaderland

*M-NET*
10.30 Volunteers
12.15 Healthfile
12.20 60 Minutes: Underground Currency
3.00 Zoobilee Zoo
3.25 The Smurfs
3.50 Sport-Billy
4.15 The Super Mario Bros Super Show
4.40 Dennis the Menace
5.05 Teenage Mutant Hero Turtles
5.30 Tell Me Why
5.35 The New Generation
5.55 Jake's Fitness Minute
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Dear John
Intekenare
7.00 War and Love
9.00 Eagle's Nest
10.40 Perdewedren
11.40 Miracles

## DONDERDAG 25

*TV1*
5.15 Larry King
6.00 Goeie Môre SA
8.25 Future Watch
1.00 Headline News
1.30 Business Day
2.30 Teleskool
3.00 Opvoedkundig: Mina Moe; Honderd Meesterwerke; Cedric the crow
3.30 Mofli
4.00 Rustelose jare
5.00 Tegnologie vir Voorspoed
5.15 Tekkies
5.45 Nuus
6.00 Kompas
6.05 Antenne
7.05 Plekpot
8.00 News
9.00 War and Remembrance
10.00 Three's a Crowd
10.30 Diagonal Street
11.00 Smithsonian World
11.55 Face to Face
12.05 TopSport

*TV2*
4.13 Cedric the Crow
4.25 Countries of the World
4.47 Road to Health
5.57 Kontanga
6.27 Epilogue
6.30 In-depth programme
6.45 Nuus
7.16 526
7.45 Doors
8.15 Jazz
8.45 Nuus

*TV3*
4.13 Cedric the Crow
4.25 Countries of the World
4.47 Road to Health
5.57 Dumela
6.27 Epilogue
6.30 Nuus
7.00 In-depth programme
7.16 Reka Mpo
7.45 Bophelo
8.15 Jazz
8.45 Nuus

*TV4*
5.00 Capitol
5.30 The Bold and the Beautiful
9.04 The Alien Years
10.01 Movie Focus
10.43 227
11.10 TJ Hooker
11.57 Rock 'n Roll Palace

*M-NET*
10.30 Fatal Judgement
12.10 Healthfile
12.15 Saturday Night: Robert Maplethrope
3.00 Zoobilee Zoo
3.25 The Smurfs
3.50 The Kids of Degrassi Street
4.15 The Super Mario Bros Super Show
4.40 Dennis the Menace
5.05 Teenage Mutant Hero Turtles
5.30 Tell Me Why
5.35 The New Archies
5.55 Jake's Fitness Minute
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 The Wonder Years
Intekenare
7.00 Revue Plus
8.00 48 Hours: Psychic Sceptic
9.00 Eagle's Nest
11.00 The Hillside Stranglers
12.00 Boks